

‘n Onderzoek na die bronne wat Matthias Grünewald gebruik het vir die skilder van die Isenheim-altaarstuk: Die Kruisigingstoneel

deur

Carmen Amelia Slabbert

‘n Verhandeling voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

MA: Bybel- en Godsdienskunde

in die Departement Bybel- en Godsdienskunde van die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

FAKULTEIT GEESTESWETENSKAPPE

STUDIELEIER: Prof A Groenewald

November 2014

Inhoudsopgawe

Samevatting	i
Abstract.....	iii
Verklaring.....	v
Hoofstuk 1: Inleiding.....	1
1.1 Agtergrond	1
1.2 Doel van die studie.....	2
1.3 Bydrae tot die vakgebied	2
1.4 Navorsingsbenadering.....	2
1.5 Afkortings	3
1.6 Navorsingsmetodiek.....	3
1.7 Navorsingsbeperkings	4
1.8 Skilderye wat in die navorsing gebruik is	4
1.9 Definisie van konsepte	4
Hoofstuk 2: Die lewe en werke van Matthias Grünewald	9
2.1 Inleiding.....	9
2.2 Tydlyn van Grünewald se lewe en werke.....	9
2.3 Die lewe van Matthias Grünewald	10
2.4 Werke van Matthias Grünewald.	21
2.5 Gevolgtrekking	24
Hoofstuk 3: Die Isenheim-altaarstuk	28
3.1 Inleiding.....	28
3.2 Die Isenheim-altaarstuk	29
3.3 Die Kruisigingstoneel.....	36
3.4 Gevolgtrekking	46
Hoofstuk 4: Ergotisme.....	48
4.1 Inleiding.....	48
4.2 Waarom dit ondersoek word	48

4.3 Wat is ergot?	48
4.4 Waar kom ergotisme vandaan?	49
4.5 Vorms van ergotisme	51
4.6 Die heilige Antonius se vuur	53
4.7 Gevolgtrekking	54
Hoofstuk 5: Bybelteksontleding.....	56
5.1 Inleiding.....	56
5.2 Die vier Evangelies.....	57
5.3 Agtergrond oor die Evangelie van Johannes.....	67
5.4 Gevolgtrekking	150
Hoofstuk 6: Slot.....	152
6.1 Inleiding.....	152
6.2 Gevolgtrekking	152
6.3 Voorstelle vir verdere navorsing.....	153
6.4 Die studie se beperkings	154
6.5 Gevolgtrekking	154
Bibliografie	155

Skilderye wat in die navorsing gebruik is:

Figuur 1: Matthias Grünewald	10
Figuur 2: <i>Bspotting van Jesus</i>	21
Figuur 3: Veronderstelling van die Maagd	21
Figuur 4: Isenheim- altaarstuk	22
Figuur 5: Ontmoeting van die heiliges Erasmus en Maurice	24
Figuur 6: Isenheim-altaarstuk	36
Figuur 7: Fisiese pyn.....	40
Figuur 8: Johannes en Maria	41
Figuur 9: Pyn gevisualiseer.....	44
Figuur 10: Johannes die Doper.....	45
Figuur 11: Lam van God	46

Samevatting

Die gebruik van die Bybel as inspirasie vir skilderye was baie gewild gedurende die Middeleeue. Eksterne faktore het ook baie kunstenaars se lewe beïnvloed. Matthias Grünewald is een van die kunstenaars wat die Bybel en eksterne faktore as inspirasie gebruik het.

Met hierdie studie word daar gepoog om vas te stel watter moontlike bronne die skilder, Matthias Grünewald, vir die skildery van die kruisigingstoneel van die Isenheim-altaarstuk gebruik het. Daar word ook gekyk na die lewe en werke van Grünewald.

Matthias Grünewald se lewe is net so 'n raaisel as wat die lewe van William Shakespeare was. Daar is min rekords oor sy lewe en hy het sy vrou se nooiensvan gebruik. Baie van sy werke is verkeerdelik gesien as die werke van Albrecht Dürer. Daar is twee invloede wat duidelik gesien kan word in sy werke, naamlik die invloed van Martin Luther en dié van die heilige Bridget van Swede.

Die Isenheim-altaarstuk is gesien as een van sy bekendste werke. Die Isenheim-altaarstuk is vir die Antonitiese klooster geskilder om pasiënte te bemoedig, aangesien hulle verskeie velsiektes gehad het. Baie van hierdie pasiënte was ongeletterd en, aangesien hulle nie kon lees nie, was hierdie skildery 'n poging om die pasiënte te bemoedig.

Die gekruisigde Jesus is op 'n baie grusame wyse uitgebeeld. Daar is nie probeer om die skildery meer aanloklik te laat lyk vir die mense wat dit moes sien nie, aangesien dit dan nie aanklank sou vind by hulle situasie nie.

Die siekte wat met die skildery geassosieer word, is ergotisme. Ergotisme is 'n siekte wat, as gevolg van onkunde, baie mense 'n erge dood laat sterf het. Hul

ledemate het afgeval en dit het vir sommige mense gevoel of hulle lewendig verbrand word.

Na aanleiding van vergelykings wat getref is tussen die verskillende Evangelies, kan daar met redelike sekerheid gesê word dat die Evangelie van Johannes die bron is vir die skilder van die kruisigingstoneel. Daar is simboliek in die skildery teenwoordig wat slegs in die Evangelie van Johannes te vinde is; die Evangelie van Johannes is byvoorbeeld die enigste Evangelie wat praat van die Lam van God en dat Jesus sy kop neergebuig het voor hy gesterf het.

Sleutelterme:

Matthias Grünewald, kruisiging, Isenheim-altaarstuk, Jesus, ergotisme, Antonius se vuur, Johannes 19, Johannes die Doper, kruisigingstoneel, ergotvergiftiging

Abstract

Using the Bible as inspiration for paintings was popular during the Middle Ages. External factors also influenced the artists' life. Matthias Grünewald is one of the artists inspired by the Bible and external factors.

This study attempts to determine what possible sources the painter, Matthias Grünewald, used for the painting of the crucifixion scene of the Isenheim altar. It will also look at the life and works of Matthias Grünewald.

Matthias Grünewald's life is as much a mystery as William Shakespeare's life. There are few records of his life available and he used his wife's maiden name. Many of his works have been mistaken for the works of Albrecht Dürer. There are two people whose influence can be clearly seen in his works, namely Martin Luther and St Bridget of Sweden.

The Isenheim altar piece is seen as one of his most famous works. The Isenheim altar piece was painted as a means of encouragement for the monastery of St Anthony whose patients suffered many skin diseases. Many of these patients were illiterate and, as they could not read, this painting was an attempt to encourage the patients.

The crucified Jesus is portrayed in a very gruesome way. Grünewald did not attempt to make it more appealing for people to look at because it would not have been suitable in their situation.

The disease in the painting is associated with a disease called ergotism. Ergotism is a disease that, due to ignorance, led to many people dying a horrible death. Their limbs fell off and for some people it felt like they were being burnt alive.

Based on comparisons between the different Gospels, it can be said fairly safely that the Gospel of John was used as the source for the painting of the crucifixion scene. There is symbolism present in the painting that is only available in the Gospel of John, for example: the Gospel of John is the only Gospel that speaks of the Lamb of God and that Jesus bowed His head before he died.

Key terms:

Matthias Grünewald, crucifixion, Isenheim altar piece, Jesus, ergotism, Anthony's Fire, John 19, John the Baptist, crucifixion, ergot poisoning

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

FAKULTEIT GEESTESWETENSKAPPE

NAVORSINGSVOORSTEL- EN ETIEKKOMITEE

Verklaring

Volle naam: **Carmen Amelia Slabbert**

Studentenommer: **22162489**

Graad/Kwalifikasie: **MA: Bybel- en Godsdienkunde**

Titel van proefskrif/verhandeling/mini-verhandeling: **‘n Onderzoek na die bronne wat Matthias Grünewald gebruik het vir die skilder van die Isenheim-altaarstuk: Die Kruisigingstoneel**

Ek verklaar dat hierdie proefskrif/verhandeling/mini-verhandeling my eie oorspronklike werk is. Waar sekondêre materiaal gebruik is, is dit noukeurig erken en aangedui in ooreenstemming met universiteitsvereistes.

Ek verstaan wat plagiaat beteken en is bewus van die universiteit se beleid en implikasies in hierdie verband.

Handtekening

Datum

Hoofstuk 1: Inleiding

1.1 Agtergrond

Die gebruik van die Bybel as inspirasie vir skilderye, asook die invloede wat op daardie spesifieke stadium die kunstenaar se lewe beïnvloed het, was baie gewild in die Middeleeue. Matthias Grünewald is een van die kunstenaars wat die Bybel en eksterne faktore as inspirasie gebruik het. Hy is in 1475 in Würzburg gebore.

1.1.1 Kruisigingstoneel

Die navorser het gekies om die Isenheim-altaarstuk se kruisigingstoneel te ontleed omdat die kruisiging 'n baie belangrike rol in die Christelike geloof speel; dit is die middelpunt van die Christelike geloof.

Daar is min bekend oor die lewe van Matthias Grünewald, sowel as oor die teks en invloede wat as hoofbronne vir die kruisigingstoneel gebruik is. Dit is dus moeilik om vas te stel watter bron(ne) Matthias Grünewald gebruik het vir die skilder van die Isenheim-altaarstuk en, meer spesifiek, die kruisigingstoneel.

Matthias Grünewald het die grusame kruisiging van die verkleurde, gemartelde liggaam van Jesus op 'n buitenste paneel van die Isenheim-altaarstuk geskilder. Dit is wel bekend dat die altaar opgedra is aan die heilige Antonius, wat tradisioneel verantwoordelik was vir die genesing van velsiektes. Die heilige Antonius het in 'n kloostergemeenskap se hospitaal, wat in velsiektes gespesialiseer het, gedien. Soos van die Griekse woord *sorter* of “redder/geneser” afgelei kan word, was die lydende liggaam van Jesus nie net 'n beeld van heilige openbaring nie, maar die bron van fisiese genesing. Deur te identifiseer met Matthias Grünewald se uitbeelding van Jesus se lyding, het die pasiënte en versorgers geglo dat dit die lyf en siel genees het (Morgan 1998:63).

Die middelste paneel van die Isenheim-altaarstuk toon dat hy alle oorwegings vir hierdie allesoorheersende doelstelling opgeoffer het. Van skoonheid, soos die Italiaanse kunstenaars dit verstaan het, is daar in hierdie strak, wrede skildery van die gekruisigde Jesus geen teken nie. Soos 'n prediker gedurende die lydenstyd het Matthias Grünewald niks ongedaan gelaat om aan ons die afgrysligheid van hierdie lydenstafereel te wys nie. Jesus se sterwende liggaam is deur die marteling van die kruis verwring en die dorings van die gesels steek nog in die etterende wonde wat die hele gestalte bedek (Gombrich 1958:257).

1.2 Doel van die studie

Hierdie navorsing se hoofdoelwit is om te probeer vasstel watter teks Matthias Grünewald as bron vir die skilder van die Isenheim-altaarstuk se kruisigingstoneel gebruik het. Die navorsing sal die hoofdoelwit bereik deur:

- die lewe en werke van Matthias Grünewald te bespreek;
- die Isenheim-altaarstuk se kruisigingstoneel te beskryf;
- die siekte ergotisme te verduidelik; en
- die Bybelteks wat gebruik is te ontleed.

1.3 Bydrae tot die vakgebied

Hierdie navorsing lig die oorsprong van hierdie kunswerk uit en gee meer insig daarin. Derhalwe gun hierdie kunswerk die internasionale gemeenskap die geleentheid om nuwe interpretasies oor hierdie stuk, in die konteks waarin hierdie skrywe dit plaas, te vorm.

1.4 Navorsingsbenadering

In hierdie studie is 'n literatuurstudie as die mees doeltreffende manier om inligting vir data-analise bymekaar te maak, geïdentifiseer. Ten einde 'n holistiese gevolgtrekking te maak, is daar na 'n verskeidenheid bronne uit 'n paar Christelike denominasies en dogmatiese leerskole gekyk.

1.5 Afkortings

Gen.	–	Genesis
Eks.	–	Eksodus
Num.	–	Numeri
Deut.	–	Deuteronomium
Jes.	–	Jesaja
Jer.	–	Jeremia
Eseg.	–	Esegiël
Sag.	–	Sagaria
Mat.	–	Matteus
Mark.	–	Markus
Luk.	–	Lukas
Joh.	–	Johannes

1.6 Navorsingsmetodiek

Ten einde die navorsing se doelwitte te bereik, gaan 'n literatuurstudie van die lewe en werke van Matthias Grünewald onderneem word.

1.6.1 Die volgende aksies word beoog:

- 'n Oorsig van die lewe en werke van Matthias Grünewald om die eksterne invloede op sy werke te bepaal.
- 'n Ontleding van die Isenheim-altaarstuk se kruisigingstoneel, wat tans in die Unterlinden Museum in Kolmar, Frankryk, is. Dit gaan verduidelik word aan die hand van kunshistorici se sienings.
- 'n Ontleding van die siekte ergotisme en die invloed daarvan op die uitbeelding van Jesus se liggaam. Die navorsing sal ook ondersoek waarom Matthias Grünewald hierdie siekte as verwysingsraamwerk gebruik het.
- 'n Ondersoek na watter Bybelteks Matthias Grünewald as die bron van die skildery gebruik het. Daar gaan primêr sinkronies na die teks gekyk word.

Daar gaan na die teks gekyk word soos wat dit in 'n vertaalde Bybel geskryf is. Daarna sal daar diakronies na die oorsprong van die teks gekyk word.

1.7 Navorsingsbeperkings

Aangesien dit moeilik is om name van mense te vertaal, word die name behou soos wat dit in die bronne beskikbaar is.

Die beskikbaarheid van bronne was ook 'n struikelblok, aangesien die meeste van die bronne slegs in Duits beskikbaar is. Daar is egter baie bronne op die internet beskikbaar.

1.8 Skilderye wat in die navorsing gebruik is

Figuur 1: Matthias Grünewald

Figuur 2: *Bespotting van Jesus*

Figuur 3: Veronderstelling van die Maagd

Figuur 4: Isenheim- altaarstuk

Figuur 5: Ontmoeting van die heiliges Erasmus en Maurice

Figuur 6: Isenheim-altaarstuk

Figuur 7: Fisiese pyn

Figuur 8: Johannes en Maria

Figuur 9: Pyn gevisualiseer

Figuur 10: Johannes die Doper

Figuur 11: Lam van God

1.9 Definisie van konsepte

1.9.1 Tradisionele altaarstuk

'n Altaar is enige struktuur waarop aanbiedinge soos offerandes gemaak word vir godsdienstige doeleindes. Altare word meestal in tempels, kerke en ander plekke van aanbidding aangetref (Wikipedia 2014a:par. 1).

'n Altaar is 'n verhewe en gewyde plek wat in eredienste van verskillende godsdienste gebruik word. Dit kan baie verskillende vorms aanneem, insluitend

'n tafel aan die voorkant van 'n kerk of 'n heiligdom wat binne die mure van 'n tempel gebou is. Voorwerpe van spesifieke godsdienstige belang word dikwels daar bewaar. Gedurende die godsdienstige seremonie slaan die gelowiges die altaar, asook die godsdienstige leier wat die seremonie lei, gade (McMahon 2014:par. 1).

Die altaar het 'n lang geskiedenis. Baie van die vroeë godsdienste het altare vir hulle offerandes gebruik en die tradisie is later deur ander godsdienste en gelowiges aangeneem. Voorbeelde van vroeë altare word in museums regoor die wêreld aangetref. Baie van die altare het groewe of kanale vir bloed en wyn, wat daarop dui dat dit gebruik is vir offerandes van diere. Hierdie offerandes sou ook ander kosse, soos brood en vrugte, insluit (McMahon 2014:par. 2).

1.9.2 Isenheim-altaarstuk

Die Isenheim-altaarstuk bevat beeldhouwerk en skilderye van Niclaus van Hagenau en Matthias Grünewald (Duitse kunstenaars) wat tussen 1512 en 1516 geskep is. Dit word uitgestal in die Unterlinden Museum in die dorpie Kolmar, wat deel is van Frankryk se Elzas-streek. Dit word as Matthias Grünewald se grootste en beste werk beskou. Die stuk is vir die heilige Antonieklooster in Isenheim, naby Kolmar, geskilder. Die klooster het in hospitaalwerk gespesialiseer. Die Antonitiese monnike van die klooster was bekend vir die versorging van mense wat aan plae, sowel as velsiektes, soos ergotisme, gely het. Die gekruisigde Christus word in die altaarstuk met plaagtipe sere uitgebeeld, wat daarop wys dat Jesus hierdie mense lyding verstaan en gedeel het (Wikipedia 2014b:par. 1).

1.9.3 Sinkroniese insigte

Sinkroniese studies of ontleding word tot 'n spesifieke oomblik in tyd beperk (University of Washington n.d.:par 1). 'n Sinkroniese benadering ontleed 'n bepaalde verskynsel op 'n gegewe, vaste punt in tyd. Dit poog nie om afleidings oor die vordering van die gebeure wat bygedra het tot die huidige stand te maak

nie, maar poog slegs om die struktuur van die gebeure, soos dit is, te ontleed (Saeroblinca 2008:par. 2).

1.9.4 Diakroniese insigte

'n Diakroniese studie of analise handel oor die evolusie en verandering oor 'n tydperk van dit wat bestudeer word. Dit word rofweg gesien as 'n historiese studie (University of Washington n.d.:par. 1). 'n Diakroniese benadering ontleed dus die ontwikkeling van iets oortyd heen, sodat daar bepaal kan word hoe dit iets in die geskiedenis verander. 'n Mens gebruik hierdie benadering om die gevolge van die verandering op iets te ontleed (Saeroblinca 2008:par. 1).

1.9.5 Kunststyl van die Renaissance

Renaissancistiese kuns, skilderye, beeldhouwerk, argitektuur, musiek en literatuur is gedurende die 14de, 15de en 16de eeu in Europa geproduseer. Hierdie werke is deur 'n vermeerderde bewuswording van die natuur, 'n herlewing van klassieke leringe en 'n meer individualistiese siening van mense beïnvloed. Navorsers glo nie meer dat die Renaissance gekenmerk is deur 'n skielike skeiding van Middeleeuse waardes, soos wat die Franse woord "Renaissance" (wat "hergeboorte" beteken) voorgestel het nie. Historiese bronne dui daarop dat die belangstelling in die natuur, die humanistiese leer en individualisme reeds in die laat Middeleeuse tydperk teenwoordig was en dit het oorheersend in die 15de en 16de eeue saam met die sosiale en ekonomiese verandering in Italië begin (Encyclopedia Britannica 2013:par. 1).

Die tabel hieronder lys die karaktereienskappe van Middeleeuse en Renaissance-kuns.

Middeleeuse kuns	Renaissance-kuns
<ul style="list-style-type: none"> • Godsdienstige onderwerpe • Belangrike figure word groter as die 	<ul style="list-style-type: none"> • Kunstenaars het godsdienstige en nie-godsdienstige temas geskilder

<p>ander rondom hulle uitgebeeld</p> <ul style="list-style-type: none"> • Figure lyk styf, met min gevoel van beweging • Figure is ten volle geklee • Gesigte was ernstig, met min emosie • Dit was twee-dimensioneel • Agtergronde was effekleurig 	<ul style="list-style-type: none"> • Kuns weerspieël 'n groot belangstelling in die natuur • Figure is lewensgetrou en drie-dimensioneel, wat 'n toename in die kennis van die menslike anatomie weerspieël • Figure was aktief en hulle het beweging getoon • Figure was naak of geklee • Gesigte het weerspieël wat die mense gedink het • Kleure wat gewys word “reageer” op lig (bv. skadu's) • Skilderye is gebalanseerd ensimmetries • Vol agtergronde wys perspektief
--	--

(Robinson 2011:par. 2&3)

1.9.6 Godsdienstige kuns

Godsdienstige of heilige kuns is kunsbeelde wat vir godsdienstige inspirasie en motiewe gebruik word. Dit is dikwels daarop gemik om mense se gedagtes na die geestelike denke te draai. Godsdienstige kuns behels die ritualistiese en kultiese praktyke, sowel as die praktiese en koöperatiewe aspekte van die kunstenaar se geestelike groei binne sy of haar godsdienstige tradisie (Wikipedia 2014c:par. 1).

1.9.7 Ergotisme

Ergotisme is die effek van langtermyn ergotvergiftiging. Dit is tradisioneel as gevolg van die inname van die alkaloiëde wat deur die *Claviceps purpurea*-swam, wat rog en ander graan besmet, veroorsaak. Dit is meer onlangs deur die

optrede van 'n aantal ergoline-gebaseerde dwelms (LSD) veroorsaak (Wikipedia 2014d:par. 1).

Ergotamines vernou die bloedvate, wat veroorsaak dat die spiere van die baarmoeder saamtrek. Dit is ook gebruik en misbruik as agente van aborsie en was baie handig vir die behandeling van migraine (MedicineNet.com 2012: par. 2).

In oormaat kan ergotamines simptome soos hallusinasies, ernstige maagkwale, 'n tipe droë gangreen en 'n pynlike, brandende sensasie in die ledemate veroorsaak. As gevolg van die gebruik van besmette rog, was chroniese ergotvergiftiging (ergotisme) algemeen gedurende die Middeleeue (MedicineNet.com 2012:par. 3-4).

Sien Hoofstuk 4 vir verdere inligting oor ergotisme.

1.9.8 Sinoptiese Evangelie

Die Evangelies van Matteus, Markus en Lukas word as die sinoptiese evangelies gesien omdat hulle stories, volgorde van gebeure en bewoording baie dieselfde is. Die term “sinopties” kom van die Griekse woord *syn* wat “tesame” beteken en *optic* wat “sien” beteken (Wikipedia 2014e:para. 1).

Hoofstuk 2: Die lewe en werke van Matthias Grünewald

2.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die lewe en werke van Matthias Grünewald (hierna net Grünewald genoem) bespreek.

Die verskillende invloede in Grünewald se lewe word ontleed en daar word ook vlugtig na sy ander beskikbare werke gekyk.

2.2 Tydlyn van Grünewald se lewe en werke

Omtrent	1475 - Gebore in Würzburg
	1503 - Werk aan die Lindenhartd-altaar
	1504 - Beskou as meester saam met tydgenote in Seligenstadt
Voor	1504-1519 - Inwoner van Seligenstadt as lid van 'n vereniging
	1505-1508 - Werk aan die <i>Bespotting van Jesus</i> -skildery en die <i>Basel-kruisiging</i>
	1508-1514 - Skilder vir die aartsbiskop Uriel von Gemmingen
	1511 - Kaggel vir die kasteel van Aschaffenburg
	1511-1513 - Werk aan die Heller-altaar in die verlore Transformasie van Frankfurt
Na	1514 - Skilder vir die aartsbiskop Albrecht von Bradenburg
	1515 - Altaar vir Oberissigheim, naby Hanou
Voor	1516 - Isenheim-altaarstuk
	1517 - Fontein in Aschaffenburg
	1519 - Altaar van die heilige Marie van die sneeu
	1519-1520 - Klein kruisigingskildery
	1520 - Die verlore skildery vir die katedraal van Mainz; woon die inhuldiging van Charles V by; en ontmoet vir Albrecht Dürer (hierna net Dürer genoem)
	1521-1522 - Die vernietigde fresko's van die Mainz-hofhuis
Na	1522-1523 - <i>Karlsruhe</i> -kruisiging en <i>Jesus wat die kruis dra</i> -skildery

1523 - Die heiliges Maurice en Erasmus in gesprek in Halle
1524 -1525 - Betaling uit die hofskatkamer van Mainz
Voor 1525 - *Treur oor die liggaam van Jesus*-skildery en die boere-
opstand; Grünewald word afgedank en vlug na Frankfurt
1526 - Word vervang as hofskilder
1527 - Lente in Frankfurt
1527 -1528 - Fontein in Magdeburg en Halle in Saksen
1528 - Sterf voor 1 September
(Burkhard 1976:10; Gregory 1985:1154)

2.3 Die lewe van Matthias Grünewald



Figuur 1: Matthias Grünewald

Grünewald is in die tydperk tussen 1470 en 1480 in Würzburg geboreen is in 1528 in Halle oorlede (Krén & Marx 1996a:para. 1). Grünewald was 'n Duitse skilder van godsdienstige temas, sowel as 'n argitek en ingenieur. Hy word met ander groot Duitse meesters soos Schongauer¹ en Dürer² vergelyk, maar hy is uniek in sy uitbeelding van spirituele dramas. Grünewald en Dürer is as die grootste Duitse skilders van die Renaissance gesien. Na 'n obskure begin, het Grünewald vir homself 'n suksesvolle loopbaan gemaak in die hof van die aartsbiskop van Mainz, waar hy nie net waardeur is vir sy skilderye nie, maar ook vir sy vaardighede as ingenieur en sy dienste as howeling (Gregory 1985:1153). Grünewald (oorspronklik Mathis Gothardt Neithardt) is een van die grootste Duitse skilders van sy tydperk, wie se godsdienstige temas 'n visioenêre uitbeelding deur die gebruik van intense kleure en opgewekte lyne gehad het. Die luike van die Isenheim-altaarstuk, geskilder vir

¹Martin Schongauer is in 1440 gebore en in 1491 oorlede. Sy bekendste werk is *Madonna in die Roostuin* (Gregory 1985:1153)

²Albrecht Dürer is in 1471 gebore en in 1528 oorlede. Sy bekendste werk is *Die Ridder, die Dood en die Duiwel* (Gregory 1985:1153)

die heilige Antonie-klooster in Isenheim (1515), is een van sy bekendste werke (Krén & Marx 1996a:para. 1).

Alhoewel die presiese datum van sy geboorte nie bevestig is nie en die naam van sy leermeester onbekend is, is sy wonderlike en inspirerende Isenheim-altaarstuk miskien die belangrikste monument van Duitse kuns tydens sy leeftyd (Myers 1956:218-219).

Daar is min bekend oor sy vroeë lewe, alhoewel daar voorgestel word dat hy in die studio van Bolbein die Oudste in Augsburg opgelei is (Gregory 1985:1154). Die datering van Grünewald se geboorte is selfs moeiliker om vas te stel as die plek waar hy gebly het (Burkhard 1976:6). Grünewald het in Würzburg naby Nuremberg groot geword, en van 1501 tot 1521 was hy die eienaar van 'n werkswinkel in Seligenstadt. Hy het vir opdragte na Halle gereis en al was hy ooglopend 'n Protestant en 'n ondersteuner van Martin Luther, het hy verskeie opdragte vir twee biskoppe van die Mainz-bisdom uitgevoer (Antrosophy 2007:para. 3).

Luidens dokumente wat reeds bekend is, word daar algemeen aanvaar dat Grünewald vanuit die Aschaffenburg-omgewing kom. In 'n ou inskrywing op 'n tekening van Oxford, moontlik deur die kunstenaar self gemaak, noem hy homself "Mathis von Aschaffenburg des Churfürsten von Mentz Moler" wat beteken: Matthias van Aschaffenburg, skilder vir die keurvors van Mainz. Rekords wat onlangs ontdek is verwerp egter hierdie aanname. Die rekords verwys op verskeie tye, selfs in die latere jare van sy lewe, na die kunstenaar as "Meister Mathis Nithardt Maler von Würzburg". Volgens die rekords was hy 'n inwoner van 'n klein stad van Seligenstadt, naby Würzburg, vanaf 1501 tot 1525. Dokumentêre materiaal oor Grünewald se lewe en werk is baie vaag. Geskiedkundige dokumente het geen kommentaar oor hom of sy belangrikheid nie (Burkhard 1976:4-5).

Die geaardheid van Grünewald as persoon is amper heeltemal 'n raaisel. Slegs die buitelyne van sy lewe is sigbaar en selfs na 'n eeu van navorsing oor Grünewald is sy werke, lewe, asook die tydperk waarin dit plaasgevind het, steeds 'n groot vraagstuk (Monick 1993:54-55).

Die grootste en, tot onlangs, die enigste bron van inligting oor Grünewald is die fundamentele bronneboek, *Teutsche Academie*, vir vroeë Duitse kuns. Dit is saamgestel aan die einde van die 17de eeu deur Joachim von Sandrart. Hier kom ons vir die eerste keer in aanraking met die naam "Matthias Grünewald, sonst Matthaëus von Aschaffenburg genant". Ons word ingelig dat hierdie kunstenaar die meeste van sy tyd in Mainz spandeer het, dat hy sy afgesonderde lewe aan treurige oorpeinsing toegewy het en dat hy ongelukkig getroud was. Von Sandrart gee ook name van twee verskillende gravure wat hy voorstel as skilderye van Grünewald (Burkhard 1976:4-5). Grünewald se naam is in die boek gevoeg toe dit gedruk is. Voorheen was Grünewald bekend as Mathis von Aschaffenburg en Bernhard Jobin het hom so vroeg as 1573 as kunstenaar van die Isenheim-altaarstuk erken (Monick 1993:55).

Moderne historici het in die algemeen gevind dat Von Sandrart, in sy weergawe van Duitse kunstenaars en veral in sy deurmekaar informasie oor Grünewald, onbetroubaar was. Historici het nie langer geglo dat Grünewald die meeste van sy tyd in Mainz spandeer het nie. Hulle weier om te glo dat die twee skilderye wat deur Von Sandrart voorsien is, egte skilderye was. Hulle verwerp selfs die naam Matthias Grünewald omdat hulle dit as 'n onintelligente uitvinding, moontlik van Von Sandrart self, beskou het. Hierdie naam word nie in enige dokumente aangetref nie. Die dokumente verwys gewoonlik net na Mathis, die ouer spelling van die naam Matthias. Dit is egter nou vasgestel dat slegs die eerste naam Matthias korrek is. Daar is onlangs dokumente ontdek wat geen twyfel laat dat Grünewald nie sy van was nie, maar Gothardt, waaraan daar soms 'n beskrywende naam, Neithardt, gevoeg is. Die kunstenaar se regte naam is daarom nie Matthias Grünewald nie, maar eerder Mathis Gothardt, genoem Neithardt (Burkhard 1976:4-5). Von Sandrart het moontlik deurmekaar geraak

met 'n ander skilder, Baldung Grien. Von Sandrart het toe foutiewelik die van Grünewald aan Matthias toegeken, wat toe later Matthias se permanente identiteit geword het (Gregory 1985:1154).

Volgens oorlewering is Grünewald in Elsas opgelei. Hy was die hofskilder van die aartsbiskop van Mainz in 1508, waarna hy die skilder vir die Biskop van Mainz geword het. Sy reeks godsdienstige skilderye vir die Isenheim-altaarstuk word oor die algemeen as meesterstukke beskou. Al is hy met die Middeleeuse idees soos perspektiewe en solidariteit bekend, gebruik Grünewald dit slegs om die emosionele impak van sy skilderye te verhoog. Hy bring 'n unieke en subjektiewe interpretasie tot latere Duitse kuns, waar dit uitgedruk word in sy fyn Madonna of die martelingsemosies van sy verskeie kruisigingstonele. Grünewald word gesien as een van die beste Middeleeuse skilders (Hodge & Anson 1996:n.p.).

'n Sewentiende-eeuse skrywer maak taamlik verward melding van 'n sekere Matthias Grünewald van Aschaffenburg. Hy gee 'n lewendige beskrywing van sommige skilderye van hierdie "Duitse Corrgio", soos hy hom genoem het. Van toe af word hierdie en ander skilderye wat deur dieselfde groot kunstenaar geskilder moes wees, gewoonlik aan Grünewald toegeskryf, maar geen enkele aantekening of dokument uit die tyd noem enige skilder met die naam Grünewald nie en ons moet daarmee rekening hou dat die skrywer sy feite waarskynlik verwar het. Aangesien sommige skilderye wat aan die meester toegeskryf word, die voorletters MGN (moontlik Mathis Gothardt Neithardt) dra, hy ongeveer 'n tydgenoot van Albrecht Dürer was en hy naby Aschaffenburg geleef en gewerk het, word daar aangeneem dat Mathis Gothardt Neithardt die werklike naam van die groot skilder was. Hierdie teorie help navorsers egter nie veel nie omdat ons amper niks van die meester Grünewald af weet nie (Gombrich 1958:256-257).

Volgens Joachim von Sandrart, soos vertel deur Ruhmer, het Grünewald in afsondering geleef en was hy ongelukkig getroud (Monick 1993:24). Sy troue het laat in sy lewe, moontlik na die skilder van die Isenheim-altaarstuk, plaasgevind. Sy vrou het 'n seun in die huwelik gebring en Grünewald het hom aangeneem.

Grünewald was egter self kinderloos. Dit lyk of hy in die lering van Martin Luther, wie se Bybelvertalings en gedrukte pamflette na sy dood in sy kamer gevind is, geïnteresseerd was (Monick 1993:57).

Grünewald het geen geskrewe dokumente behalwe sy testament nagelaat nie. Hy het ook nie 'n konsekwente handtekening gehad nie. Hy het wel 'n aantal van sy werke nagelaat. Daar is ook 'n aantal tekening en sketse, waarvan sommige eers onlangs ontdek is. Behalwe vir hierdie werke, is daar 'n paar inskrywings in offisiële dokumente in Frankfurt, Mainz en Halle. Dit is die enigste bewyse dat hy vir 'n aantal jare in hierdie plekke was en niks is verder ontvang nie. Grünewald het eenvoudig net verdwyn (Monick 1993:58-59).

Grünewald se skilderprestasie is steeds een van die mees beklemtoonde in die geskiedenis van Noord-Europese kuns. Ongeveer tien skilderye en 35 sketse het oorleef; dit word jaloers bewaar en versigtig in die hede ten toon gestel. Sy dramatiese en intense uitdrukkingsbenadering tot die onderwerp kan moontlik beter gesien word in sy drie ander skilderye van die kruisiging, wat die Isenheim-altaarstuk eggo in hul verwysing na die offerande en gebroke lyf van Jesus (Krén & Marx 1996a:para. 10).

Die bietjie wat bekend is oor Grünewald se lewe pas goed by die altaarstuk. Von Sandrart vertel ons dat hy 'n depressiewe en teruggetrokke karakter was. Daar is geen konkrete bewyse van 'n vrou vir Grünewald nie, maar Grünewald het beslis 'n aangename seun, genaamd Andreas Neithardt, gehad. Dit is as gevolg hiervan dat die verwarring oor sy identiteit ontstaan het. Grünewald het in dokumente wat met sy aangename seun verband hou na homself as Neithardt verwys, in plaas daarvan om sy eie familienaam te gebruik (Gregory 1985:1155-1156).

Afgesien van die mislukkings en verwarring wat sy lewe gekenmerk het, was Grünewald wel 'n briljante skilder. Dit lyk egter of Grünewald nie leerlinge gehad het nie. Alhoewel Grünewald se werke steeds baie waardevol is, was hy nie so beroemd in die 17de eeu nie. Die Duitse skilder en Grünewald se volger,

Joachim von Sandrart, het van die min inligting wat daar oor die kunstenaar is, gedokumenteer. Grünewald se kuns is as 'n baie pynlike en verwarrende, maar altyd hoogs persoonlike en geïnspireerde reaksie op die wroegings van sy tydperk herken (Krén & Marx 1996a:para. 11).

Kuns het nie vir hom uit die soeke na die verbode wette van skoonheid bestaan nie. Sy enigste doel was om, soos alle godsdienstige kuns in die Middeleeue, 'n preek deur die skilderye weer te gee, of om die heilige waarhede, soos dit in die kerk geleer is, uit te beeld (Antroposophy 2007:para.6).

Die enkele werke wat ons van Grünewald besit, is altaarstukke, in die tradisionele styl in groot en klein provinsiale kerke, wat die sogenaamde Isenheim-altaarstuk, 'n groot aantal geskilderde syluie vir 'n groot altaar in die dorpie Kolmar, insluit. Sy werk gee geen aanduiding dat hy, soos Dürer, daarna gestrewe het om iets anders as 'n gewone ambagsman te word nie. Dit gee ook geen aanduiding dat hy deur die vasgestelde gewoontes van die godsdienstige kuns, soos dit gedurende die laat Gotiese periode ontwikkel is, gestrem gevoel het nie. Hoewel hy ongetwyfeld met sommige van die groot ontdekkings in die Italiaanse kuns bekend was, het hy hulle uitsluitlik gebruik sover hulle opvattinge sy doel met die kuns gepas het (Gombrich 1958:256-257).

Grünewald se finale ontwyking van die Gotiese tydperk het redelik laat in sy werk gekom. Hy was moontlik 'n presiese tydgenoot van Dürer, maar terwyl Dürer diep beïnvloed is deur die Renaissance, het Grünewald dit geïgnoreer in sy keuse van tema en styl. Baie van sy werk het nie behoue gebly nie, maar op grond van selfs net die klein aantal werke wat beskikbaar is, is dit moontlik om Grünewald as een van die kragtigste skilders te sien. Gotiese kuns het 'n hoogtepunt bereik met die oopvlek van die aaklige waarheid agter die kruisiging (Beckett 1994:75-76).

Vanaf 1501 tot 1521 het hy 'n werkwinkel in Seligenstadt gehad en van daar af het hy vir opdragte na Elsas en Halle gereis. Hy het verskeie altaarstukke vir twee invloedryke biskoppe van Mainz geskep en met sy dood in Halle is hy gelys as 'n skilder en ontwerper van waterwerke. Grünewald se vroegste werk is die

Bespotting van Jesus in 1503 (München). Dit is 'n liniêre, energieke en kleurvolle skildery waar die geblinddoekte figuur van Jesus deur 'n groep groteske mans geslaan word. Hierdie werk bevat 'n aantal stilistiese komponente wat Grünewald in sy latere werke gebruik het, soos die dramatiese gebruik van silhoeëtte en ongewone kleure, die kontras van lig met geskakeerde areas, en die oorbodigheid en misvorming van die menslike vorm. Die uitbeelding wys 'n gruweldaad en angs in terme van kragtige, eerder as mooi beelde. Op hierdie manier verskil Grünewald se benadering baie van die Renaissance-humaniste soos Dürer (Questia 1998:para. 1).

Grünewald het tot in die 20ste eeu onbekend gebly, omdat omtrent net tien van sy skilderye en ongeveer 35 sketse oorleef het. Sy huidige wêreldwye bekendheid is hoofsaaklik op sy grootste meesterstuk, die Isenheim-altaarstuk (1513 tot 1515) gebaseer. Mense het lank geglo dat dit deur Dürer geskilder is (Antroposophy 2007:para. 2).

Grünewald word in 1501 in die argiewe van Aschaffenburg genoem. Vanaf 1508 tot 1514 was hy die aartsbiskop van Mainz se amptelike skilder en na 1514 was hy die hofskilder van Albrecht von Badenurg, die minister van Mainz (Myers 1956:218-219).

Inligting oor die oorspronklike ontwikkeling van Grünewald se loopbaan is baie beperk. Seligenstadt, op die rivier in Mainz in Noord-Beiere, het geen beduidende kunstige tradisies nie, maar was belangrik vir die aartsbiskop van Mainz. Gevolglik het dit sekere voordele gehad, al was dit 'n baie klein stad. Die stad se grondwet kon Grünewald gehelp het om toegang tot die aartsbiskop se hof te verkry. Dit was 'n kragtige bron van beskerming in die stad. Hierdie konneksie met die aartsbiskop is in 1504 gemaak. Grünewald het gedurende hierdie tyd aan die *Bespotting van Jesus*, vir Johan von Conberg (die verteenwoordiger van die aartsbiskop in Aschaffenburg), begin werk (Gregory 1985:1154).

In omtrent 1508 is Grünewald as hofskilder van aartsbiskop Uriel von Gemmingen aangestel. Dit is 'n belangrike pos wat hy behou het tot Uriel se afsterwe in 1514. Ter erkenning van sy status het die aartsbiskop aan hom 'n wapenskild saam met elegante hofklere toegeken. Die hofklere het 'n hemp met 'n geborduurde goue kraag, 'n pers jas en 'n geel kniebroek ingesluit. Die dokumente van Grünewald se werk saam met Uriel wys dat sy talente verder as net skilder gestrek het. Hy was 'n vaardige hidrouliese ingenieur en hy is verskeie kere gevra om met die konstruksie van fonteine te help. In sy kapasiteit as die hof se voorste kunsbeampte is daar ook van hom verwag om toesig oor nuwe bouwerk te hou. Hy is in 1511 na Aschaffenburg gestuur om toesig by die herbouing van die aartsbiskop se paleis te hou (Gregory 1985:1154).

2.3.1 Persoonsinvloede

In 1520 vergesel Grünewald die kardinaal na Aix-la-Chapelle vir die inhuldiging van Charles V. Hierdie geleentheid gee hom finaal die geleentheid om sy groot medeskilder, Dürer, te ontmoet. Albei was voorheen by die Heller-altaarstuk betrokke, maar hulle het afsonderlik aan hul bydraes gewerk. Dürer het in sy dagboek geskryf dat hy vir Grünewald twee floryne saam met van sy houtsneewerk en kerwings gegee het. Dit was 'n groot geskenk om te wys wat Dürer van sy medekunstenaar gedink het. Dit lyk of al die weelde in Aix-la-Chapelle Grünewald in sy estetiese natuur geïnteresseer het en sy simpatie vir die groeiende Protestantseopstand aangemoedig het. In Duitsland het hierdie beweging om Martin Luther se aktiwiteite gedraai (Gregory 1985:1156-1157).

Grünewald se verhouding met Dürer is ironies. Regdeur die lang jare van sy verwerping is baie van Grünewald se werk, insluitend die Isenheim-altaarstuk, verkeerdelik as Dürer se werk gesien. Aan die anderkant het Dürer Grünewald, tydens hulle enigste gedokumenteerde ontmoeting, vir sy werk vereer. Daar kon wel ooreenkomste tussen die werk van dié twee persoonlikhede gewees het. Dit word in hulle skeppings gereflekteer. Waar Grünewald inwaarts na sy geestelike kern gekyk het, het Dürer na die verandering wat deur die Middeleeue

veroorzaak is, gekyk. Dürer het baie rondgereis, vriende met groot kunstenaars en wetenskaplikes gemaak en met baie verskillende temas en media geëksperimenteer, terwyl Grünewald verkies het om slegs een te bemeester (Gregory 1985:1157).

Grünewald is diep beïnvloed deur twee kragtige godsdienstige figure, naamlik die heilige Bridget van Swede en Martin Luther. Die heilige Bridget was 'n intense en misterieuse vrou. Sy het haar visioene rakende die fisiese lyding van Jesus neergeskryf. Die heilige vrou het 'n deel van haar lewe in Rome spandeer, waar sy omgesien het na arm en siek mense, en sy haar teen die korrupsie van die Pous uitgespreek het. Sy het hom openlik as 'n "moordenaar van siele" beskryf. Die heilige Bridget se openbarings is in 1492 gepubliseer. Die uitgawe van 1502 is in Nuremberg uitgegee. Dit het illustrasies bevat en 'n wydverspreide beroemdheid verwerf in Duitsland. Grünewald het die 1502-weergawe geken. Dit is deur 'n familielid van Dürer uitgegee. Die somber houtsnewerk het Grünewald se werk beïnvloed en sy kritiek teen die kerk se korrupsie het sy simpatie vir Martin Luther se leringe, wat in Duitsland bekend geword het, aangevuur. Die somber en eerlike stemming tel baie in die intensiteit en vreemde beelde in Grünewald se werke (Gregory 1985:1157-1158).

Tussen die skilder se eiendom is verskeie skrifstukke deur Luther en die Twaalf artikels van die Christelike geloof, wat veronderstel was om die werkers se eise te bevat, asook twee stringe gebedskrale, verskeie skilderye, 'n pot om seep in te maak, 'n goeie hangkas en 'n paar juwele gevind (Casu, Franchi & Franchi 2004:127).

Een teorie wat na vore gekom het, is dat Grünewald se werke verwerp is omdat hy 'n navolger van Luther was. 'n Ander teorie is dat dit verwerp is omdat hy min of geen gegraveerde werk gelewer het nie. In 'n era wat reis nie altyd maklik was nie en slegs 'n paar mense bereid was om die risiko te neem om na die plaaghospitaal te gaan om die kunswerk te sien, is Grünewald se bekendheid dramaties hierdeur verminder (Gregory 1985:1160).

2.3.2 Omgewingsinvloede

In 1524 het die Duitse boere-opstand plaasgevind. Dit is deur die verskille van hul eie armoede teenoor die rykdom van die kerk, die prinse en die werkers aangevuur en het aanleiding gegee tot 'n gewelddadige opstand wat 'n deel van die stadsmense ingesluit het (Casu, Franchi & Franchi 2004:127).

Albrecht von Badenbug het Grünewald op min of meer dieselfde manier as sy voorganger gebruik. Behalwe vir sy werk as skilder, moes Grünewald alle bouprojekte bestuur. Van 1520 tot 1523 het hy weg van die huis, in Halle, waar Albrecht von Badenbug 'n nuwe kerk laat bou het, gewerk (Gregory 1985:1156).

Die indrukwekkendste van Grünewald se oorblywende werke vir Albrecht von Badenbug is in Halle geskilder. Die skildery *Ontmoeting van die heiliges Erasmus en Maurice* het deel van 'n groot versierde skema in die kerk se nuwe fondasie gevorm. Dit het meer as 6000 aandenkings, insluitend die kop en bene van die heilige Erasmus, gehuisves. Die opdrag was 'n blatante stuk selfverheffing, met Albrecht von Badenbug as 'n heilige voorgestel (Gregory 1985:1156).

As gevolg van sy simpatie met die boere-opstande in 1525, het Grünewald in 1526 uit Albrecht von Badenbug se diens getree. Grünewald was onder diegene wat afgedank is as gevolg van die boere-opstand. Hy het sy finale betaling in Februarie 1526 ontvang. Simon Franck het hom dieselfde jaar as hofskilder vervang. Hy het Frankfurt en Halle die laaste twee jaar van sy lewe besoek. Dit was stede wat simpatie met die nuut-ontluikende Protestante-saak getoon het. In Halle was hy by die waterwerke betrokke (Gregory 1985:1159).

Die opstand het politieke en sosiale agendas, sowel as utopiese eise van Christelike liefde en goddelike geregtigheid aangemoedig. Kunstenaars wat die opstand ondersteun het, is veroordeel en in tronke gegooi, gemartel of selfs in ballingskap gestuur. Dit is moontlik dat Grünewald ook aan die kant van die werkers was en hiervoor het hy, soos al die ander ondersteuners van die

opstand en die Protestante Hervorming, sy posisie in Albrecht von Badenburger se hof verloor (Casu, Franchi & Franchi 2004:127).

Miskien omdat hy bang was vir verdere vervolging, het Grünewald na Frankfurt gevlug. Dit was die logiese keuse, aangesien Frankfurt 'n veilige hawe was vir mense wat uit Mainz verban is. Voordat hy weg is, het Grünewald gereël dat sy seun (Andreas) onder Arnold Rücker sou gaan studeer. Andreas is vir die laaste keer in 1552 gedokumenteer toe hy amptelike toestemming gevra het om in 'n skool in Frankfurt onderrig te gee (Gregory 1985:1159).

In 1526 het Grünewald skuiling gevind in die stad Frankfurt. Na dreigemente van die aartsbiskop, wat daarop aangedring het dat almal wat deel gehad het in die opstand oorgelewer word, het Grünewald na Halle gegaan, waar hy as hidrouliese ingenieur begin werk het. In Frankfurt het hy sy aandag verdeel tussen 'n verskeidenheid aktiwiteite, insluitend die vervaardiging van medisinale seep en moontlik ook die verkope van skilderye (Casu, Franchi & Franchi 2004:127).

Grünewald het ophou werk as 'n skilder, moontlik omdat hy nie geskikte kliënte kon kry nie of omdat hy die boere-opstand gevolg het. Dit was so radikaal teen die godsdienstige gebruike van beelde in die kerke, dat dit so vinnig gegaan het dat van die skilderye in kerke verwyder en vernietig is (Casu, Franchi & Franchi 2004:127).

Die laaste paar jaar van Grünewald se loopbaan was 'n moeilike periode. So vinnig vasgestel kon word, kon hy nie meer skilder nie en moes hy los werkies doen om aan die lewe te bly. In die somer van 1527 was hy oortuig dat iemand op hom spioeneer en dat sy lewe in gevaar is. Daarom het hy sy testament opgestel en uit Frankfurt na Halle gevlug. In Halle het 'n simpatieke stadsmagistraat, wat sy siening gedeel het, hom as hidrouliese ingenieur aangestel (Gregory 1985:1159).

In Augustus 1528, terwyl hy by die sypinner, Hans Plock, gebly het, sterf hy aan die plaag. Die inventaris van sy eiendom beklemtoon die skielike afname van sy

fortuin. 'n Bed was die enigste meubelstuk wat hy besit het en 'n aantal Lutherse pamflette en dokumente is tussen sy besitting ontdek (Krén & Marx 1996:para. 9). Grünewald is buite die stadsmure, sonder 'n steen wat sy rusplek aandui, begrawe. Binne 'n paar jaar was die plek toegegroeï en vergete (Gregory 1985:1159).



Figuur 2: *Bespotting van Jesus*

2.4 Werke van Matthias Grünewald.

Grünewald se vroegste dateerbare werk is die *Bespotting van Jesus* (1503) (Dunder n.d.:n.p.). Dit is 'n kleurvolle, gewelddadige skildery, wat sy vaardigheid om uitstekende ligeffekte te skep, demonstreer. Elemente van hierdie werk wys ook Grünewald se ooreenkomste met Dürer, veral sy Apokaliptiese reeks. Anders as Dürer se Hoë Renaissancistiese idealisme en humanisme, gebruik Grünewald figuurlike verwrongenheid om geweld en tragedie uit te beeld, dun draperings, hoë kontrasterende areas van lig en skadu's (*chiaroscuro*) en ongewone strak, wisselende kleure. Dis hierdie elemente, reeds in sy vroeë werke geopenbaar, wat Grünewald tot die meesterlike individualistiese styl ontwikkel het wat ten volle in sy Isenheim-altaarstuk gesien kan word (Antroposophy 2007:para. 4).



Figuur 3: Veronderstelling van die Maagd

Grünewald het in 1510 'n opdrag van die Frankfurtse handelaar, Jacob Heller, ontvang. Hy moes twee vaste kante aan die altaarstuk van *Die Veronderstelling van die Maagd* (Dunder n.d.:n.p.), wat deur Dürer voltooi is, heg. Hierdie kante wys vier heiliges wat in skakerings van grys (*grisaille*) geskilder is. Dit wys dat die kunstenaar reeds in sy fleur was, soos Grünewald se sketse, wat hoofsaaklik in

swart kryt met geel of wit glanspunte gedoen is, bewys (Krén & Marx 1996a:para. 3).



Figuur 4: Isenheim- altaarstuk

Vanaf 1513 tot 1518 was Grünewald ook by besigheidsonderhandelings met 'n meester, Michael Wesser van Altkirk, betrokke (Monick 1993:56-57). Grünewald voltooi moontlik in 1515 die Isenheim-altaarstuk, wat as sy meesterstuk gesien is (Dunder n.d.:n.p.), vir die Antonitiese klooster. Grünewald se realistiese uitbeelding van die lyding van Jesus was ongekend in Westerse kuns. Met die aandag op God se simpatie met fisiese lyding en die vreugde van die verlossing wat Hy bied, is dit ontwerp in 'n tydperk waar siek mense se geloof 'n hupstoot nodig gehad het. Op presies dieselfde manier illustreer die toneel van Die *Versoeking van St Antonius* die heilige se spieëlbeeld van die marteling van die plaag se pasiënte (Gregory 1985:1155).

Grünewald het die Isenheim-altaarstuk moontlik in 1515 voltooi en binne 'n jaar het hy in die diens van die nuwe aartsbiskop van Mainz getree. Uriel se opvolger, Albrecht von Badenburg, was 'n meer buitengewone figuur as Grünewald se vroeër weldoener. Hy was die aartsbiskop van Magdeburg voor hy die aartsbiskop van Mainz geword het en in 1518 as kardinaal aangestel is. Vir 'n volle dekade het sy ondersteuning Grünewald in sy professie gehou (Gregory 1985:1156).

Guido Guersi, 'n Italiaanse leermeester of ridder wat die godsdienstige gemeenskap van die Antonitiese klooster in Isenheim gelei het, het die kunstenaar gevra om 'n reeks syluie vir die altaar, wat Nikolas von Haguenau van Strasbourg in 1505 gekerf het, te skilder. Die onderwerp van die luike van die Isenheim-altaarstuk wys Grünewald as meester in sy volste reg. Dit is hoofsaaklik op die teks van die beroemde, mistieke Openbarings van die heilige Bridget van Swede (1370) gebaseer (Krén & Marx 1996a:para. 4).

Die Isenheim-altaarstuk, nou in die Unterlinden Museum in Kolmar, Frankryk, bestaan uit 'n gekerfde houtaltaar met een paar vaste en twee pare bewegende syluike. Die eerste stel luike wys die kruisiging, die Klaag en skilderye van die heiliges Antonius en Sebastiaan. Die tweede stel fokus op die Maagd Maria. Dit bevat tonele van die aankondiging, 'n konsert van die engele en die Geboorte, sowel as die Opstanding. Die derde stel luike fokus op die heilige Antonius, met die heiliges Antonius en Paulus in die woestyn, asook die versoeking van die heilige Antonius (Krén & Marx 1996a:para. 5).

Die meeste van Grünewald se opdragte was vir altaarstukke. Teen die Laat-Gotiese periode het dit meer kompleks, maar aanpasbaar geword. Die bewegende luike het uitgekerfde figure toegemaak en was met gekerfde dakkies bekroon. Die geverfde dele sluit voubare luike in. Die luike kan oop- en toegemaak word om by die literêre siklus van die kerk te pas. Daar is ook 'n luik aan die voet van die skildery wat afgehaal kan word. Dit word 'n predella genoem (Gregory 1985:1161).

Die mees onlangse tema in die min oorblywende werke van Grünewald is die kruisigingstoneel van Jesus, wat weer en weer weerspieël word. Daar is 'n kenmerkende skeiding tussen die karakters, maar die effek van die lig en kleur, sowel as die gemartelde figure se intense pynuitdrukkings is belangriker. Sommige van Grünewald se ander kruisigingstonele is in Basel, Karlsruhe en Washington. Die Karlsruhe-kruisiging is in ongeveer 1525 voltooi en was moontlik sy laaste werk (Questia 1998: para. 1).

Die Isenheim-altaarstuk se sentrale paneel wys dat hy alle ander oorwegings vir die een oorheersende doel opgeoffer het. Soos skoonheid, volgens Italiaanse skilders, is daar geen strakheid en wreedheid in die skildery van die geofferde Jesus nie. Soos 'n prediker met Paastyd het Grünewald seker gemaak hy skep die beeld van lyding. Jesus se sterwende liggaam is verwing deur die kruis se marteling, die dorings in die vlees asook die wonde oor die liggaam (Antroposophy 2007: para. 6).

'n Ander belangrike klerklike opdrag kom van 'n kanon in Aschaffenburg, Heinrich Reitzmann. So vroeg soos 1513 het hy Grünewald gevra om 'n altaar vir die Mariaschnee-kapel in die kerk van die heiliges Petrus en Aleksander te skilder. Die kunstenaar het vanaf 1517 tot 1519 aan hierdie stuk gewerk (Krén & Marx 1996a: para. 7).



Figuur 5: Ontmoeting van die heiliges Erasmus en Maurice

In 1514 sterf Uriel von Gemmingen en Albrecht von Badenburg word die minister van Mainz. Vir Albrecht von Badenburg het Grünewald een van sy mees luukse werke gedoen, naamlik die skildery van die *Ontmoeting van die heiliges Erasmussen Maurice* (Erasmus is in werklikheid 'n skildery van Albrecht) wat nou in die Alte Pinakoteke in München is. Hierdie werk wys die tema van godsdienstige besprekings of debatte, wat belangrik was in hierdie periode van Duitse kuns en geskiedenis. In hierdie skildery, sowel as in die latere twee syluik, bekend as die Tauberbischofsheim-altaarstuk, het Grünewald se vorms meer massief en kompak geword; sy kleure was steeds beperk, maar helder (Krén & Marx 1996a: para. 8).

2.5 Gevolgtrekking

Daar is min oor die lewe van Grünewald, asook van die teks en invloede wat as hoofbron vir die kruisigingstoneel gebruik is, bekend. Dürer was ook 'n groot skilder en ongelukkig is baie van Grünewald se werke aan Dürer toegeskryf.

Aangesien dit moeilik is om vas te stel waar Grünewald gebore is en wat sy geboortejaar is, is dit ook moeilik om vas te stel watter bron Grünewald vir die skilder van die Isenheim-altaarstuk en, meer spesifiek, die kruisigingstoneel gebruik het.

Die grootste rede hoekom Grünewald vir so lank onbekend was, was moontlik omdat hy nie sy eie naam gebruik het nie. Die historiese bronne wat beskikbaar

was, was nie baie betroubaar nie. Dit beteken dat hulle foute gemaak het met die neerskrif van die informasie.

As gevolg van die feit dat Von Sandrart die naam Grünewald foutiewelik aan Matthias toegeken het, was die inligting oor Grünewald baie vaag en misleidend. Dus is dit moeilik om presies vas te stel in watter jaar hy gebore is en waar hy gewerk en studeer het, aangesien Grünewald nie sy regte van was nie.

Grünewald het eers in die 20ste eeu bekend geword omdat daar so min inligting oor hom beskikbaar is. Grünewald se doen en late voor 1508 is steeds 'n raaisel, maar dit is wel bevestig dat hy in 1504 besig was met die skildery, die *Bespottung van Jesus*, vir 'n man genaamd Johan von Conberg, 'n verteenwoordiger van die aartsbiskop in Aschaffenburg. Hierdie projek het die deur oopgemaak vir werk wat later van die aartsbiskoppe af gekom het.

Volgens dokumente het Grünewald 'n belangrike pos bekleed, wat hom nie net as kunstenaar bevorder het nie, maar ook sy vaardighede as hidrouliese ingenieur waardeur het. Hy was ook in beheer van bouwerk. Dus is Grünewald raakgesien as iemand wat meer vaardighede gehad het as wat daar van 'n kunstenaar verwag is.

Nog 'n rede hoekom daar so min bekend oor Grünewald is, is omdat sy handtekening nie altyd dieselfde was nie. Dit het veroorsaak dat dit ook moeilik was om vas te stel watter dokumente hy onderteken het. Daarom kan daar ook nie met sekerheid gesê word watter werke werklik syne was nie.

Grünewald het nie 'n skildery geskilder omdat dit vir hom mooi moes wees nie, maar eerder omdat hy 'n boodskap aan ander wou oordra. Elke skildery het sy eie storie vertel. Deur hierdie stories het hy probeer om hoop te bring aan mense met sekere probleme, soos velsiektes.

Alhoewel Dürer gesien is as 'n presiese tydgenoot van Grünewald, is hy vir lank as 'n "beter" kunstenaar as Grünewald beskou. Dürer het weer gedink dat Grünewald die "beter" kunstenaar was. Alhoewel die twee kunstenaars se

kunsstyle baie verskillend was, is baie van Grünewald se werke verkeerdelik gesien as Dürer se werk. Dit is ironies, gegewe die feit dat Dürer vir Grünewald as 'n meester in sy veld erken het. Dürer het ook probeer om soveel style as moontlik te beoefen, terwyl Grünewald slegs een styl bemeester het.

Grünewald wou die gruwel van die waarheid deurgee deur die misvorming van die menslike vorm te gebruik. Dit is waarskynlik sodat die mense simpatie moet toon aan die wreedheid wat met die kruisigingstoneel gepaardgaan.

Daar is duidelike ooreenkomste tussen Grünewald en Dürer se werk. Dit kan duidelik in Grünewald se vroegste dateerbare werk, genaamd die *Bespotting van Jesus* (1503/1504), gesien word. Hierin word ook gesien dat Grünewald die godsdienstige waarheid aan die mense wou oordra. Daar kan ook duidelik gesien word hoe Grünewald se styl ontwikkel het tot by sy meesterstuk, die Isenheim-altaarstuk.

Volgens dokumente het Grünewald twee vaste luike vir die Isenheim-altaarstuk geskilder. Dit was die *Veronderstelling van die Maagd* wat deur Dürer geskilder is. Hierdie luike het reeds in 1510 gewys dat Grünewald 'n meesterlike kunstenaar was.

Grünewald het in 1515 sy bekendste skildery, naamlik die Isenheim-altaarstuk geskilder. Met hierdie skildery kan weereens gesien word dat Grünewald alles in sy vermoë gedoen het om 'n boodskap van troos en hoop aan die pasiënte van die Antonitiese klooster oor te dra.

Een van die tonele wat Grünewald die meeste geskilder het, is die kruisiging van Jesus. Iets wat elke keer in hierdie tonele uitstaan, is nie net die pyn en lyding van Jesus nie, maar ook die pyn op die gesigte van die mense wat by die kruis gestaan het.

Grünewald het twee verskillende mense van verskillende oorde aangehang. Die eerste was die heilige Bridget van Swede, 'n katolieke dame wat geglo het sy is die bruid van Jesus. Sy het ook geglo dat die Pous 'n moordenaar van siele was.

Sy het 'n klomp openbarings, wat sy van Jesus ontvang het, neergeskryf. Hierdie openbarings is gepubliseer en ook in die kerk gebruik. Grünewald het die 1502-weergawe geken. Die ander persoon wat Grünewald aangehang het, is Martin Luther. Hy was daarvoor bekend dat hy vir die boere opgestaan het. Hy het pamflette geskryf wat hy onder die boere uitgedeel het en is later vir sy oortuigings vervolgt. Hy was ook verantwoordelik vir die boere-opstand wat Grünewald ten volle ondersteun het. Met Grünewald se dood is daar van die pamflette in sy kamer ontdek.

Grünewald het bewys dat 'n kunstenaar nie nodig het om nuwe ontdekkings te maak om 'n suksesvolle kunstenaar te wees nie, maar dat as 'n kunstenaar sy tegniek ken, hy meesterstukke, wat die regte boodskap aan die toeskouers oordra, kan skilder.

Hoofstuk 3: Die Isenheim-altaarstuk

3.1 Inleiding

Die altaar in 'n kerk is die tafel waarop die offerande van die mis aangebied word. Vir baie eeue is die altaar in die heiligdom teen die agterste muur geplaas en die regopstaande struktuur teen die muur was bekend as die retabel of altaarstuk. Dit was dikwels deur skilderye of beeldhouwerk versier (Wiki 2014: para. 1).

'n Altaarstuk is 'n skildery van vertroosting wat 'n godsdienstige tema oordra. Dit word in 'n raam agter die altaar van die kerk geplaas. Die altaarstukke bestaan dikwels uit twee of meer verskillende panele. Dit word deur 'n tegniek bekend as paneelskilderye geskep. 'n Diptiek bestaan uit twee panele, 'n triptiek uit drie panele en 'n poliptiek bestaan uit veelvoudige panele. Groepe van beelde kan ook op die altaar geplaas word. Soms is die altaarstuk op die altaar self geplaas (Wikipedia 2014f:para. 1).

In Duitsland het altaarstukke gereeld die vorm van poliptieke met bewegende luike, waardeur verskillende tonele uitgebeeld word met oop en toe luike, aangeneem. Dit is gesien as die Bybel vir ongeletterdes, dié wat nie die heilige Geskrifte kan lees nie, maar die godsdienstige persepsie deur middel van beelde kry. Hierdie kunswerke, soos skilderye, argitektuur en beelde, was inmekaargeweef en die kunstenaar was streng gekondisioneer deur die vereistes van die kliënt en die instruksies van teoloë (Casu, Franchi & Franci 2004:129).

Sekere kunstige weergawes van Jesus streef daarna om so realisties as moontlik te wees. Hulle probeer die Man weerspieël soos Hy werklik gelyk het, maar omdat die Bybel nooit Jesus se voorkoms beskryf nie, moes die kunstenaars maar raai hoe Hy gelyk het (Powell 2009:81).

Sekere kunswerke weerspieël Jesus op 'n baie spirituele manier. Hy kyk soms op na die hemel, met 'n halo om sy kop, en ander kere lyk Hy net soos "een van

ons”. Sekere kunstenaars weerspieël Hom as ’n sagmoedige mens wat klein lammertjies en kinders op sy skoot vashou en dit lyk glad nie soos die Jesus wat op die Fariseërs skreeu of die stalletjies by die tempel omgooi nie (Powell 2009:81).

3.2 Die Isenheim-altaarstuk

In dieselfde jaar wat Michelangelo die Sistynse Kapel se dak geskilder het en Raphael *DeStanze* in die Vatikaan geskilder het, het Grünewald die Isenheim-altaarstuk geskilder (Casu, Franchi & Franci 2004:127). In Kolmar, die Franse stad naby die Duitse grens, het ’n enigmatiese figuur een van die wonderlikste voorbeelde van Westerse kuns geskilder. Dit was ’n 16de-eeuse poliptiek vir ’n hospitaal wat pasiënte met “die heilige Antonius se vuur” behandel het (mediese term: “ergotisme”, sien Hoofstuk 4). Vandat die werk ongeveer 200 jaar gelede na Kolmar geskuif is, het die Isenheim-altaarstuk en Grünewald ander kunstenaars sowel as historici gefassineer (Medicinet 2002: para. 6).

Die status van die kunstenaar was in hierdie tydperk eerder dié van ’n vakman as ’n kreatiewe individu. ’n Persoon sou ’n onderwerp kies wat geskets word en dan het hulle dikwels ’n plan geskets. Grünewald het baie vryheid hierin gevind om sy unieke uitdrukkings realisties te produseer (Gregory 1985:1161).

Grünewald se massiewe kalkhoutaltaarstuk is tussen 1510 en 1515 vir ’n hoë altaarstuk vir die klooster se kapel in Isenheim, Elsas, geskilder (Carr-Gomm 2009:106). Die poliptiek is vir die die Antonitiese klooster se kapel in Isenheim geskilder. Die hoogtepunt van sy skilderye onder die leermeester, Jean d’Orliac, is ook hier geskilder (Casu, Franchi & Franci 2004:29). Aanvanklik het die altaar slegs uit Nikolaus Hagenauer, ’n staatsburgerbeeldhouer, se fynsinnige houtsnewerk, wat tans nog die ou kern vorm, bestaan (Holm 1697:85).

Die Isenheim-pasiënte het min hoop vir genesing gehad. Hulle is bloot versorg, maar nie genees nie. Sielkundige genesing was ’n ander saak, soos vandag nog met siektes. Deur hulle lyding met Jesus se lyding te vereenselwig, kon die

transformasie van houding begin. Grünewald se kruisigingstoneel het 'n beeld van verligting in plaas van deseraatheid geword. Hulle siekte was in die beeld van God te sien (Monick 1993:92).

Nog voor enige behandeling begin is, is die pasiënt eers na die altaar geneem onder begeleidende geloofshandeling. 'n Mens behoort dus die indruk daarvan vanuit die oogpunt van 'n wanhopige pasiënt in sy eerste aanskouing van die gekruisigde Jesus tussen die vier heiliges en twee Marias te probeer begryp (Holm 1697:87 – 88).

Die Isenheim-altaarstuk is deur die ab Guido Guersi aangevra, waar Grünewald die skildery voor die ab se dood in 1516 voltooi het. Gedurende die heerskappy van terreur, gevolg deur die Franse Revolusie in die laaste dekade van die 18de eeu, is die altaar roekeloos uitmekaargehaal ten einde dit van vernietiging te red. Daarom is amper al die superstrukture en sekere van die beeldhoufigure, wat afgebreek het, verlore, gesteel of vernietig. Ongelukkig is die altaar nooit herbou nie. Die oorspronklike Gotiese raam is weg, selfs al is die essensiële elemente, naamlik die hoofbeelde en al Grünewald se skilderye beskerm. Hierdie *dissecta membra* (uitreksels van lyne) is vandag saamgevoeg in iets wat amper 'n geheel vorm in die Unterlinden Museum in Kolmar, waar dit die besoekers oorweldig met die verbeeldingsvolle vermetelheid, emosionele krag, briljante verskeidenheid van kleur, en die grootheid van ontwerp en uitvoering daarvan (Burkhard 1976:25).

Die nege skilderye op die Isenheim-altaarstuk word as Grünewald se grootste werk beskou. Dit kan ook as een van die grootste monumente van Duitse skilderye en indrukwekkendste reekse Middeleeuse godsdienstige skilderye beskou word (Burkhard 1976:25). Die twaalf luike is nou geskei en staan op twee parallelle verhogies in die middel van die museum (Monick 1993:51).

Die Isenheim-altaarstuk is Middeleeus omdat dit 'n kombinasie van skilder en houtsniewerk bevat. Dit is spesifiek tradisioneel Duits as gevolg van sy twee beweegbare luike. Wanneer hierdie luike toe is, soos dit oorspronklik gereeld

gedurende die vastyd was, vorm die groot sentrale paneel (luike teen mekaar) die kruisigingstoneel. Op die stilstaande luik aan die linkerkant is die heilige Antonius, die heilige van die Isenheim-klooster en regs is die heilige Sebastiaan. Wanneer die luike vir spesiale geleenthede oopgemaak is, het die treurige kruisigingstoneel plek gemaak vir helderder tonele. *Die Aankondiging* is op die linkerkantste luik, *Die Inkarnasie* is op die middelste luik en *Die Opstanding* is op die regterkantste luik. Wanneer die tweede paar luike oopgevou word, is daar 'n tempel met die heilige Antonius uit hout gekerf. Hy sit in die middel en langs hom staan die figure van die heiliges Augustine en Jerome. Die *Versoeking van St Antonius* en sy besoek aan die heilige Paulus is op die agterkantste luike (Burkhard 1976:25-26). As die buitenste luike oopgemaak word, word drie tonele van feesviering, *Die Aankondiging*, *Die Engelekonserert vir die Madonna en die Kind*, en *Die Opstanding*, openbaar (Antroposophy 2007:para. 5).

Kuns het vir Grünewald nie bestaan uit die soeke na die verskuilde wette van skoonheid nie, maar vir hom het dit slegs die doel van alle religieuse kuns in die Middeleeue gehad. Die skildery moes 'n boodskap van die aankondiging van die heilige waarhede, soos deur Jesus geleer is, voorsien. Die Isenheim-altaarstuk se sentrale paneel wys dat hy alle ander oorwegings opgeoffer het om hierdie oorheersende doel te wys (Krén & Marx 1996c:para. 2). Die middelste paneel toon dat hy alle verdere oorwegings aan hierdie allesoorheersende doelstelling opgeoffer het. Van skoonheid, soos die Italiaanse kunstenaar dit verstaan het, is daar in die strak, wrede skildery van die gekruisigde Jesus geen spoor nie. Soos 'n prediker gedurende die lydenstyd, het Grünewald niks ongedaan gelaat om ons die afgrysligheid van hierdie lydenstafereel te laat besef nie (Gombrich 1958:257).

Grünewald se werk kan ons dus herinner dat 'n kunstenaar werklik baie suksesvol kan wees sonder dat hy verwaand raak. Die grootheid van die kuns het nie van nuwe ontdekkings afhang nie, maar gaan oor die boodskap wat die skildery weergee. Grünewald bewys duidelik dat hy hierdie ontdekkings goed geken het, want as dit hom help om iets te beklemtoon, gebruik hy dit wel. Net

soos hy sy penseel gebruik het om die dooie en gemartelde liggaam van Jesus weer te gee, het hy dit op 'n ander paneel aangewend om die gedaantewisseling van die liggaam by *Die Opstanding* in 'n onwerklike verskyning van hemelse lig weer te gee (Gombrich 1958:258-259).

Die Isenheim-altaarstuk is 'n buitengewone poliptiek wat verskeie geverfde panele gekombineer het. Dit is deur Grünewald geskilder en bevat ook houtbeelde deur die Elsatiese meester, Niklaus von Hagenau. Oorspronklik is twee pare beweegbare panele aan beide kante geverf. Dit kon toegemaak of gevou word om drie verskillende kombinasies van skilderye te maak, maar dit is nou uitmekaargehaal om al die skilderye ten toon te stel. Dit kan nou slegs in sy "toe"-vorm besigtig word. Hierdie aspek wys die kruisiging, wat 'n meesterstuk van 'n nors ekonomie is. Enige deel wat die aanskouer se aandag kon aftrek van die lyding van Jesus – die gekruisigde diewe, die soldate, selfs die omringende landskap – is uitgehaal. Grünewald stel die toneel voor as 'n deel van geloof en nie as 'n ware gebeurtenis nie. Roubeklaers word versigtig deur die lam van God en Johannes die dooper wat die verlossing van mense uitwys, gebalanseer, en sy gebruik van kleur en lig is meer simbolies as naturalisties (Gregory 1985:1164).

Die eerste stel luike (met albei toe) wys die kruisiging in wreedaardige besonderhede. Grünewald se tegnieke van gekleurde lig is in die figuur van *Die Opgestane Jesus* beklemtoon. Sy dramatiese gebruik van verwronge vorms in beweging word ook hier gesien in die figure van Jesus, die komende Engel en die Maagd (Pioch 2002:para. 5). As die luike toe is, wys die buitekant 'n kruisiging teen donker lig. Dit verteenwoordig verskillende uitdrukkings waarin die emosie en mistieke belangrikheid in die tekening en gebruik van kleure vergroot word (Myers 1956:218-219). Die heiliges Sebastiaan en Antonius van Egipte word op die vaste kante verteenwoordig en *Die Weeklaag van Jesus* word in die predella uitgebeeld (Casu, Franchi & Franchi 2004:129).

Die eerste oop toneel wys *Die Opstanding en Geboorte* met *cantabile* van *Die Engelekonsernt en Die Aankondiging* (Gregory 1985:1164). Die oop luike beeld 'n

wêreld van kontras en vreugde uit. Dit beeld die aankondiging, die vleeswording van Jesus, die allegorie van die geboorte en die opstanding uit. Die altaarstuk bestaan uit twee groot luik wat die gekerfde deel toemaak. Op die binneste luik is skilderye van tonele uit die lewe van die heilige Antonius, die aankondiging en die opstanding, en 'n Maagd en Jesus bygestaan deur engele wat musiek maak (Myers 1956:218-219).

Die tweede oop toneel wys die heilige Antonius se besoek aan die heilige Paulus aan die linkerkant, die versoeking van die heilige Paulus aan die regterkant, en beelde in die middel (Gregory 1985:1164). Die kombinasie met die luik verder oop vertoon die *Ontmoeting van die kluisenaars* met die heilige Antonius en die heilige Paulus en die *Versoeking van St Antonius* aan die kante, terwyl die sentrale kompartement en die predella houtbeelde van die heilige Antonius van Egipte huisves (Casu, Franchi & Franchi 2004:129).

Die eerste uitsig met die luik toe bring die toeskouer in kontak met vier heilige mans, naamlik die heilige Sebastiaan, die heilige Johannes die Evangelis, die heilige Johannes die Doper en die heilige Antonius. Daardeur word die doel van die altaar op sy duidelikste voor oë gehou, want al vier hierdie heiliges word aangeroep teen noodlottige siektes. Sebastiaan word aangeroep teen die pes, die twee Johannesse teen epilepsie en Antonius oorspronklik teen 'n epidemie wat deur die kruistogte na Europa oorgedra is en "die heilige Antonius se vuur" genoem is, maar later ook teen ander soos melaatsheid en veral teen veneriese siektes (Holm 1697:87).

Antonius vertoon groter as Sebastiaan op die linkerluik. Aangesien hy die hoogheilige van beide die Ridderorde en die hospitaal was en daar reeds op Johannes die Doper se woorde gesinspeel word, op die groei en kwyn van die mens na gelang van sy rol in hierdie raaisel, is dit nie vreemd nie. Daarom is die meester se keuse om sy figure volgens hul sin en gewig te vergroot of te verklein geregverdig en tegelykertyd toon dit aan dat gewone maatstawwe in hierdie sfeer van die wonderwerk nie van toepassing kan wees nie (Holm 1697:89).

Die Grünewald se altaarstuk is 'n veelvoudige versameling van ontwrigtende, opheffende beelde wat oopvou, en die luike openbaar 'n reeks tonele, meestal Christelike kuns. Jesus speel 'n sentrale rol en verskyn in 'n wrede kruisigingstoneel en 'n kragtige opstanding. Maar in hierdie werk, word die gemartelde Antonius ook gesien. Hierdie twee figure bied vir die siekes hoop en vertroosting. Dit dra ook die boodskap van pyn oor en bring die mense nader aan God (Medicinet 2002:para. 9).

Die middelste paneel, met sy beeld van Niklaus von Hagenau, was onafhanklik gemaak van Grünewald se bydrae. Sy werk bestaan uit verskeie luike, insluitend 'n dubbel stel syluike, wat drie verskillende kombinasies van skilderye toelaat om gewys te word op verskillende tye van die jaar. Die altaarstuk word tydens Paasnaweek, wanneer die bleek kruisiging die kerk se hartseer simboliseer, toegemaak. Dit was vir die grootste deel van die jaar oop, om die vrolike tonele van die aankondiging en opstanding te wys. Die finale skildery, met die insidente uit die lewe van die heilige Antonius, is op die feesdag van die Orde se heiliges gewys (Gregory 1985:1161).

Die kruisiging is die sentrale beeld van alle Christelike kuns en die manier waarop dit verteenwoordig word, verskil oor die jare heen. Dit verander saam met die klimaat van godsdienstige denke. In die Middeleeue is die onderwerp deur die gebruik van godsdienstige simbole en allegorieë uitgedruk. Gedurende die Renaissance het die klem geskuif na opeenvolgende skilderye en storievertelling. Die vertroutheid met die tema het kunstenaars dikwels versoek om dit vir hul eie eksperimente te gebruik. In Italië het Grünewald se tydgenote dikwels estetiese oorwegings soos perspektief, vorm en kleur gebruik om superioriteit oor spirituele inhoud te kry. In Noord-Europa was die gebruik om die toneel as deel van die moderne lewe uit te beeld en die figure het klere van die tydperk gedra (Gregory 1985:1162).

Sekere Gotiese elemente het steeds in Grünewald se skilderye gebly. Die gebruik van 'n lewensgrootte Jesus in die kruisigingstoneel was 'n algemene

Middeleeuse gebruik. Die teenwoordigheid van Johannes die Doper by die kruisigingstoneel en die nuuskierige engelekoor wat vir die Maagd sing, wys duidelik dat dit 'n oordenkte werk was, eerder as 'n natuurlike illustrasie van Bybelse gebeurtenisse. Grünewald het hierdie intellektuele samevoeging as 'n ongeëwenaarde bewys van realisme gebruik in 'n poging om emosionele en rasonale reaksies saam te bind in 'n ferm band van geloof. Tot aan die einde het Grünewald van ekspressionistiese distorsies om die grafiese krag van sy skildery te beklemtoon, gebruik gemaak (Gregory 1985:1161-1162).

'n Selfs gevaarliker wapen in Grünewald se kunstige arsenaal was sy treffende kleure, wat die volle menslike emosies vanuit die diepte van desperaatheid tot die glorie van onderdanigheid uitlok. Hy het donker, gesketste agtergronde en bloedlose figure in al sy weergawes van die kruisiging gebruik. Hy het dit laat uitstaan met dele wat helder kleure bevat om 'n grillerige, droewige effek te skep (Gregory 1985:1162).

Die Renaissance-kuns ag die natuurlike belangrik, maar nie sonder 'n godsdienstige begrip nie. Die herwinning van die antieke wêreld van Griekeland deur literatuur en argeologiese oorblyfsels was oorweldigend. Die Renaissance was 'n wêreld waar hulle toegeeflikheid saam met die lewenskrag rondom hulle ervaar het en God as hul kreatiewe basis gesien het. In die kunste manifesteer dit in die beklemtoning op die lyne van die menslike figure in al sy innerlike skoonheid en in die ontdekking van perspektiewe, 'n manier waarop die natuur en menslikheid met mekaar verbind is. Skoonheid was die vorm wat die herkenbaarheid verby homself na die beeld van God se oorspronklike skepping dra. Na aanleiding hiervan was mense denkende skeppings wat God se gedagtes en kreatiwiteit weergegee het in dade en aktiwiteite van God. Dit is moeilik vir ons wat aan die ander kant van die ontdekkings wat moderne kuns moontlik gemaak het, staan om die passie te herken wat te danke is aan die kuns van die wêreld as paradigma vir menslike bestaan (Dillenberger 1986:46).

3.3 Die Kruisigingstoneel



Figuur 6: Isenheim-altaarstuk

Hierdie is die sentrale paneel van Grünewald se groot Isenheim-altaarstuk (Krén & Marx 1996b:para. 1). Dit is 'n buitengewone bewys van intense, onmenslike lyding. Omdat hy in 'n hospitaal gewerk het, het Grünewald sy beelde van lyding

gebaseer op die pasiënte wie se marteling hy gesien het. Dié was meestal lyers aan velsiektes, wat baie algemeen was in die Middeleeue (Beckett 1994:77).

Die kruisiging word nie uitgebeeld op 'n historiese of naturalistiese manier nie, maar verteenwoordig die doel van dogmatiese betekenis. Grünewald was egter nie die enigste kunstenaar van hierdie era wat hierdie metode van uitbeelding gebruik het nie (Burkhard 1976:27-28). Van skoonheid, soos die Italiaanse kunstenaars dit gesien het, is daar niks te sien in die stywe en wrede skildery van die gekruisigde Jesus nie. Soos 'n prediker tydens Paasfees, het Grünewald niks onaangeraak gelaat om ons by die wreedheid van hierdie toneel van lyding te betrek nie: Jesus se sterwende liggaam is verwing deur die marteling van die kruis; die dorings van die stok wat in die swerende wonde van die hele liggaam is. Die donkerrooi bloed vorm 'n kontras met die sieklike groen van die vlees (Kréen & Marx 1996c:para. 1).

Grünewald se kruisiging, 'n deel van die veelvoudig-gepaneelde Isenheim-altaarstuk, word nou in Kolmar geberg. Dit is geskilder vir die Antonitiese klooster in Isenheim en is bedoel om pasiënte te bemoedig wat in die kloosterhospitaal was. Jesus lyk aaklig, sy vel geswel en geskeur as gevolg van die geseling en marteling waardeur hy moes gaan. Dit was verstane, gesien teen die agtergrond van 'n hospitaal wat spesialiseer in die versorging van mense wat velprobleme het (Beckett 1994:76).

In Grünewald se kruisigingstoneel reflekteer die figure en hul plasing die Renaissance se ontdekkings, insluitend die harmonie as geheel gesien. Dit weerspieël die wreedheid van bestaan. Daar is harmonie in die samestelling, maar die figure self is nie harmonieus nie, as 'n mens die feit in aanmerking neem dat die figure lyk of hulle die aaklige siekte van die hospitaal waarvoor dit geskilder is, het (Dillenberger 1986:47& 50).

Die liggaamlike voorstelling van Jesus het in verskeie belangrike ikonografiese motiewe ontwikkel wat Jesus in gebare van pronkerigheid voorstel. Beelde van Jesus se lyding en opstanding bevat die tekens van toegewyde praktyke in beide

die privaat- en publieke sektor, wat daarop gemik is om Jesus in die gelowige se gedagtes te vestig. Die taak was om die patos of lyding van Jesus in 'n sensasie van medelye en lyding in die toeskouer te verander (Morgan 1998:63-64).

Grünewald wou dalk nie die skildery geskilder het met die simptome van “die heilige Antonius se vuur” nie. As hy dit sou doen, kon die mense dit dalk verwerp. Daarom het hy die simptome versprei sodat dit 'n aanknopingspunt vir almal kon wees (Monick 1993:91).

Die rooi kleur oorheers die hele eerste vertoon van die altaar en dit is die lewenskleur wat afsteek teen die bleek groen van Jesus se liggaam teen die “lykgroen” dodelandskap. As tweede kleur staan die suiwer wit van Maria se diakonesse mantel, die lam se wolvlies en van Johannes die Doper se oopgeslane boek en titelbord daarteen. In hierdie suiwer tweeklank vind ons weer die gewyde sublimasie van die sinnelike “vlees” in Maria Magdalena se aardse drag. Slegs nog die ou beskermheilige, die heilige Antonius, toon aan sy onderkleed en voering sagter groen en grys (Holm 1697:89).

Die kleur wat kortkom in die kruisiging word weer opgemaak en ondersteun deur die kleur in die predella en stilstaande luike. Daar word ses skakerings van rooi gebruik in die sentrale paneel, predella en luike. Geen twee is dieselfde nie, maar tog is dit in harmonie. Die ligte, blouerige landstreek van die predella stem ooreen met die kleur van die donkerblou agtergrond van die groter paneel bokant dit. Die wit hoed van die Maagd Maria in die predella maak 'n beginpunt waarvandaan die oog 'n volledige sirkel kan maak. Die oog beweeg op met die wit mantel van die Maagd Maria by die kruis, daal van die wit agtergrond vir die inskrywing *INRI* af met die wit bladsye van die oop boek in die linkerhand van Johannes die Doper, af na die wit lam by sy regtervoet en dan terug na die beginpunt (Burkhard 1976:27).

In die paneel onder die toneel is die drie Marias wat Jesus se liggaam voorberei vir die graf. Op die luike is die heiliges Sebastiaan en Antonius (Carr-Gomm 2009:106). Links van die kruis is die drie geliefdes van die predella, dié wat die

dood aanvaar en lewe. Hier sal die pasiënte gelyktydig vermaan en vertroos word wanneer hulle die onvermydelike vergelyking moet maak van hoe “klein” die sondares in haar vleeslike liefde vertoon teenoor die moeder in haar volledige heenstrewende. Hier word die woorde van Johannes reeds bewaarheid en die troos verkondig dat die “arms van die seun” wat Jesus tot sy plaasvervanger bestem het, sy moeder in haar magteloosheid sal steun (Holm 1697:88).

Aldus staan daar dan die eerste aansig met die buitenste luike toe, onder die teken van die grootste beproewing van die pasiënte en word hulle gelyktydig vermaan en vertroos; donker en lig in hulle wanhoop word aan hulle voorgehou. Maar hierdie byfigure word as ’n groep oopgeklou deur die kruis wat soos ’n magtige arend neerdaal op die toeskouer of, omgekeerd, soos ’n groot spanboog die hoogte inskiet en met sy groot letters, *INRI*, die “titel” tot die hele wonderboek van genesing vorm. Hier, langs die ou stam van die kruis, breek die smartmisterie oop, breek Jesus se gemartelde liggaam in twee. Sy bloed vorm die band wat alles verenig, dit verleen aan die helpers hul mag en hul mantels is daarvan gekleur (Holm 1697:88 - 89).

’n Gedraaide en bebloede figuur van Jesus aan die kruis is in die middel geskilder en links staan die hartseer Maria wat getroos word deur Johannes die Evangelis. Maria Magdalena kniel met hande saamgevou in gebed en regs staan Johannes die Doper en wys na die sterwende Jesus. Aan die voet van Johannes is ’n lam wat ’n kruis vashou en die “Lam van God” simboliseer (Johannes 1: 29). Die lam is vir die mense se sonde geoffer (Piocch 2002:n.p.).

Sonder die predella aan die onderkant kan die enkele figuur van Johannes die Doper nie die drie figure aan die ander kant balanseer nie. Dit is ten spyte van die feit dat sy voete stewig geplant is, sy bene wyd staan en sy regterarm met wysende vinger (Burkhard 1976:57).

3.3.1 Fisiese pyn



Figuur 7: Fisiese pyn

Die kruisbalke van die kruis is 'n eenvoudige, rowwe balk wat onder die gewig van die sterwende Jesus buig. Sy arms is abnormaal verleng en sy hande is 'n stille uitroep van pyn wat ook 'n uitroep en oorgee aan God is (Beckett 1994:77; Pioch 2002:n.p.). Die regop kruis is aan die regterkant effens gedraai. Met die liggaam van Jesus wat saam met die kruis draai, kry mens die gevoel dat die figure oneweredig verdeel is (Burkhard 1976:28).

Die balke van die kruis word voorgestel as droog en gekraak en daar is ook nog boombas op sekere plekke. Die dwarsbalk is so dun dat die spykers aan die agterkant gesien kan word en so elasties dat dit onder die gewig van Jesus buig. Hy hang so swaar af dat sy skouers uit hul potjies trek. Die liggaam van Jesus is baie groter as dié van al die ander figure, asof Grünewald deur hierdie oordreweheid die toeskouer probeer beïndruk met die vleeslike lyding waardeur Jesus moes gaan (Burkhard 1976:28).

Gebreekte stukkie hout sit steeds aan die liggaam van Jesus vas en bloed drup uit die wonde. Die hande word krampagtig saamgeklem. Die voete is skrikwekkend misvorm en die geel vel is besig om grys-groenerig te word. Die passievolle lyding van sy gesnyde, stukkende, gekneusde en bebloede liggaam word ook uitgedruk in die moeë eienskappe van die hangende, bebaarde gesig. Hy is moeg en op die rand van die dood. Sy lippe hang oop en lyk blou. Sy gemartelde kop is stukkend as gevolg van die doringkroon en 'n kledingstuk is ongemaklik oor die liggaam gedrapeer (Burkhard 1976:28-29). Jesus se sterwende liggaam is deur die marteling van die kruis verwing. Die dorings van die gesels steek nog in die etterende wonde wat die hele gestalte bedek (Gombrich 1958:257).

Die Bybelse skrifte oor die kruisiging noem dat Jesus geslaan is. Dit is moontlik om die gevolgtrekking te maak dat die geskilderde Jesus se veluitbreking deur

die brutale behandeling veroorsaak is. Stukkies hout kon van takke los gekom het en dan in die vel van die man wat die mishandeling moes ondergaan, vasgesit het (Monick 1993:89-90).

Jesus se voete is in 'n misvormde boog gestrek. Sy vingers gryp na die omringende swartheid, en die vlees is doodsbleek, verbleik en gespikkel met doringwonde. Die rowwe oppervlakte van die kruis se balk is bietjie gebuig en die arms van Jesus is pynlik rigied sodat die liggaam soos 'n hulpelose pyl op 'n groot boog lyk (Gregory 1985:1161-1162).

Die eerste en blywende impak wat die altaarstuk maak is die beeld van siekte, onderstreep deur die dubbele grootte van Jesus. Sy liggaam is egter goed gebou ten spyte van sy pyn. Sy vel is groenerig as gevolg van verrotting en is oortrek met knoppe en sweertjies. Die seertjies het 'n loodagtige kleur wat 'n innerlike vergiftiging wat na die vel kom, voorstel. Sy hande en voete is misvorm en geswel (Monick 1993:89).

3.3.2 Die familie se smart



Figuur 8: Johannes en Maria

Op hierdie skildery, waarop die verskrikking van die werklikheid sonder versagting afgebeeld is, is daar tog een onwerklike en fantastiese eienskap. Die figure verskil aansienlik in grootte. Dis duidelik dat Grünewald hier die voorskrifte van die moderne kuns, soos hulle vanaf die Renaissance ontwikkel het, verwerp het. Hy het opsetlik teruggekeer na die beginsels van die primitiewe Middeleeuse skilders, wat die grootte van hul figure na gelang van hul belangrikheid op die skildery laat wissel het. Net soos hy ter wille van die geestelike boodskap van die altaar die aangename soort skoonheid opgeoffer het, so het hy ook die nuwe vereiste van juiste verhoudings verontagsaam. Die verskillende groottes van die figure het hom gehelp om die mistieke waarheid van Johannes die Doper se woorde in

Johannes 3:30 (“Hy moet vermeerder en ek moet verminder”) uit te druk (Gombrich 1958:257-258; Krén & Marx 1996b:para. 2).

Die verskil in die figure se grootte is ook op ander plekke in die skildery te bespeur. Ons hoef net die hande van Maria Magdalena onder die kruis te vergelyk met dié van Maria om die groot verskil in hul dimensies te sien. Teenoor die droewige agtergrond staan die vyf spookagtige figure se helder kleure uit. Hulle stywe lyne beklemtoon die emosie wat hulle in hul gebare en gesigsuitdrukkings ervaar. Die kruis is op die voorgrond geplaas, die kop van Maria Magdalena is gewelddadig agteroorgegooi en lyk of dit uit die skildery na ons toe aankom. Die wysvinger van Johannes die Doper, wat ligter word na die punt, het dieselfde uitwerking (Burkhard 1976:28).

Die figure is geskei deur die groot sterwende Jesus, die stoïsynse figuur van Johannes die Doper staan aan die regterkant en die getraumatiseerde familie en vriende aan die linkerkant. Maria sak inmekaar van uitputting of van die behoefte om die aangesig van haar gekruisigde Seun uit te sluit. Grünewald het haar oorspronklik as ’n regop figuur geskilder, maar het later haar lyf in hierdie treurige toestand gebuig. Sy word deur die wanhopige Johannes die Evangelis ondersteun (Beckett 1994:77).

Jesus se lyding word in Maria se tradisionele beeld van die weduwee gereflekteer. Sy word flou in die arms van Johannes die Evangelis, in wie se sorg Jesus haar gelos het. Jesus se lyding word ook in die kleiner figuur van Maria Magdalena, met haar houer self, wat haar hande saamvou in smart, gereflekteer. Aan die ander kant van die kruis, staan die magtige figuur van Johannes die Doper, met die antieke simbool van die lam wat die kruis dra en bloed wat loop in die beker van die Heilige Nagmaal. Met ’n streng en bevelende gebaar wys hy na Jesus en oor hom is die geskrewe woorde wat hy praat (volgens Johannes 3:30): “Hy moet vermeerder, maar ek moet verminder” (Krén & Marx 1996b:para. 3).

Die kruis staan naby die middel en amper alleen, die figure aan die kante is in groepies gerangskik. Die drie figure wat aan die linkerkant is, beweeg van

menslike simpatie tot die punt van fisiese pyn. Die naaste aan Jesus, met sy kop na haar gedraai, kniel die klein figuur van Maria Magdalena met haar hande, saamgepers in pyn, opgelig na Jesus. Dit is 'n simbool van gepynigde wanhoop. Haar emosionele pyn beweeg haar mantel, versteur haar hare, soek verduideliking in haar bewegings, vingers wat sukkel om hulself te bevry van die reeks sterk voue van die draperings wat haar arms vashou asof dit ysterringe is (Burkhard 1976:29).

Haar onbeteuelde protes berei ons voor vir die meer waardige roubetoon van die Maagd Maria, wie se figuur direk agter haar oprys, met vorms van effektiewe kontras. Magdalena is naby, klein, menslik en versteur terwyl Maria ver is, heldhaftig, tragies en onder bedwang. Die golwende lyne, vloeiende bewegings en raserige emosies van Magdalena is nou verwerp. Die Maagd se mantel is wit en koud, haar vorm rigied en ferm, haar gesig leweloos en haar oë gesluit. Haar vallende liggaam dreig om agteroor te val met 'n beweging so snaaks dat dit menslik onmoontlik, maar meer vreesaanjaend lyk. Hierdie uiterste konsep het Grünewald skynbaar slegs bygeval met hierdie komposisie. Daar kan fyn tekens gesien word met vroeër weergawes waarin die Maagd regop staan. Haar mantel val van haar nek af, haar kop leun teen Johannes die Evangelis en haar oop rigiede oë fokus op Jesus. Die posisie van Johannes is so verander dat hy die Maagd teer vashou. Sy regterhand met grasieus-geopende vingers raak liggies aan haar rok en sy linkerhand hou haar voorarm ferm vas in 'n knellende greep wat sirkelende ringe in haar mou laat (Burkhard 1976:29).

Die figure word as groep oopgekloof deur die kruis wat soos 'n magtige arend neerdaal op die toeskouer of soos 'n groot spanboog die hoogte inskiet en met sy groot letters, *INRI*, die "titel" tot die hele wonderboek van sy genesing vorm. Hier langs die ou stam van die kruis word die hartseer verhaal openbaar en breek Jesus se gemartelde liggaam in twee. Sy bloed vorm die band wat alles verenig en verleen aan die helpers hul mag; hul mantels is daarvan gekleur (Scholz 1972:88-89).

Aan die kante van die kruis staan die twee Johannesse wat epilepsie voorstel. Die Evangelis ondersteun Maria. Die Doper is alleen en wys na Jesus. Daar is water agter hom, 'n simbool van doop en spirituele verlossing. Dit kan moontlik ook 'n uitbeelding van die spa-waters van die omgewing van Vosges, minder as vyf kilometer van die klooster af, wees (Casu, Franchi & Franchi 2004:129).

Terwyl Magdalena hartseer kniel, vloei die lam se bloed in 'n beker en 'n afbeelding van die mis waar die opoffering van die kruis herhaal word. Die figure is buite verhouding en 'n gewelddadige ekspressionisme onderstreep die wrede voorstelling van die gekruisigde Jesus. Sy lyf is vaalgrys van die bloedtekort, sy maag is ingedui, sy mond is half-oop en met bloed besmeer, sy arms is uitgestrek om die traeliggaam te ondersteun wat die dwarsbalk onder sy gewig buig, sy vingers is oopgesprei en sy voete is vasgebind (Casu, Franchi & Franchi 2004:131).

3.3.3 Pyn gevisualiseer



Figuur 9: Pyn gevisualiseer

Grünewald vat die bekommernis tydens die Gotiese periode met lyding, sonde en moraliteit tot sy vêrste ekstreem. In hierdie grafiese besonderhede is Jesus die slagoffer, fisies in sy onmenslike toestand afgestoot en vêr-verwyderd van die heldhaftige, atletiese, mooi Jesus-beeld van die Renaissance. Grünewald se beeld is een van afsku, 'n metafoor vir die groot wreedheid en afbreek van watter menslikheid daar moontlik is (Beckett 1994:77; Krén & Marx 1996b:n.p.).

Die donkerrooi bloed vorm 'n skrilte kontras met die sieklike groen van die vel. Deur sy gelaatsuitdrukking en die indrukwekkende gebaar van sy hande spreek die Man van smarte tot ons die betekenis van sy kruisdood (Gombrich 1958:257).

3.3.4 Johannes se profesieë



Figuur 10: Johannes die Doper

Johannes die Doper staan kaalvoet en dra dierevel wat sy tyd in die wildernis simboliseer. Hy het ook 'n boek. Hy lyk onaangeraak deur die wreedheid van die oomblik en is onaangeraak in sy profetiese oortuiging in die naglig geskryf: “Hy moet vermeerder, maar ek moet verminder” (Beckett 1994:77; Krén & Marx 1996b:n.p.).

Grünewald wou ongetwyfeld gehad het dat dié wat na die altaar kyk, die woorde, wat hy so sterk deur Johannes die Doper beklemtoon het, moet oordink. Miskien wou hy ons selfs laat sien hoe Jesus meer en ons minder moet word (Gombrich 1958:257-258).

Aan die ander kant van die kruis staan die enkelfiguur van Johannes die Doper. Hy is blond met blou oë en 'n baard. Hy staan soos 'n kenmerkende Duitse man voor ons. Sy rowwe voete is uitwaarts gedraai, ver uitmekaar en plat op die grond. Dit is ferm, kalm en onverstoorsaar, wat ons vertel dat hy 'n figuur van onverskrokke oortuigings en standvastige geloof is. Sy kaal regterarm, vry van die bindende draperings, is in 'n uitdagende, bevelende gebaar uitgestrek. Die wysvinger is later verleng en doelbewus te ver opwaarts gebuig. Al is dit menslik misvorm, het dit beweging en betekenis. Die boodskap word in groot duidelike letters, in die spasie gevorm deur die buig in sy arm tussen sy voorvinger en gesig, uitgedruk: *ILLUM OPORTET CRESCERE ME: AUTEM MINUI* (Hy moet vermeerder, maar ek moet verminder) (Burkhard 1976:30).

Die gemartelde en onmenslike liggaam van Jesus aan die kruis is die oomblik van pyn en dood. Die figuur van Johannes die Doper nooi die toeskouer om oor Jesus se offerande en die implikasie van die woorde toegeken aan Hom in die Bybel te mediteer (Carr-Gomm 2009:106).

Pasiënte wat in wondergenesing glo is “Godsmartelaars” genoem en hulle word baie oortuigend deur die groot gebaar van die eerste martelaar, Johannes die

Doper, daarop gewys dat hul leed geringer moet word namate hul die eindeloos groter leed van Jesus aanvaar. Hy “spreek” dit uit in skriftekens wat wonderlik voor die duister hemel van die middelpaneel verskyn. Dit is die profetiese leuse wat in sy veelsinnigheid verwarrend en tog duidelik die weg wys, woorde wat die dode in die doderyk tot die Dode aan sy kruis verbind (Scholz 1972:88).

3.3.5 Die lam van God



Figuur 11: Lam van God

Die lam is as 'n offerdier deur die Jode gebruik. Dit is deur die vroeë Christene as 'n simbool van Jesus se offerande aangeneem. Dit word ook met Johannes geassosieer. Toe hy Jesus gesien het, het hy gesê: “Kyk na die Lam van God” (volgens Johannes 1:29). Die lam lyk normaal, maar hou 'n kruis vas, terwyl sy offerandebloed in 'n beker invloei (Beckett 1994:77; Krén & Marx 1996b:n.p.).

3.4 Gevolgtrekking

Deur die kruisigingstoneel in kleiner dele op te breek, kan daar gesien word dat Grünewald baie aandag gegee het aan klein besonderhede wat 'n toeskouer van die skildery nie dadelik sal opval nie, maar later sal laat oordink.

Daar is baie simboliek in die skildery. Johannes die Doper was reeds oorlede ten tye dat Jesus gekruisig is. Die lam, wat simbolies is van Jesus as die Lam van God, die twee Marias in smart aan die voet van die kruis, asook Johannes die Evangelis wat die Maagd Maria bystaan, is almal simboliek.

As daar gekyk word na die manier waarop die hande en voete geskilder is, kan gesien word hoe Grünewald die fisiese pyn voorstel: Jesus se hande krul om van pyn en sy voete is benerig en groen; Maria Magdalena se hande is saamgeklem in smart asof sy besig is om te bid; die Maagd Maria buig agteroor asof die smart haar na die grond dwing; haar hande is ook saamgevou asof sy besig is om te pleit dat haar Seun nie gekruisig moet word nie.

Daar word ook egter 'n stukkie nadenkende woorde op die skildery gebruik wat die toeskouer twee keer gaan laat dink. Johannes die Doper wys na Jesus met 'n uitgestrekte vinger en die woorde: “Hy moet vermeerder, maar ek moet verminder”. Hierdeur wys hy vir die toeskouer dat dit nie saak maak hoekom hulle die hospitaal is nie, dit waardeur hulle gaan, is nie so groot soos die opoffering wat Jesus vir ons gemaak het nie.

Grünewald wou ook hê dat die mense moet “sien” hoe Jesus groter word en daarom is die Jesusfiguur baie groter as die res van die mense om die kruis geskilder. Die navorser maak die gevolgtrekking dat Grünewald die mense hier deur probeer wys dat Jesus die enigste een is wat hulle kan help.

Jesus word in die skildery as 'n beeld van pyn en smart gebruik. Die mense wat in die hospitaal is, kan dus hulself met Jesus, wat ook pyn en smart ervaar soos hulle ervaar het, vereenselwig.

Hoofstuk 4: Ergotisme

4.1 Inleiding

Ergotisme is 'n baie ernstige siekte wat veroorsaak het dat mense hul ledemate verloor het. Dit word as een van die ergste siektes gedurende die Renaissance-tydperk beskou.

4.2 Waarom dit ondersoek word

Ergotisme word ondersoek omdat daar bewys is dat die klooster waarvoor die Isenheim-altaarstuk geskilder is, na mense wat verskillende velsiektes gehad het, omgesien het. Hierdie skildery het vir die pasiënte hoop gebring dat hulle ook genees kan word.

Baie van die simptome van ergotisme kan ook in die Isenheim-altaarstuk gesien word. Die heilige Sebastiaan is ook gesien as die heilige van die melaatse.

4.3 Wat is ergot?

Ergot is die alkaloïed-bevattende produk van 'n swam, *Claviceps purpurea*, wat op graan, veral rog, groei. Die swamspore word deur die wind na die stamvrugte van jong rog gedra, waar hulle in die filamente ontkiem. Hierdie swam groei dan diep in die rog. Dit vorm 'n digte weefsel wat geleidelik die graan oorneem en verhard in 'n pers, geboë ingewing. "Ergot" is afgelei van "argot", 'n Ou Franse woord vir die haan se ingewing (De Costa 2002:1768).

Die dramatiese simptome en tekens van ergotisme het die aandag van baie kunstenaars behou, veral in die laat Middeleeue. Grünwald het figure met abnormale houdings en aanvalle voorgestel in sy skilderye vir die Antonitiese klooster in die Ryn-vallei. Hy het die figure voorgestel met abnormale houdings en aanvalle. Die pasiënte in die klooster was moontlik modelle vir die skilderye (De Costa 2002:1768).

4.4 Waar kom ergotisme vandaan?

Ergotisme, of epidemiese ergotvergiftiging, wat veroorsaak word deur die eet van besmette rogbrood, was inderdaad een van die dodelikste siektes van die Middeleeue. Vroedvroue se gebruik en misbruik van ergot as 'n baarmoederstimulant is gereeld gedokumenteer. Die farmakologiese eienskappe van ergot word al vir eeue erken, al is dit nie baie nagevors en gepubliseer tot in die vroeë 20ste eeu nie (De Costa 2002:1768).

Die eerste gedokumenteerde epidemie van ergotisme het moontlik tussen 944 n.C. en 945 n.C. voorgekom. Sowat 20 000 mense van die Aquitane-streek in Frankryk (omtrent die helfte van die populasie) het aan ergotvergiftiging gesterf. Sowat 50 jaar later sterf omtrent 40 000 mense aan die “heilige vuur” (Schiff 2006:1).

Daar is 'n paar baie vroeë verwysings na ergot. Dit was moontlik die skadelike blaartjie in die oor van graan, wat op 'n Assiriese spykerskriftablet van omtrent 600 v.C. gedokumenteer is. Dit is ook in een van die heilige boeke van die Fariseërs (tussen 400 v.C. en 300 v.C.) genoem dat die gras wat verwagte vroue geëet het, veroorsaak het dat die baarmoeder saamtrek en die babas dan doodgegaan het. Rog is nie deur die vroeë Grieke en Romeine geëet nie, so daar is geen verwysing na ergotisme in die literatuur van daardie tyd nie. Rog is nie tot en met Christenskap aan Wes-Europa bekendgestel nie. Daarom is daar nie tot die Middeleeue geskrewe bewyse van ergotvergiftiging gevind nie (De Costa 2002:1768).

Tydens die Middeleeue het verskeie outeurs vir die eerste keer voorgestel dat daar twee vorms van kliniese ergotisme is, naamlik gangreen en stuiptrekkings. Die gangreen het meer aan die westelike kant van die Rynrivier voorgekom en die stuiptrekkings aan die oostelike kant (Lee 2009:181).

Die eerste opmerking oor 'n plaag of gangreen-ergotisme in Europa kom in 857 uit Duitsland. Daar is baie dokumente oor die epidemie in Frankryk, Duitsland en

Skandinawië. 'n Duitse dokter, Wendelin Thelius, gee 'n weergawe van 'n epidemie wat in 1596 in die koninkryk van Hesse gewoed het. Hy was een van die eerste wat ergotisme aan graan toegeken het. In die 17de eeu het baie skrywers hierdie konneksie bevestig. Maar dit was nie tot in die laat 18de eeu dat daar voorstelle gegee is hoe om die ergotvergiftiging te beveg nie (De Costa 2002:1768).

In 1597 het wetenskaplikes by die Marburg Universiteit gesien dat tekens van ergotisme getoon is nadat verwoeste rog-graan ingeneem is en dat verwoeste rog in koue, vogtige seisoene gegroei het. In 1630 is daar gesien dat verwoeste graan 'n siekte by diere veroorsaak het. Die siekte het ooreenkomste met ergotisme in mense getoon. Teen die einde van die 18de eeu is die vergiftiging in diere gesien (Schiff 2006:2).

Gedurende die 18de eeu het plantkundiges ergot voortdurend 'n superrog genoem. Dit bevat 'n vergrote kern. In 1764 erken Von Munchhausen ergot uiteindelik as 'n fungus. Epidemies van ergotvergiftiging, ook ergotisme genoem, het voortgegaan in die kontinent van Europa deur die Middeleeue en uitbrake van ergotisme het in 1581, 1587 en 1596 in Duitsland voorgekom. Hierdie epidemies was as gevolg van die feit dat rog in groter hoeveelhede in die Middeleeue gekweek is en baie mense (veral armes) die besmette rogmeel geëet het (Schiff 2006:1-2).

Gedurende die 19de eeu is daar aanvaar dat rog met ergot verantwoordelik was vir alle vorms van ergotisme. Pogings om die gesonde rog van die besmette graan te skei, is aangewend, maar tegnies was dit baie moeilik. Gewetenlose boere en meulenaars het dikwels nie die noodsaaklike stappe geneem om die ergot uit te skei nie (Lee 2009:181).

4.5 Vorms van ergotisme

Ergotisme het twee hoofmanifestasies gehad. Die eerste vorm was gangreen (verwys na as kroniese ergotisme) en die tweede stuiptrekkings (akute ergotisme) (De Costa 2002:1768).

4.5.1 Gangreen-ergotisme

Die eerste vorm van ergotisme, bekend as die “heilige vuur” of “St Antonius se vuur”, is gekenmerk deur ’n intense brandpyn en gangreen van die slagoffers se voete, hande en ledemate. Dit is deur ergot se vasokonstriktiewe eienskappe veroorsaak. In ernstige gevalle het die geaffekteerde weefsel swart en droog geword en het die gemummifiseerde ledemate weens bloedverlies afgeval. Spontane aborsies het ook baie gebeur (De Costa 2002:1768).

Die gangreen is ook bekend as “heilige vuur”, “duiwelse vuur” of “die heilige Antonius se vuur” en was meer algemeen in Frankryk. Die siekte se effek is deur merkbare perifere vasokonstriksie van die ledemate gekenmerk. Hande, voete en ledemate het geswel en dit het ’n geweldige brandende pyn veroorsaak. Dit het veroorsaak dat die droë gangreen-ledemate sonder enige pyn of bloedverlies by die lid afval (Schiff 2006:2).

Epidemies van gangreen-ergotisme is vanaf die Middeleeue tot die 19de eeu gedokumenteer (Schiff 2006:2).

Gangreen-ergotisme verloop volgens ’n definitiewe patroon. Eerstens kla die pasiënt oor algemene lusteloosheid, vergesel deur pyn in een van die ledemate, gewoonlik in die kuit van die been. Oor ’n aantal weke swel die voet of soms die hand en ontsteek. Dan skiet kenmerkende brandpyne deur die geaffekteerde ledemate. Hierdie pyn was algemeen en meer sigbaar in die Middeleeue, sodat dit spesiale name gegee is, soos “die heilige Antonius se vuur” en “die heilige Maria se vuur”. Opgevoede Latynse sprekers het hierdie pyn as *sacer ignis* (heilige vuur) geken (Lee 2009:182).

Daarna het sensasies van hitte en koue deur die ledemate gewissel. Die volgende fase is gekenmerk deur die ledemate wat gevoelloos word en die pyn verdwyn dan. Die vel word koud en doodsbleek en dan verskyn daar rooi of pers blasies. Die besmette deel word swart en die tone en voete val dan sonder enige pyn af (Lee 2009:182).

In ernstiger gevalle is die hele proses versnel en die ledemate het by die knie of enkels afgeval, met min bloeding en dikwels na 'n onbeduidende geklop. Die pasiënt daag dan by die hospies of hospitaal op en dra die ledemaat. In sekere gevalle het al vier die ledemate afgeval en hierdie pasiënt het dan gewoonlik vinnig gesterf (Lee 2009:182).

4.5.2 Stuiptrekking-ergotisme

Stuiptrekking-ergotisme word vir die eerste keer tussen 1581 en 1628 gedokumenteer (Schiff 2006:2).

Stuiptrekking-ergotisme is dikwels deur maniese episodes en hallusinasies, veral die gevoel dat die persoon vlieg, vergesel. Hierdie simptome is deur serotonien, die verskillende komponente van ergot wat verband hou met *Lysergic Acid Diethylamide* (LSD), veroorsaak (De Costa 2002:1768).

Die tweede vorm van ergotisme, ook bekend as “die stuiptrekkings” was veral algemeen in Duitsland en is tipies gekenmerk deur die ontwikkeling van maniese episodes en hallusinasies, saam met rigiede, baie pynlike gebuigde ledemate, spierspasmus, stuiptrekkings en erge diarree (Schiff 2006:2).

Stuiptrekking-ergotisme se eerste simptome word beskryf as swaarheid in die kop en ledemate. Dit word vergesel deur ligte diarree (sonder naarheid). Die volgende manifestasie was gevoelloosheid in die hande en voete, saam met 'n tintelende sensasie in die ledemate wat gevoel het soos miere wat onder die vel hardloop. Ander sensasies wat beskryf word, is die gevoel van naalde en spelde in die ledemate (Lee 2009:182).

Later in die siekte is stuiptrekkings van klein spiervesels, veral die spiere rondom die mond en oë, waargeneem. In ligte gevalle het die siekte gedurende hierdie stadium self opgeklar. In ernstiger vergiftiging het die siekte erger geword en het die stuiptrekkingfase begin. Dit het as tonikum of kloniese spasmas van die ledemate, wat soms met kontraksies van die gesigspiere, stembande en diafragma gepaard gegaan het, voorgekom. Die pasiënt se tong is dan soms afgebyt (Lee 2009:182).

4.6 Die heilige Antonius se vuur

In omtrent 1093 het die Franse edelman, Gaston deValloire, die Hospitaalbroers van die heilige Antonius gestig. Hy het die hospitaal naby die kerk van die heilige Antonius in La-Motte-Saint-Didier, naby Vienne gebou. Die hospitaal het pasiënte met ergotisme van oral in Wes-Europa (maar spesifiek Frankryk) gehuisves. Oorblyfsels van die heilige Antonius se liggaam is vanaf Konstantinopel gebring. Pous Urban II het die Orde in 1095 erken en in 1297 het Pous Boniface VIII die klooster aan die waardigheid van die abdy gelykgestel. Gedurende die 12de eeu is die siekte sterk met die heilige Antonius verbind. Houtsneewerk van daardie tyd wys die heilige, vergesel deur sy getroue vark, saam met slagoffers wat krukke gebruik (Lee 2009:182).

Die heilige Antonius was 'n derde-eeuse Egiptiese askeet. Hy het 'n vleklose lewe in die woestyn naby die Rooi See gelei, terwyl hy vir lang periodes gevas het. Dit was moontlik die rede vir die visioene en versoekings wat hy ervaar het. Hy het geglo dit is die werk van die duivel en het dit standvastig weerstaan. In sy leeftyd het Antonius geen direkte konneksies met ergotisme gehad nie, maar sy naam is deur 'n orde van Hospitaalridders aangeneem. Hulle het swart klere met blou-geborduurde kruise gedra en deur die Middeleeuse Europa rondgereis. Hulle het klein klokkies gelui om aalmoese te vra en die hospitale wat hulle befonds het, het pelgrimstogsentrums vir mense wat aan ergotisme gely het, geword. Die Antonitiese monnike was gekrediteer met baie geneesmiddele en

daarom is Antonius se naam en lewensverhaal met die siekte verbind (De Costa 2002:1768).

“Die heilige Antonius se vuur” is so genoem omdat die Orde van die heilige Antonius oorspronklik in die Middeleeue die slagoffers versorg het wie se toestand gevoel het soos ’n erge brand of vuur (Schiff 2006:2).

Tussen die 12de en 14de eeu het duisende pasiënte die pelgrimstog na die abdy of een van sy satelliet kerke onderneem. Die ervaring van die lydende pelgrims is gewoonlik deur een van twee uitkomstes gevolg. Baie het binne sewe dae na hulle aankoms by die abdy gesterf. As hulle die kritiese tyd oorleef het, het hulle ’n wonderkuur ervaar. Ledemate is steeds verloor, maar sonder verrotting. Die hoofdoel van die hospitaal in die heilige Antoine-L’Abbaye was aan die een kant om aan die pasiënte gesonde kos te voorsien en aan die anderkant om die geamputeerde stompe van die ledemate te versorg (Lee 2009:183).

4.7 Gevolgtrekking

Ergotisme was ’n ernstige siekte.

Die siekte is al so vroeg as 944 n.C. en 945 n.C. gedokumenteer. Vir eeue het mense gesterf aan dié siekte wat veroorsaak is deur die eet van besmette rog. Swanger vrouens wat dit ingeneem het se babas het gewoonlik dood gegaan voordat hulle gebore is.

Daar is twee verskillende soorte ergotisme. Die een was bekend as gangreen-ergotisme; dit was die ergste soort ergotvergiftiging wat daar was. Hierdie soort vergiftiging was ook bekend as “die heilige Antonius se vuur”. Dit het veroorsaak dat mense ledemate verloor het. Dit het die ledemaat laat afval; mense het dikwels met die ledemaat by die hospitaal opgedaag, maar dit was gewoonlik te laat en die slagoffers het dikwels hieraan doodgegaan.

Die tweede soort ergotvergiftiging was stuiptrekking-ergotisme. Hierdie soort vergiftiging het veroorsaak dat die persoon wat daaraan ly, stuiptrekkings gekry

het. Stuiptrekking-ergotisme het veroorsaak dat mense 'n swaar gevoel in hul koppe gekry het. Die persoon het ook dikwels maniese episodes en hallusinasies gehad. Dit het hulle dikwels laat voel dat hulle kon vlieg. Mense het hulle tonge gereeld gedurende hierdie soort vergiftiging afgebyt.

“Die heilige Antonius se vuur” is vernoem na 'n Egiptiese askeet. Die heilige Antonius was 'n kluisenaar wat in die woestyn naby die Rooi See geleef het. Terwyl hy daar gebly het, het hy ook vir lang periodes gevas en daarom het hy baie visioene en versoekings ervaar. Daar is later 'n klooster ter ere van hom begin, waar daar na mense omgesien is wat veral velsiektes gehad het.

Grünewald het later ook vir hierdie klooster se altaar 'n altaarstuk geskilder wat hom beroemd gemaak het.

Hoofstuk 5: Bybelteksontleding

5.1 Inleiding

Die meeste mense wat die Bybel lees, lees dit om religieuse redes. Die Bybel is die heilige boek van Christene en die deel wat Christene die Ou Testament noem, is die heilige boek vir die Jode. Wanneer gelowiges die Bybel lees, hanteer hulle dit nie soos enige ander boek nie, maar benader dit met die verwagtinge wat verband hou met sy spesiale heilige status (Barton 2010:1).

In die jare tussen die dood van Jesus en die skryf van die Evangelies, is daar sêgoed van Jesus, stories oor Hom, versamelings van vergelykings of wonderwerke, vlugtige blikke van die kruisigings- en opstandingservarings vertel, gehoor en gretig oorvertel. In sekere gevalle is die materiaal neergeskryf vir leerdoeleindes of vir die gebruik van aanbidding (Reumann 1991:47).

Die vier Evangelies kan as literêre kunswerke bestudeer word. Die eerste drie Evangelies staan ook as die sinoptiese Evangelies bekend. Elke Evangelie weerspieël 'n beeld van Jesus wat van die ander drie Evangelies verskil. Die Bybelleser probeer al hierdie beelde saamvoeg om een beeld van Jesus te vorm, maar dit is onmoontlik omdat dit die beeld wat die Evangelies probeer weergee, teenstaan. Die doel van die Evangelies gaan dan verlore (Powell 2009:82).

Om teks te lees, is 'n sirkelvormige proses, wat ook 'n "hermeneutiese spiraal" genoem word. Jy bekom voortdurend nuwe inligting tydens die lees en herlees van die teks. Hierdie manier van teks lees, verdiep en brei jou begrip van die teks uit (Van der Watt 2007:9).

Voordat daar gekyk gaan word na een spesifieke teks wat Grünewald moontlik kon gebruik het, gaan daar eers na die kruisigingstoneel van die vier Evangelieskrywers gekyk word.

5.2 Die vier Evangelies

5.2.1 Die kruisigingstoneel volgens die Evangelie van Matteus

Matteus 27:32-56 (1933/53-vertaling)

³²En toe hulle uitgaan, kry hulle 'n man van Sirene, met die naam van Simon; hom het hulle gedwing om sy kruis te dra. ³³En hulle het gekom op 'n plek wat Golgota genoem word - dit beteken: Plek van die Hoofskedel - ³⁴en vir Hom asyn, met gal gemeng, gegee om te drink; en toe Hy dit proe, wou Hy nie drink nie. ³⁵En nadat hulle hom gekruisig het, het hulle sy klere verdeel deur die lot te werp, sodat vervul sou word wat deur die profeet gespreek is: Hulle het my klere onder mekaar verdeel en oor my gewaad die lot gewerp. ³⁶En hulle het gaan sit en Hom daar bewaak. ³⁷En bokant sy hoof het hulle sy beskuldiging in skrif opgestel: DIT IS JESUS, DIE KONING VAN DIE JODE. ³⁸Toe word daar saam met Hom twee rowers gekruisig, een aan die regter- en een aan die linkerkant. ³⁹En die verbygangers het Hom gesmaad terwyl hulle hul hoofde skud ⁴⁰en sê: U wat die tempel afbreek en in drie dae opbou, red Uself! As U die Seun van God is, kom af van die kruis! ⁴¹En so het ook die owerpriesters saam met die skrifgeleerdes en ouderlinge gespot en gesê: ⁴²Ander het Hy verlos, Homself kan Hy nie verlos nie. As Hy die Koning van Israel is, laat Hom nou van die kruis afkom, en ons sal in Hom glo. ⁴³Hy het op God vertrou; laat Hy Hom nou verlos as Hy behae in Hom het; want Hy het gesê: EK is die Seun van God. ⁴⁴En op dieselfde manier het die rowers wat saam met Hom gekruisig was, Hom ook beledig. ⁴⁵En van die sesde uur af het daar duisternis gekom oor die hele aarde tot die negende uur toe; ⁴⁶en omtrent die negende uur het Jesus met 'n groot stem geroep en gesê: Eli, Eli, lama sabagtani! Dit is: My God, my God, waarom het U My verlaat? ⁴⁷En sommige van die wat daar staan, hoor dit en sê: Hy roep Elia. ⁴⁸Toe hardloop daar dadelik een van hulle en neem 'n spons en maak dit vol asyn, en sit dit op 'n riet en laat Hom drink. ⁴⁹Maar die ander sê: Wag, laat ons sien of Elia kom om hom te verlos. ⁵⁰Daarop het Jesus weer met 'n groot stem geroep en die gees gegee. ⁵¹En kyk, die voorhangsel van die tempel het in twee

geskeur, van bo tot onder en die aarde het gebewe en die rotse het geskeur;
⁵²en die grafte het oopgegaan en baie liggame van die ontslape heiliges het
opgestaan. ⁵³En na sy opstanding het hulle uit die grafte uitgegaan en in die
heilige stad ingekom en aan baie verskyn. ⁵⁴En toe die hoofman oor honderd en
die wat saam met hom Jesus bewaak het, die aardbewing sien en die dinge wat
daar gebeur, het hulle baie bevrees geword en gesê: Waarlik, Hy was die Seun
van God. ⁵⁵En daar was baie vroue wat dit van ver af aanskou het, wat vir Jesus
van Galilea af gevolg en Hom gedien het. ⁵⁶Onder hulle was daar Maria
Magdalena en Maria, die moeder van Jakobus en Josef, en die moeder van die
seuns van Sebedeüs (Familie-studiebybel 1986:58).

Matteus 27:32-55 (1983-vertaling)

³²Toe hulle uitgaan, kry hulle 'n man van Sirene met die naam Simon, en hulle
het hom gekommandeer om Jesus se kruis te dra. ³³Hulle kom toe by 'n plek wat
Golgota genoem word; dit beteken Kopbeenplek. ³⁴Daar het hulle Hom 'n
mengsel van wyn en gal gegee om te drink, maar toe Hy dit proe, wou Hy dit nie
drink nie. ³⁵Hulle het Hom gekruisig en sy klere verdeel deur te loot. ³⁶Daarna het
hulle gaan sit en by Hom wag gehou. ³⁷Bokant sy kop het hulle die aanklag teen
Hom in skrif aangegee: "Dit is Jesus, die koning van die Jode." ³⁸Saam met Hom
het hulle ook twee rowers gekruisig, een regs en die ander een links van Hom.
³⁹Die mense wat daar verbygehoop het, het Jesus gelaster. Hulle het die kop
geskud ⁴⁰en gesê: "Jy wat die tempel afbreek en in drie dae opbou! Red jousef
as jy die Seun van God is, en kom van die kruis af!" ⁴¹Net so het die
priesterhoofde saam met die skrifgeleerdes en die familiehoofde ook gespot en
gesê: ⁴²"Ander het hy gered, maar homself kan hy nie red nie. Hy is mos die
koning van Israel! Laat hy nou van die kruis afkom en ons sal in hom glo. ⁴³Hy
het op God vertrou; laat God hom nou red as Hy dan behae in hom het. Hy het
immers gesê hy is die Seun van God!" ⁴⁴Op dieselfde manier het die rowers wat
saam met Hom gekruisig is, Hom ook beledig. ⁴⁵Van twaalfuur af het daar
duisternis oor die hele land gekom, en dit het tot drie-uur geduur. ⁴⁶Teen drie-uur
het Jesus hard uitgeroep: "Eli, Eli, lema sabagtani?" Dit is: My God, my God,

waarom het U my verlaat? ⁴⁷Party van die wat daar gestaan het, het dit gehoor en gesê: “Hy roep vir Elia.” ⁴⁸Een van hulle hardloop toe gou, vat ‘n spons en maak dit vol suur wyn en hou dit op ‘n stok vir Hom om te drink. ⁴⁹Maar die ander sê: “Wag, laat ons kyk of Elia hom kom red.” ⁵⁰Jesus het weer hard uitgeroep en die laaste asem uitgeblaas. ⁵¹Op daardie oomblik het die voorhangsel van die tempel van bo tot onder middeldeer geskeur. Die aarde het geskud, en die rotse het uitmekaar gebars. ⁵²Grafte het oopgegaan, en baie gelowiges wat dood was, is opgewek, ⁵³en hulle het uit hulle grafte uitgegaan. Na Jesus se opstanding het hulle in die heilige stad gekom, waar hulle aan baie mense verskyn het. ⁵⁴Toe die offisier en die soldate wat saam met hom vir Jesus bewaak het, die aardbewing sien en die dinge wat gebeur, het hulle baie bang geword en gesê: “Hierdie man was werklik die Seun van God.” ⁵⁵Daar was ook baie vroue wat op ‘n afstand gestaan en kyk het. Dit is hulle wat vir Jesus van Galilea af gevolg en vir Hom gesorg het. ⁵⁶Onder hulle was Maria Magdalena, Maria die moeder van Jakobus en Josef, en die moeder van die seuns van Sebedeus (Familie-studiebybel 1986:58).

5.2.2 Die kruisigingstoneel volgens die Evangelie van Markus

Markus 15:21-41 (1933/53-vertaling)

²¹En hulle het ‘n sekere Simon van Sirene wat van die veld af gekom het, die vader van Alexander en Rufus, gedwing om sy kruis te dra. ²²En hulle het Hom gebring op die plek Golgota, dit is, as dit vertaal word: Plek van die Hoofskedel. ²³Toe gee hulle Hom wyn met mirre gemeng om te drink, maar Hy het dit nie geneem nie. ²⁴En nadat hulle Hom gekruisig het, het hulle sy klere verdeel deur die lot te werp oor wat elkeen moes kry. ²⁵En dit was die derde uur toe hulle Hom gekruisig het. ²⁶En die opskrif van sy beskuldiging was bokant Hom geskrywe: DIE KONING VAN DIE JODE. ²⁷Hulle het ook twee rowers saam met Hom gekruisig, een aan sy regter- en een aan sy linkerkant. ²⁸En die Skrif is vervul wat sê: EN Hy is by die misdadigers gereken. ²⁹En die verbygangers het Hom gesmaad, terwyl hulle hul hoof skud en sê: Ha, U wat die tempel afbreek en in

drie dae opbou, ³⁰verlos Usself en kom af van die kruis! ³¹En so het ook die owerpriesters saam met die skrifgeleerdes gespot en vir mekaar gesê: Ander het Hy verlos, Homself kan Hy nie verlos nie. ³²Laat die Christus, die Koning van Israel, nou van die kruis afkom, sodat ons kan sien en glo! Ook die wat saam met Hom gekruisig is, het Hom beledig. ³³En toe dit die sesde uur was, kom daar duisternis oor die hele aarde tot die negende uur toe. ³⁴En die negende uur het Jesus met 'n groot stem uitgeroep en gesê: Eloï, Eloï, lamma sabagtani? Wat, as dit vertaal word, beteken: My God, my God, waarom het U My verlaat? ³⁵En sommige van die wat daar staan, hoor dit en sê: Kyk, Hy roep na Elia. ³⁶Toe hardloop een en maak 'n spons vol asyn en sit dit op 'n riet en laat Hom drink; en hy sê: Kyk, Hy roep na Elia. ³⁷Maar Jesus het met 'n groot stem geroep en die laaste asem uitgeblaas. ³⁸En die voorhangsel van die tempel het in twee geskeur van bo na onder. ³⁹En toe die hoofman oor honderd wat daar reg voor Hom staan, sien dat Hy so uitgeroep en die laaste asem uitgeblaas het, sê hy: Waarlik, Hy was die Seun van God. ⁴⁰En daar was ook vroue wat van ver af dit aanskou het. Onder hulle was Maria Magdalena ook, en Maria die moeder van Jakobus, die kleine, en van Joses en Salome - ⁴¹hulle wat Hom gevolg en Hom gedien het toe Hy in Galilea was - en baie ander vroue wat saam met Hom opgegaan het na Jerusalem (Familie-studiebybel 1986:98).

Markus 15:21-40 (1983-vertaling)

²¹Die soldate het iemand wat daar verbygekom het, gekommandeer om Jesus se kruis te dra. Dit was Simon van Sirene, wat van buite die stad af gekom het, die pa van Aleksander en Rufus. ²²Hulle bring Jesus toe na 'n plek Golgota, wat Kopbeenplek beteken. ²³Hulle wou vir Hom wyn gee met mirre daarin, maar Hy wou dit nie hê nie. ²⁴Toe kruisig hulle Hom en verdeel sy klere onder mekaar deur te loot oor wat elkeen moet kry. ²⁵Dit was nege-uur die môre toe hulle Hom gekruisig het. ²⁶En die rede waarom Hy gekruisig waarom Hy gekruisig is, was op 'n bordjie aan die kruis geskrywe: "Die koning van die Jode." ²⁷Saam met Hom het hulle ook twee rowers gekruisig, een regs en een links van Hom. ²⁹Die mense wat daar verbygeloop het, het Jesus gelaster. Hulle het die kop geskud

en gesê: “Toe, jy wat die tempel afbreek en in drie dae weer opbou! ³⁰Red jouself en kom van die kruis af.” ³¹Net so het die priesterhoofde en die skrifgeleerdes ook spottend vir mekaar gesê: “Ander het hy gered; homself kan hy nie red nie!” ³²Laat die Christus, die koning van Israel, nou van die kruis af kom, sodat ons dit kan sien en in hom glo!” Die twee wat saam met Hom gekruisig is, het Hom ook beledig. ³³Teen twaalfuur die middag het daar duisternis oor die hele land gekom en dit het tot drie-uur geduur. ³⁴Om drie-uur het Jesus hard uitgeroep: “Eloï, Eloï, lema sabagtani?” Dit beteken: My God, my God, waarom het U My verlaat? ³⁵Toe party van die mense wat daar naby gestaan het, dit hoor, sê hulle: “Hoor daar, hy roep vir Elia.” ³⁶Een van hulle het toe gehardloop, ‘n spons in suur wyn gestee en dit vir Hom op ‘n stok gehou om te drink. Hy het gesê: “Wag, kom ons kyk of Elia hom van die kruis kom afhaal.” ³⁷Daarna het Jesus hard uitgeroep en die laaste asem uitgeblaas. ³⁸Die voorhangsel in die tempel het van bo tot onder middeldeer geskeur. ³⁹Toe die offisier, wat reg voor Jesus gestaan het, Hom die laaste asem so sien uitblaas het, het hy gesê: “Hierdie man was werklik die Seun van God.” ⁴⁰Daar het ook vroue op ‘n afstand gestaan en kyk. Onder hulle was Maria Magdalena en Maria die moeder van Klein-Jakobus en Joses en Salome. ⁴¹Toe Jesus nog in Galilea was, het hulle oral saam met Hom gegaan en Hom versorg. Baie ander vroue wat saam met Hom na Jerusalem toe gekom het, was ook daar (Familie-studiebybel 1986:98).

5.2.3 Die kruisigingstoneel volgens die Evangelie van Lukas

Lukas 23:26-49 (1933/53-vertaling)

²⁶En toe hulle Hom weglei, neem hulle ‘n sekere Simon van Sirene wat van die veld af gekom het, en sit die kruis op hom om dit agter Jesus aan te dra. ²⁷En ‘n groot menigte van die volk het Hom gevolg, en vroue wat rou bedryf en Hom beklaag het. ²⁸Maar Jesus het Hom omgedraai en vir hulle gesê: Dogters van Jerusalem, moenie oor My ween nie, maar ween oor julleself en oor julle kinders; ²⁹want daar kom dae waarin hulle sal sê: Gelukkig is die onvrugbare en die moederskoot wat nie gebaar en die borste wat nie gesoog het nie. ³⁰Dan sal

hulle vir die berge begin sê: Val op ons! En vir die heuwels: Bedek ons! ³¹Want as hulle dit doen aan die groen hout, wat sal met die droë gebeur! ³²En daar is nog twee ander, kwaaddoeners, weggelei om saam met Hom tereggestel te word. ³³En toe hulle op die plek kom wat Hoofskedel genoem word, het hulle Hom daar gekruisig, en die kwaaddoeners, een aan die regter en een aan die linkerkant. ³⁴En Jesus sê: Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie. En hulle het sy klere verdeel en die lot daaroor gewerp. ³⁵En die volk het dit staan en aanskou. En die owerstes het saam met hulle ook geskimp en gesê: Ander het Hy verlos: laat Hy Homself verlos as Hy die Christus, die uitverkorene van God, is. ³⁶En die soldate het Hom ook bespot en gekom en vir Hom asyn gebring ³⁷en gesê: As U die Koning van die Jode is, verlos Uself. ³⁸En daar was ook 'n opskrif bokant Hom geskrywe in Griekse en Romeinse en Hebreeuse letters: HY IS DIE KONING VAN DIE JODE. ³⁹En een van die kwaaddoeners wat opgehang is, het Hom gesmaad en gesê: As U die Christus is, verlos Uself en ons. ⁴⁰Maar die ander een antwoord en bestraf hom en sê: Vrees jy ook God nie, terwyl jul in dieselfde oordeel is? - ⁴¹ons tog regverdiglik, want ons ontvang die verdiende loon vir ons daade, maar Hy het niks verkeerds gedoen nie. ⁴²En hy sê vir Jesus: Dink aan my, Here, wanneer U in u koninkryk kom. ⁴³En Jesus antwoord hom: Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees. ⁴⁴En dit was omtrent die sesde uur, en daar het duisternis oor die hele aarde gekom tot die negende uur toe; ⁴⁵en die son is verduister; en die voorhangsel van die tempel het middeldeur geskeur. ⁴⁶En Jesus het met 'n groot stem uitgeroep en gesê: Vader, in u hande gee Ek my gees oor! En toe Hy dit gesê het, blaas Hy die laaste asem uit. ⁴⁷En toe die hoofman oor honderd sien wat daar gebeur, het hy God verheerlik en gesê: Waarlik, hierdie man was regverdig. ⁴⁸En die hele skare wat vir hierdie skouspel bymekaar was, het op hulle borste geslaan toe hulle sien wat gebeur het, en hulle het teruggegaan. ⁴⁹En al sy bekendes het ver weg gestaan; ook die vroue wat Hom van Galilea gevolg het, het hierdie dinge gesien (Familie-studiebybel 1986:160).

Lukas 23:26-48 (1983-vertaling)

²⁶Terwyl hulle Hom weglei, gryp hulle 'n sekere Simon van Sirene, wat toe net van buite die stad af gekom het, en sit die kruis op hom om dit agter Jesus aan te dra. ²⁷'n Groot menigte van die volk het agter Jesus aan geloop, onder wie ook vroue wat oor Hom getreur en gehuil het. ²⁸Maar Jesus het na hulle toe omgedraai en gesê: "Vroue van Jerusalem, moenie oor My huil nie, huil oor julleself en julle kinders, ²⁹want daar kom dae waarin hulle sal sê: "Hoe gelukkig is die onvrugbare vroue en die wat nooit 'n kind in die wêreld gebring het of gevoed het nie." ³⁰"Dan sal hulle vir die berge sê: "Val op ons!" en vir die heuwels: "Bedek ons!" ³¹"As hulle dit met die groen hout doen, wat sal dan met die droë hout gebeur?" ³²Daar is ook twee ander, albei misdadigers, weggelei om saam met Jesus tereggestel te word. ³³Toe hulle by die plek kom wat Kopbeen genoem word, het hulle Hom daar saam met die misdadigers gekruisig, die een aan sy regter- en ander een aan sy linkerkant. ³⁴Toe sê Jesus: "Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle gedoen het nie!" Hulle het sy klere verdeel deur te loot. ³⁵Die volk het daar gestaan en kyk. Hulle raadslede het Hom ook uitgelag en gesê: "Ander het hy gered. Laat hy homself red as hy die Christus is wat deur God uitverkies is." ³⁶Ook die soldate het vorentoe gekom en Hom bespot. Hulle het vir Hom suur wyn aangebied ³⁷ en gesê: "As jy die koning van die Jode is, red jousef." ³⁸Daar was ook 'n opskrif bokant Hom: "Dit is die koning van die Jode." ³⁹Een van die misdadigers wat daar gehang het, het Hom gelaster deur te sê: "Is jy dan nie die Christus nie? Red jousef en ons ook!" ⁴⁰Maar die ander een het hom tereggewys en gesê: "Is jy nie bang vir God nie? Jy ondergaan tog dieselfde straf as hierdie man! ⁴¹In ons geval is dit regverdig, want ons ontvang die verdiende straf vir ons dade. Maar hierdie man het niks verkeerd gedoen nie." ⁴²Verder sê hy: "Jesus, dink aan my wanneer U in u koninkryk kom." ⁴³Jesus antwoord hom: "Ek verseker jou: Vandag sal jy saam met My in die paradys wees." ⁴⁴Dit was al omtrent twaalfuur, toe kom daar duisternis oor die hele land, en dit het tot drie-uur geduur; ⁴⁵die son het opgehou om te skyn. Die voorhangsel in die tempel het middeldeer geskeur. ⁴⁶Jesus het hard uitgeroep: "Vader, in u hande gee EK my gees oor." Na hierdie woorde het

Hy die laaste asem uitgeblaas. ⁴⁷Toe die offisier sien wat gebeur het, het hy God geprys en gesê: "Hierdie man was werklik onskuldig." ⁴⁸Al die mense wat saamgedrom het om na die skouspel te kyk en gesien het wat daar gebeur het, het verslae huis toe gegaan. ⁴⁹Maar al Jesus se vriende, ook die vroue wat Hom van Galilea af gevolg het, het op 'n afstand bly staan. Hulle het al hierdie dinge gesien (Familie-studiebybel 1986:160).

5.2.4 Die kruisigingstoneel volgens die Evangelie van Johannes

Johannes 19:17-37 (1933/53-vertaling)

¹⁷En Hy het sy kruis gedra en uitgegaan na die sogenaamde Hoofskedelplek, in Hebreëus Golgota, ¹⁸waar hulle Hom gekruisig het en saam met Hom twee ander, een aan elke kant en Jesus in die middel. ¹⁹En Pilatus het ook 'n opskrif geskrywe en dit op die kruis gesit; en daar was geskrywe: JESUS, DIE NASARENER, DIE KONING VAN DIE JODE. ²⁰Hierdie opskrif dan het baie van die Jode gelees, omdat die plek waar Jesus gekruisig is, naby die stad was; en dit was geskrywe in Hebreëus en Grieks en Latyn. ²¹En die owerpriesters van die Jode het vir Pilatus gesê: Moenie skrywe: Die Koning van die Jode nie; maar dat Hy gesê het: Ek is die Koning van die Jode. ²²Pilatus het geantwoord: Wat ek geskryf het, het ek geskrywe. ²³En toe die soldate Jesus gekruisig het, neem hulle sy klere en maak vier dele, vir elke soldaat 'n deel, en die onderkleed; maar die onderkleed was sonder naat, van bo af in een stuk gewewe. ²⁴En hulle het vir mekaar gesê: Laat ons dit nie skeur nie, maar laat ons die lot daarvoor werp, wie s'n dit sal wees - sodat die Skrif vervul sou word wat sê: Hulle het my klere onder mekaar verdeel en oor my gewaad het hulle die lot gewerp. Dit het die soldate dan gedoen. ²⁵En by die kruis van Jesus het gestaan sy moeder en sy moeder se suster, Maria, die vrou van Klopas, en Maria Magdalena. ²⁶En toe Jesus sy moeder sien en die dissipel wat Hy liefgehad het, by haar staan, sê Hy vir sy moeder: Vrou, daar is u seun! ²⁷Daarop sê Hy vir die dissipel: Daar is jou moeder! En van daardie uur af het die dissipel haar in sy huis geneem. ²⁸Hierna, omdat Hy geweet het dat alles al volbring was - sodat die Skrif vervul sou word -

het Jesus gesê: EK het dors!²⁹En daar het 'n kan vol asyn gestaan; en hulle het 'n spons met asyn gevul en op 'n hisopstingel gesit en aan sy mond gebring.³⁰En toe Jesus die asyn geneem het, sê Hy: Dit is volbring! En Hy het sy hoof gebuig en die gees gegee.³¹En dat die liggame nie op die Sabbat aan die kruis sou bly nie, aangesien dit die voorbereiding was - want die dag van daardie Sabbat was groot - het die Jode Pilatus gevra dat hulle bene gebreek en hulle weggeneem moes word.³²Die soldate het toe gekom en die bene van die eerste een gebreek en van die ander een wat saam met Hom gekruisig was;³³maar toe hulle by Jesus kom en sien dat Hy al dood was, het hulle sy bene nie gebreek nie.³⁴Maar een van die soldate het met 'n spies in sy sy gesteek, en dadelik het daar bloed en water uitgekome.³⁵En hy wat dit gesien het, het dit getuig, en sy getuienis is waaragtig; en hy weet dat hy die waarheid spreek, sodat julle kan glo.³⁶Want hierdie dinge het gebeur, dat die Skrif vervul sou word: Geen been van Hom sal gebreek word nie.³⁷En weer sê 'n ander Skrif: Hulle sal sien in wie hulle gesteek het (Familie-studiebybel 1986:206).

Johannes 19:17-37 (1983-vertaling)

¹⁷Jesus het self sy kruis gedra en uitgegaan na Kopbeenplek toe, soos dit genoem is, in Hebreeus Golgota.¹⁸Daar het hulle Hom gekruisig en saam met Hom twee ander, een aan elke kant, met Jesus in die middel.¹⁹Pilatus het ook 'n opskrif geskrywe en dit aan die kruis gesit. Daar het geskrywe gestaan: "Jesus van Nasaret, die Koning van die Jode."²⁰Baie van die Jode het hierdie opskrif gelees, omdat die plek waar Jesus gekruisig is, naby die stad was. Die opskrif was in Hebreeus, Latyn en Grieks.²¹Die priesterhoofde van die Jode het toe vir Pilatus gesê: "Moenie skrywe: "Die Koning van die Jode" nie, maar skrywe: Hy het gesê: Ek is die Koning van die Jode."²²Pilatus het vir hulle gesê: "Wat ek geskrywe het, het ek geskrywe."²³Toe die soldate Jesus dan gekruisig het, het hulle sy boklere gevat en dit in vier dele verdeel, vir elke soldaat 'n deel. Hulle het ook sy onderkleed gevat. Dit was sonder naat van bo af in een stuk geweef.²⁴Hulle sê toe vir mekaar: "Ons moet dit nie skeur nie. Kom ons loot wie dit moet kry." Dit het gebeur sodat die Skrif vervul kan word waar dit sê: "Hulle het my

klere onder mekaar verdeel, en vir my kleeed het hulle geloot.” Dit is wat die soldate gedoen het. ²⁵By die kruis van Jesus het ook nog sy moeder en sy moeder se suster en Maria, die vrou van Klopas, en Maria Magdalena gestaan. ²⁶Toe Jesus sy moeder sien en die dissipel vir wie Hy baie lief was, wat by haar staan, sê Hy vir haar: “Daar is u seun.” ²⁷Daarna sê Hy vir die dissipel: “Daar is jou moeder.” Van daardie oomblik af het die dissipel haar in sy huis geneem. ²⁸Hierna het Jesus, met die wete dat alles klaar volbring is en sodat die Skrif vervul kan word, gesê: “Ek is dors.” ²⁹Daar het ‘n kan vol suur wyn gestaan. Die soldate het toe ‘n spons vol suur wyn op ‘n hisoptakkie gesit en dit teen sy mond gehou. ³⁰Nadat Jesus die suur wyn gekry het, het Hy gesê: “Dit is volbring!” Toe het Hy sy kop vooroor laat sak en die laaste asem uitgeblaas. ³¹Dit was Vrydag, en die Jode wou nie hê dat die liggame op die Sabbatdag aan die kruis moes bly nie, want daardie Sabbatdag was ‘n groot dag. Daarom het hulle vir Pilatus gevra dat die mense wat gekruisig is, se bene gebreek en die liggame weggevat moes word. ³²Toe het die soldate gekom en die bene van die eerste een gebreek en ook die van die tweede een wat saam met Jesus gekruisig is. ³³Toe hulle egter by Jesus kom en sien dat Hy al klaar dood is, het hulle nie sy bene gebreek nie. ³⁴Maar een van die soldaat het met ‘n spies in sy sy gesteek, en daar het dadelik bloed en water uitgekome. ³⁵Hy wat dit gesien het, lê daarvan getuienis af, en sy getuienis is waar. Hy weet dat hy die waarheid praat, sodat julle ook kan glo. ³⁶Dit het gebeur sodat die Skrif vervul kan word: “Geen been van Hom sal gebreek word nie.” ³⁷En verder sê die Skrif op ‘n ander plek: “Hulle sal Hom sien vir wie hulle deurboor het.” (Familie-studiebybel 1986:206).

As ons na hierdie vertellings kyk en dan weer na Grünwald se kruisigingstoneel, kan daar met redelike sekerheid gesê word dat Johannes die bron was vir die skildery. Die rede waarom hierdie gevolgtrekking gemaak kan word is soos volg:

- Die Evangelie van Johannes is die enigste Evangelie wat skryf van die Geliefde Dissipel wat teenwoordig was by die kruisiging.

- Die Evangelie van Johannes is die enigste Evangelie wat praat van Jesus as die Lam van God.
- Hy beskryf ook Jesus aan die kruis as 'n persoon wat afkyk na die mense wat om die voet van die kruis staan.

As gevolg van bogenoemde redes gaan die Evangelie van Johannes in meer besonderhede bestudeer word.

5.3 Agtergrond oor die Evangelie van Johannes

5.3.1 Inleiding

¹In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God. ²Hy was reeds in die begin by God. ³Alles het deur Hom tot stand gekom: ja, nie 'n enkele ding wat bestaan, het sonder Hom tot stand gekom nie, (Johannes 1:1-3).

Hierdie woorde van die inleiding van die vierde Evangelie voorsien 'n wenk met betrekking tot die geaardheid van hierdie werk. Dit staan apart van die drie sinoptiese Evangelies. Dit word dikwels die “geestelike Evangelie” genoem weens die manier waarop dit Jesus voorstel (Mellowes 1998:para. 1).

Oor die eeue het Johannes se Evangelie kunstenaars, musikante, teoloë, digters, denkers en baie gewone Christene geïnspireer. Dit het geloof onderhou, liefde aangewakker en heldhaftigheid aangemoedig (Edwards 2003:1).

Die Bybel is 'n versameling boeke wat deur verskillende outeurs oor 'n tydperk van honderde jare geskryf is. God het nie gekies om vir ons 'n versameling van tekste met hoofstukke en versnommers te gee nie, en ook nie om aan ons 'n boek vol sistematiese, gerangskikte doktrines te voorsien nie. Hy het vir ons 'n versameling van verskillende tipes literatuur, so verskillend soos poësie en geskiedenis, briewe en openbarings, in drie verskillende tale – hoofsaaklik Grieks en Hebreeus, met 'n bietjie Aramees gegee (Pawson 2007:777). Die meeste

mense wat die Bybel lees, lees dit vir religieuse redes. Die Bybel is die heilige boek van Christene en die Ou Testament word die heilige boek van die Jode genoem. Wanneer gelowiges die Bybel lees, hanteer hulle dit nie soos enige ander boek nie, maar benader hulle die boek met die verwagtinge wat verband hou met sy spesiale heilige status (Barton 2010:1).

Hierdie versameling reflekteer die unieke persoonlikhede en perspektiewe van die verskeie outeurs, net soos enige twee boeke in 'n publieke biblioteek uniek is aan die persoonlikheid van die skrywers (Pawson 2007:777).

Die Evangelies is die naaste wat ons het aan 'n biografie van Jesus, wat handel oor sy lewe, dood en opstanding. Dit is in 'n unieke styl geskryf, een wat in die eerste eeu ongehoord was en daar is tans geen moderne eweknie nie. Lesers moet weet dat, om die Evangelies te interpreteer, die verse in sy onmiddellike konteks en die konteks van die boek as geheel gelees moet word. Dit veroorsaak probleme as die lesers nie die styl van die literatuur wat hulle lees, verstaan nie (Pawson 2007:779-780).

Wanneer 'n bekende figuur sterf, is daar verskillende tipes skryfstukke wat op sy dood volg:

- Die eerste publikasie vertel ons gewoonlik wat die persoon gedoen het; vroeë doodsberigte vervul hierdie doel.
- Later word die mense meer geïnteresseerd in wat die persoon gesê het, en so begin die versameling van briewe en praatjies wat gepubliseer word.
- Dan kom die derde fase, wat kyk na die woorde en daede om te ontdek wie die persoon was, die karakter te ondersoek, te motiveer en te verduidelik soos hulle regtig was (Pawson 2007:782).

Die vier Evangelies volg hierdie drie fases. Markus is die meeste gefokus op wat Jesus gedoen het. Hy fokus op sy daede, wonderwerke, dood en opstanding. Matteus en Lukas sluit meer in oor wat Jesus gesê het en dokumenteer meer van sy preke as in die geval van Markus. Johannes is nie net geïnteresseerd in

wat Jesus gedoen en gesê het nie, maar hy fokus op Jesus se identiteit. (Pawson 2007:782-783).

Om die Evangelies as antieke biografieë te beskryf is baie nuttig, maar die volgende moet in gedagte gehou word:

- Hulle is slegs samestellings. Al kan die Evangelies as antieke biografieë geïdentifiseer word, bevat hulle ook ander soorte literatuur (Powell 2009:83).
- Hulle word beïnvloed deur Joodse literatuur. Al vier die Evangelies is in Grieks geskryf, maar deur mense wat bekend is met die geskrifte van Israel. Al is die Evangelies vir die Grieks-Romeinse wêreld geskryf, het die outeurs Ou Testamentiese stories geken en is hulle daardeur beïnvloed (Powell 2009:83).
- Hulle is historiese biografieë en nie moderne biografieë nie. Die Evangelies maak geen skyn van die aanbieding van objektiewe of gebalanseerde perspektiewe op Jesus se lewe nie. Hulle openbaar nie hulle bronne nie en gee ook nie vir die lesers 'n manier om wat hulle rapporteer te kontroleer nie. Die skrywers laat baie informasie, soos die name van mense en plekke wat as belangrik in moderne biografieë beskou word, uit. Die doel van historiese biografieë was om die gebeure te vertel wat verband hou met die belangrike karaktertrekke van die persoon wat die middelpunt van die werk is. Gebeurtenisse word nie noodwendig in kronologiese volgorde neergeskryf nie, maar eerder op 'n manier wat 'n retoriese effek op die leser van die boek het. Hierdie eienskap kan verduidelik hoekom die vier Evangelies verskil oor die tyd van gebeurtenisse (Powell 2009:83-84).
- Hulle gebruik 'n fiktiewe manier van stories vertel. Die Evangelieskrywers het die kuns van storie vertel geken. Hulle gebruik literêre metodes soos ironie, simboliek en sketse. Hulle werf ons empatie sodat ons in die drama betrek word soos hulle stories ontvou (Powell 2009:84-85).

- Hulle is openlik evangelies in hulle aard en karakter. Meeste biografieë wat geskryf is in die antieke wêreld was evangelies vanaard. Hulle het nie net inligting oor interessante mense oorgedra nie, maar hulle het ook soms op die buitengewone lewens gerapporteer, met die hoop dat dit die lesers sou inspireer en motiveer om hul waardes en gedrag daarvolgens te verander. Die Evangelieskrywers het dit baie goed gedoen. Hulle vertel die verhaal van Jesus op so 'n manier dat dit vir mense 'n inspirasie kan wees om sy leringe of praktyke van lewe te aanvaar (Powell 2009:85).

'n Evangelie is definitief nie 'n outobiografie nie, omdat Jesus nooit self enige van die boeke geskryf het nie, maar dit is ook nie 'n biografie nie omdat meer as 'n derde van die bladsye van elke Evangelie die dood van Jesus beskryf. Geen biografie sal 'n derde van sy bladsye op die onderwerp se dood spandeer nie, hoe skouspelagtig of tragies die dood ook was (Pawson 2007:780).

Dit is duidelik waarom die Evangelies in 'n spesifieke vorm geskryf is. In die vroeë dekades wat op Jesus se dood gevolg het, het die Kerk in getalle gegroei en oor die Romeinse wêreld versprei soos wat die apostels die evangeliese boodskap oorgedra het. Daarom wou baie mense die “nuus” hoor vanaf die persone wat die gebeure van Jesus se lewe eerstehands ervaar het. Dit het belangrik geword dat die getuies van wat Jesus gedoen en gesê het, die betroubare weergawe van sy lewe en tye neergeskryf het (Pawson 2007:780-781).

Elkeen van die vier Evangelies vertoon onderskeie karaktertrekke. Tog is daar by die eerste drie, Matteus, Markus en Lukas, opvallende ooreenkomste ten opsigte van taalgebruik, materiaal wat opgeteken word en die volgorde waarin die materiaal gerangskik word. Die ooreenkomste is so opvallend dat hulle saam onder die naam sinoptiese Evangelies gegroepeer word. Johannes staan egter verwyderd van hierdie Evangelies (Groenewald 1980:1).

Lesers neem soms aan dat die vier Evangelies afsonderlike getuienis oor die lewe en werke van Jesus is en daarom ondersteun hulle mekaar, al verskil hulle oor sekere besonderhede (Barton 2010:70-71).

Die vier Evangelies oorvleuel aansienlik in hulle inhoud en bewoording, maar tog verskil hulle ook in 'n groot aantal sake. Ons het vier weergawes van Jesus se lewe en dood. Die skrywers van die Evangelies het elkeen onafhanklik, met hulle eie perspektiewe oor Jesus geskryf (Pawson 2007:781).

Die woord “Evangelie” word gebruik om die inhoud van Christelike preke, eerder as 'n tipe boek te beskryf. Die geskrewe Evangelies word as preke gesien en daarom is dit moeilik om dit toe te skryf aan 'n sekere literêre soort. Moderne navorsers dink weer dat die Evangelies as historiese biografieë gesien kan word. Baie boeke van hierdie genre was veral baie gewild in die Romeinse tyd en baie van hulle het oorleef tot in die hedendaagse tyd (Powell 2009:82).

Elke Evangelieskrywer wou sekere inligting aangaande Jesus oordra en het sy materiaal daarvolgens gerangskik. Die skrywer wou meer doen as om bloot die woorde en dade van Jesus weer te gee. Hy wou ook die konteks waarin Jesus se lewe verstaan kon word, illustreer. Hierdie sienings is nie noodsaaklik uniek aan elke Evangelie nie. Daar is ook 'n oorvleueling tussen die skrywers. Dit is duidelik dat elke skrywer 'n primêre insig gehad het:

- Markus het die eerste en die kortste Evangelie geskryf. Hy het Jesus as die Seun van die Mens gesien (Pawson 2007:783-784). Die Evangelie van Markus verteenwoordig Jesus as die Een wat die koms van God se heerskappy aankondig, waarin die nederige verhewe word en die trotse verneder word. Gehoorsaam aan hierdie reël, sterf Hy aan die kruis – gee Hy sy lewe as losprys vir baie mense (Powell 2009:82).
- Lukas het die tweede Evangelie geskryf en het Jesus gesien as die Verlosser van die Wêreld (Pawson 2007:783-784). Die Evangelie van Lukas verteenwoordig Jesus as die Een wie se woorde en dade bevryding bied vir die onderdrukte. Jesus kom om die verlore nes te soek en te red en

om almal wat Hy as gevangenes beskou het, te verlos (Powell 2009:82). Die boek se inleiding stel voor dat hy na die kerke van sy tyd gekyk het om sy informasie in te samel en dat hy 'n duidelike doel gehad het om die bestaande Evangelie te vervang (Barton 2010:73).

- Matteus het die derde Evangelie geskryf, wat Jesus as die Koning van die Jode voorstel (Pawson 2007:783-784). Die Evangelie van Matteus verteenwoordig Jesus as 'n Persoon wat altyd by sy mense gestaan het. Jesus stig die kerk, waarin sonde vergewe, gebede beantwoord en die krag van die dood oorwin word (Powell 2009:82). Die boek Matteus probeer weer vir Markus korrigeer, maar is nie 'n alternatiewe weergawe van Markus nie, maar word as die gelyke daarvan gesien (Barton 2010:73).
- Johannes het die vierde Evangelie geskryf, met Jesus as die Seun van God (Pawson 2007:783-784). Die Evangelie van Johannes verteenwoordig Jesus as die Een wat die werklike God ontbloot. Jesus is die Woord van God wat vlees geword het en deur sy woorde en daede openbaar Hy alles wat van God te wete is (Powell 2009:82).

Die skrywers het hulle materiaal gekies en gestruktureer op 'n manier waarop hulle sekere perspektiewe die beste oordra (Pawson 2007:783-784).

Elke skrywer het 'n sekere gehoor in gedagte gehad om sy boodskap van Jesus oor te dra. Studies wys dat Matteus en Johannes vir gelowiges geskryf is:

- Matteus is op nuwe gelowiges gefokus en sy boek is ook so gerangskik sodat ons kan weet hoe om soos dissipels te leef.
- Johannes is vir ouer gelowiges geskryf om hulle te bemoedig om vas te hou aan hulle geloof in Jesus en ook om dwalinge oor Johannes die Doper en Jesus self te bekamp (Pawson 2007:784).

Aan die ander kant is Markus en Lukas vir die ongelowiges geskryf:

- Markus maak sy lesers bewus van die nuus oor Jesus sodat hulle geloof in Hom kan hê.

- Lukas, die enigste heidense outeur in die Bybel, wil hê dat die heidene Jesus moet leer ken (Pawson 2007:784).

Soos dinge in die kerkverander het, het Christene die vier Evangelies aanvaar omdat hulle mekaar komplimenteer. Die Evangelieskrywers het moontlik nooit gedink dat die Evangelies saam gelees gaan word nie, maar is eerder geskryf om die bestaande Evangelies met iets beter te vervang (Barton 2010:73).

In die sinoptiese Evangelies word die verhaal van Jesus se rondreis deur die land en van die dade wat Hy doen om die lyding van mense te verlig, vooropgestel. By Johannes is die verhaal van die gebeurtenisse ondergeskik aan die gesprekke van Jesus. Daar word wel ook vertel van Jesus se reise, maar tog vind ons hier veel minder beweging as in die ander Evangelies (Groenewald 1980:1).

5.3.2 Die verhouding tussen Johannes en die sinoptiese Evangelies

Al vier die Evangelieskrywers lewer getuienis aangaande Jesus Christus, maar elkeen doen dit op sy eie manier en kies sy materiaal met die oog op 'n bepaalde doel. Gevolglik is daar ooreenkomste en verskille in die aanbieding van die getuienis (Groenewald 1980:5).

Omdat dit baie moontlik is dat die vierde Evangelie 'n tipe antieke biografie is, is dit nie nodig om te sê dat die vierde Evangelieskrywer die ander, soos Markus, geken het nie. Dit kan ook verduidelik hoekom hy gekies het om die vierde biografie hoofsaaklik verskillend van 'n historiese monografie te geskryf het en dat dit daarin 'n spesifieke fokus op Jesus het (Witherington 1951:6).

Elkeen van die vier Evangelies vertoon onderskeie karaktertrekke. Tog is daar by die eerste drie, Matteus, Markus en Lukas, so baie opvallende ooreenkomste ten opsigte van taalgebruik, materiaal wat opgeteken word en die volgorde waarin die inligting gerangskik word, dat hulle saamgegroeper word onder die naam

sinoptiese Evangelies. Johannes staan egter verwyderd van hierdie Evangelies (Groenewald 1980:1).

As Matteus, Markus en Lukas van nader bestudeer word, kan daar gesien word dat dit dieselfde storie vertel, terwyl Johannes se storie min oorvleuel met hulle tot die kruisigingsverhaal, en selfs dan is daar sigbare verskille (Barton 2010:70-71).

Op 'n aantal plekke voorsien Johannes informasie wat verwarrend lyk totdat die leser meer besonderhede kry wat slegs in die sinoptiese Evangelies gevind word (Blomberg 2007:203). Die ooreenkomste herinner ons dat Johannes se Evangelie nie in 'n wêreld van sy eie is nie, en dat hy nie deel was van die kernboodskap wat gereeld in die vroegste dekades van Christenskap gepreek is en goed in die eerste drie Evangelies verteenwoordig word nie (Blomberg 2007:203).

Die vierde Evangelie is 'n dokument wat feite reflekteer waarop Johannes die Jesustradisies vir 'n lang periode gemediteer, gepreek en onderrig het. Hy het ook sekere tye die materiaal in sy eie styl en idioom neergeskryf (Witherington 1951:6).

Die verhouding tussen die sinoptiese Evangelies en Johannes is ook 'n vraag wat nog onder navorsers betwis word. Die storie is herkenbaar oor dieselfde Persoon, wat geleer het, wonderwerke gedoen het, wat verhoor en tereggestel is en uit die dood opgestaan het. Nogtans is daar min ooreenkomste in die stories van Jesus (Barton 2010:72).

Die verskil tussen die sinoptiese Evangelies en Johannes is alreeds in die eerste hoofstuk van die boek Johannes baie duidelik. Dit is 'n lang redevoering oor die goddelike status van Jesus as die Woord van God, eerder as 'n geboorteverhaal soos in Matteus en Lukas. Al is daar sekere gebruike wat ooreenstem met die sinoptiese materiaal word die meeste van die Evangelie van Johannes uit ander bronne saamgestel (Barton 2010:72).

Die Evangelie van Johannes staan apart van die ander Evangelies om een rede, Matteus en Lukas het dieselfde bron, naamlik Markus, gebruik. Hulle gebruik beide die sogenaamde sinoptiese Evangelies en daarom is die ooreenkomste sigbaar, veral die uiteensetting van die bediening van Jesus. Die kruisigingsverhaal in Johannes is hoofsaaklik dieselfde as die kruisigingsverhaal in Markus, Matteus, Lukas en die Evangelie van Petrus. Die ander aspek wat ooreenstem, is die reeks wonderwerkstories (Mellowes 1998:n.p.).

Terwyl die drie sinoptiese Evangelies 'n groot aantal teks deel, bevat die Evangelie van Johannes 90% unieke materiaal. Die sinoptiese Evangelies beskryf meer van Jesus se lewe, wonderwerke, gelykenisse en duiweluitdrywings. Die materiaal wat uniek is aan Johannes is opvallend, veral die effek daarvan op die ontwikkeling van die Christendom (Wikipedia 2014g:para. 33).

Ten opsigte van die inhoud van die Evangelie is daar heelwat ooreenkomste tussen Johannes en die sinoptiese Evangelies. Almal vertel van die optrede van Johannes die Doper, die roeping van die dissipels, die storm op die see, die belydenis van Petrus, die intog in Jerusalem, die laaste maaltyd, die lydensweg, die kruisiging, asook die opstanding en verskyning van Jesus. Sekere gebeurtenisse word wel in Johannes in 'n ander konteks geplaas. By almal word dieselfde soort wonderwerke beskryf (Groenewald 1980:5).

Johannes en die sinoptiese Evangelies verwys na 'n aantal van dieselfde gebeurtenisse van Jesus se voor-kruisiging bediening. Die belangrikste ooreenkomste sluit die beskrywing van Johannes die Doper se vervulling van Jesaja 40:3 en die voorloper van die Messias (Joh. 1:23 en Mark. 1:2-3) in. Die kontras tussen Johannes se doop met water en Jesus se komende doop met die Heilige Gees (Joh. 1:26-27,33 en Mark. 1:7-8) is ook opvallend. Die Gees se salwing van Jesus, soos vertel deur Johannes die Doper (Joh. 1:32 en Mark. 1:10), asook die voeding van die skare (Joh. 6:16-21 en Mark. 6:45-52) (Blomberg 2007:199-200).

Jesus het in Nasaret, 'n klein stad in Galilea, grootgeword. Hy was die oudste kind in Josef en Maria se gesin. As 'n volwassene het Jesus 'n verandering ondergaan. Hy het sy huis in Nasaret verlaat en rondom Galilea begin rondreis. Hy het baie aandag getrek en het 'n groep dissipels om hom vergader. Al vier die Evangelies stel voor dat daar 'n direkte verband tussen die verandering in Jesus se lewe en die verskyning van Johannes die Doper is (Den Heyer 1997:1).

Nog ooreenkomste is verhale wat gebeurtenisse bevat wat ongekend is in die sinoptiese Evangelies, maar in geheel pas dit goed in by wat in die drie sinoptiese Evangelies gebeur. Johannes dokumenteer ook leringe van Jesus wat in die sinoptiese Evangelies gevind word. Dit wys nabye ooreenkomste, selfs al verskil die konteks en belangrikheid van die besonderhede (Blomberg 2007:200).

Al word daar nie in Johannes duidelike vergelykings gesien nie, skep hy nogtans ook 'n beeld van Jesus wat baie metafore en figuurlike vergelykings gemaak het. In beide Johannes en die sinoptiese Evangelies, is die skare verstom oor die outoriteit waarmee Jesus onderrig, wat selfs die Joodse leiers oortref. Beide sluit die gereelde misverstande van Jesus se gehoor en die dissipels in terme van sy Messiasskap in. In al vier Evangelies openbaar Jesus 'n unieke, intieme verhouding met sy Vader, soos gekarakteriseer deur die Aramese woord *Abba*. Hierdie woord het Jode met afgryse vervul omdat hulle gewoon was om God met 'n groter gevoel van afstand en respek te benader (Blomberg 2007:202).

Sowat 95% van Markus kom in Matteus en Lukas voor, in sekere gevalle met baie soortgelyke of identiese bewoording. Die eerste drie Evangelies reflekteer 'n algemene siening oor Jesus, teenoor Johannes wat meer onafhanklik geskryf het. Daar is 'n groot verskil in die lees van Matteus, Markus en Lukas teenoor die lees van Johannes (Pawson 2007:785).

Baie van die materiaal is algemeen in al drie die sinoptiese Evangelies. Daar is 'n paar aspekte wat slegs in Markus gevind word, maar beide Matteus en Lukas gebruik meestal van Markus se materiaal, maar op verskillende maniere. Matteus het Markus opgebreek in kleiner stukkies en dit gemeng met sy eie

materiaal, waar Lukas weer groot dele van Markus gebruik het (Pawson 2007:785).

Dit is ook moontlik dat Matteus en Lukas die Evangelie van Markus uitgebrei het en met Markus voor hulle gewerk het. Matteus en Lukas het ook materiaal wat uniek is aan hulle gebruik (Pawson 2007:785).

As daar 'n vergelyking tussen die eerste drie Evangelies getref word, demonstreer dit dat die ooreenkomste tussen hulle baie meer is as die verskille. As daar egter gekyk word na die vierde Evangelie, lyk dit of dit 'n ander wêreld is (Blomberg 2007:196).

In die sinoptiese Evangelies word die verhaal van Jesus se rondreis deur die land en van die dae wat Hy doen om die lyding van mense te verlig, vooropgestel. By Johannes is die verhaal van die gebeurtenisse ondergeskik aan die gesprekke van Jesus. Daar word wel ook vertel van Jesus se reise, maar tog vind ons hier veel minder beweging as in die ander Evangelies (Groenewald 1980:1).

Die Evangelie van Johannes vertel ons dat Jesus verskeie kere na Jerusalem gereis het. Volgens die sinoptiese Evangelies het Jesus slegs een keer na die stad, wat 'n belangrike rol in die geskiedenis van die Joodse volk speel, gegaan. Dit is onmoontlik om vas te stel watter Evangelie 'n historiese korrekte weergawe van die gebeurtenis gegee het. Jesus het altyd as 'n pelgrim gereis. Die vier Evangelies stem ooreen dat Jesus die laaste keer op 'n pelgrimstog na Jerusalem gegaan het, omdat Hy Paasfees daar wou vier (Den Heyer 1997:7-8).

Die boek Johannes verskil van die sinoptiese Evangelies en dit is duidelik as daar na die inhoud van sy Evangelie gekyk word. Dit is nie dat Johannes met 'n spesiale siening van Jesus geskryf het nie, maar omdat hy die volgende dele, wat deur die ander skrywers as belangrik beskou is, uitgehaal het (Pawson 2007:886-887):

- Die konsepsie en geboorte van Jesus

- Sy doop
- Sy versoekings
- Die uitdryf van die demone
- Sy verheerliking
- Die laaste maaltyd
- Jesus se stryd in gebed in Getsémané
- Die Hemelvaart

Johannes se Evangelie is bekend vir wat dit nie insluit nie. Vir lesers wat bekend is met die storie van Jesus vanuit die ander Evangelies kan dit moeilik wees om 'n Jesus te sien wat nie vergelykings vertel, duiwels verdryf en saam met verwerptes eet nie (Powell 2009:178).

Slegs in Johannes praat Jesus lank oor Homself en sy goddelike rol. Dikwels word dit slegs met die dissipels gedeel. Teenoor die sinoptiese Evangelies, fokus Johannes grootliks op verskillende wonderwerke wat gedoen is as 'n teken wat bedoel is om geloof te kweek. Sinoptiese elemente soos die gelykenisse en die duiweluitdrywing word nie in Johannes gevind nie. Dit stel 'n eskatologie voor waarin verlossing reeds vir die gelowige teenwoordig is. Die historiese betroubaarheid van Johannes is debatteerbaar (Mellowes 1998:n.p.).

Hierdie is vreemde weglatings, as mens die aandag wat die ander skrywers daaraan gegee het in ag neem. Byvoorbeeld, die verheerliking is as die draaipunt in die sinoptiese Evangelies gesien. Johannes is weer deur Jesus (aan die kruis) gevra om na sy moeder te kyk, so miskien het hy die geboorteverhaal uitgelaat om Maria meer publisiteit te spaar. Die hoofrede vir hierdie weglatings is eenvoudig dat hierdie besonderhede nie Johannes se doel gedien het nie. Hy wil ons iets anders vertel as die ander Evangelies en daar was geen nut daarin om inligting wat hy as onnodig beskou het, in die verhaal te los nie (Pawson 2007:887).

Nie net is daar weglatings nie, maar daar is ook temas wat as minder belangrik beskou is. Die sinoptiese Evangelies beskou hierdie temas belangrik of meer spasiose werd (Pawson 2007:887).

Die volgende verhale is uniek aan die Evangelie van Johannes (Powell 2009:178):

- Die roeping van Andreas, Filippus en Natanael
- Die verandering van die water in wyn in Kanaän
- Die gesprek met Nikodemus
- Die ontmoeting met die Samaritaanse vrou by die put
- Die genesing van die verlamde man by die Bad van Bethesda
- Die vrou wat egbreek gepleeg het se redding van steniging
- Die genesing van die man wat blind gebore is
- Lasarus se opstanding
- Die was van die dissipels se voete
- Die gebed vir die gelowiges om verenig te word
- Die opstandingsontmoeting tussen Jesus en Thomas

Die opvallendste verskil tussen die Evangelie van Johannes en die sinoptiese Evangelies is Johannes se keuse van materiaal. Daar is baie kenmerke van Jesus se lewe wat in al drie die sinoptiese Evangelies gevind word, maar geen plek in Johannes het nie. Johannes bevat verhale en leringe wat nie in Matteus, Markus of Lukas gevind word nie (Blomberg 2007:197).

Die vierde evangelis beklemtoon Jesus se kennis. Die drie sinoptiese Evangelies doen dit nie. Die vierde evangelis gee ook baie aandag aan die eenheid tussen die Vader en die Seun. Die drie sinoptiese Evangelies sê weer daar is ongetwyfeld 'n verskil tussen God en Jesus. As gevolg hiervan is daar vanaf die 19de eeu 'n groter beklemtoning op die menslikheid van Jesus (Den Heyer 1997:13).

Die besondere taalgebruik en skryfstyl van die vierde Evangelie val mens onmiddellik op. Die woordeskat is betreklik beperk, die sêgoed is direk en eenvoudig, herhalings kom dikwels voor en sinne volg dikwels op mekaar sonder 'n verbindingswoord. Die eenvoud druk diepsinnigheid van gedagtes, soos daar nie by die sinoptiese Evangelies voorkom nie, uit (Groenewald 1983:1).

Alreeds teen die jaar 200 word Johannes se Evangelie die spirituele Evangelie genoem omdat dit die storie van Jesus op 'n ander simboliese manier as die sinoptiese Evangelies beskryf. Jesus sterf byvoorbeeld op 'n ander dag in Johannes as in Matteus, Markus en Lukas. In die drie sinoptiese Evangelies eet Jesus 'n Paasmaal voor Hy sterf en in Johannes eet Hy dit nie. Die laaste maaltyd word eintlik voor die begin van die Paasfees geëet. So, die volgorde van gebeure wat lei tot die kruisiging verskil baie in die boek Johannes. Jesus het die laaste maaltyd 'n dag vroeër gehad, dit beteken dat hy tydens die voorbereiding vir die Paasfees aan die kruis gehang het (Mellowes 1998:n.p.).

Johannes se Evangelie is uniek op ander maniere ook. Dit verteenwoordig Jesus se bediening oor 'n driejaar-tydperk en konsentreer op die gebeure in en om Jerusalem. Die ander evangelies stel 'n meer kompakte tyd voor en fokus meer op die gebeurtenisse in Galilea. Waar Jesus se preke in die ander Evangelies kort is, gee die Johannese Jesus lang, filosofiese preke (Powell 2009:179).

Die probleem met die verhouding van die vierde Evangelie en geskiedenis is 'n akute een, juis omdat Johannes so verskillend is van die sinoptiese Evangelies. Die probleem word minder gekompliseerd as ons aanvaar dat die vierde Evangelie nie die sinoptiese Evangelies gebruik het nie. Die feit dat die vierde Evangelie 'n Christelike perspektief en motivering deel met die sinoptiese skrywers, het veroorsaak dat sy Evangelie verskillend uitgedraai het as die sinoptiese Evangelies (Witherington 1951:35).

Daar is egter ook aanmerklike verskille. 'n Aansienlike deel van die materiaal wat by die Sinoptici voorkom, ontbreek by Johannes. Daar is wel aanduidings dat Johannes van hierdie dinge ervaar het en dit net toegelig het. Daarteenoor bevat

Johannes ook materiaal wat nie by die Sinoptici voorkom nie (Groenewald 1980:5-6).

Die verduideliking van hierdie verskille kan nie gevind word in die veronderstelling dat Johannes 'n teologiese of spirituele Evangelie is, terwyl die sinoptiese Evangelies histories is nie. Redaksiekritiek het gedemonstreer hoe deeglik teologies die sinoptiese Evangelies is (Witherington 1951:35). Daar is ook verskille ten opsigte van historiese, geografiese en kronologiese gegewens (Groenewald 1980:6).

Die ander Evangelies begin by 'n punt in die geskiedenis en beskryf dan die verloop van gebeurtenisse in die lewe en optrede van Jesus. Daarteenoor vind Johannes sy uitgangspunt "in die begin" (Joh. 1:1), voordat die skepping daar was. Daarna verwys hy na die skepping self en die ontstaan van alle dinge (Groenewald 1980:8).

Die evangelis het gekies om die voorstelling van die lewe van Jesus op 'n dramatiese manier uit te beeld en het 'n sekere kunstige vryheid wat die sinoptiese skrywers nie het nie. Die vierde Evangelieskrywer gebruik ook tradisies wat nie beskikbaar was aan die sinoptiese skrywers nie (Witherington 1951:36-37).

'n Ander interessante kenmerk van Johannes se Evangelie is dat Jesus in lang monoloë, eerder as pittige verklarings of gelykenisse, praat. Hy verklaar sy goddelikheid en beklemtoon dat die enigste manier na God deur Hom is, (Mellowes 1998:n.p.).

Wat die boek Johannes ook anders maak, is die element van Jesus se besprekings en dialoë met die dissipels. Die sinoptiese Evangelies sien dit as woorde wat net saamgevoeg is, met bykans nooit 'n dissipel wat inmeng of 'n vraag vra nie. Dit is net 'n versameling. In Johannes is dit nie 'n versameling van tradisionele materiaal nie, maar 'n refleksie op die tradisionele materiaal. Johannes skryf die toesprake van Jesus in 'n poging om die tradisionele woorde

van Jesus te interpreteer, dit is, met ander woorde, wonderlike teologisering wat ons hier aan die werk sien, nog meer as by die Sinoptici (Mellowes 1998:n.p.).

Al hierdie groot toesprake van Jesus word ontwikkel vanuit die tradisionele toespraakmateriaal. Sekere van hierdie toesprake is parallel aan die toesprake wat te vinde is in die sinoptiese Evangelies, maar van hulle is ook parallel aan die toesprake in die Evangelie van Thomas. Dus, Johannes gebruik 'n ander stel tradisionele toesprake van Jesus as die eerste drie Evangelies in die Nuwe Testament (Mellowes 1998:n.p.).

In die gesprekke van Jesus vind ons egter nie gelykenisse soos in die sinoptiese Evangelies nie. By Johannes kom daar wel beeldspraak en vergelykings voor, soos oor die wingerdstok en sy ranke (Joh. 15). Verder het die skrywer 'n voorliefde vir simboliek en in hierdie verband maak hy baie meer gebruik van gegewens uit die Ou Testament as die ander Evangelies (Groenewald 1980:2).

Johannes se weergawe van Johannes die Doper verskil ook van die sinoptiese Evangelies. Johannes is nie "die Doper" genoem nie. Johannes se bediening oorvleuel met Jesus s'n. Jesus se doop word nie eksplisiet genoem nie, maar sy getuigenis van Jesus is ondubbelsinnig. Die evangelis het verseker die verhaal van Jesus se doop deur Johannes geken en hy maak op 'n belangrike teologiese manier hiervan gebruik. Hy stel Johannes ondergeskik aan Jesus, miskien in 'n reaksie op die lede van die Doper se sekte wat Jesus as die meerdere ontken het (Wikipedia 2014g:para. 43).

In Johannes, het Jesus en sy dissipels na Judea toe gegaan, vroeg in sy bediening, toe Johannes nog nie gevangene geneem en onthoof is deur Herodes nie. Hy het 'n bediening van doop gelei wat groter was as Johannes s'n. Die Jesusseminaar gradeer hierdie berekening as swart. Dit bevat geen histories-akkurate informasie nie. Histories het Johannes moontlik 'n groter teenwoordigheid in die publieke gedagtes gehad as Jesus (Wikipedia 2014g:para. 43).

Hierdie verskynsel van ooreenkomste en verskille bring ons by die vraag watter bronne die skrywer van die vierde Evangelie moontlik kon gebruik het. Gewoonlik word aanvaar dat Johannes later as die ander drie geskryf is. Dit is moontlik dat die skrywer met die eerste Evangelies bekend was en hulle kon gebruik het, of altans die Evangelies by sy skrywe tot sy beskikking gehad het. Omrede hy in so baie opsigte in die keuse en aanbieding van sy materiaal van die ander afwyk, ontstaan die vraag: Wou Johannes hulle weergawes aanvul, vertolk of vervang, of het hy onafhanklik van hulle geskryf? (Groenewald 1980:7).

Johannes wou moontlik nie die sinoptiese Evangelies met sy eie Evangelie vervang nie, maar daar is tekens van vertolking en aanvulling. Ondersoek het bewys dat die raamwerk van Markus in breë trekke gevolg word en dat daar ook 'n vae verwantskap met Lukas is. Maar direkte ontlening aan die Sinoptici kan nie aangewys word nie (Groenewald 1980:7 – 8).

Johannes is bekend vir sy gebruik van simboliek, wat met misverstande gepaard gaan. Karakters in die verhaal verstaan nie altyd wat Jesus sê nie, sodat Jesus of die storieverteller dit moet verduidelik (Powell 2009:179-180).

Verskeie ander oënskynlike historiese verskille verskyn. Johannes maak geen melding van die geboorte van Jesus in Betlehem nie, maar vertel hoe die Jode Jesus verwerp het omdat hulle geweet het dat daar geen profeet vanuit Jerusalem sou kom nie (Joh. 7:52). Dit lyk of die reiniging van die tempel nie die rede is vir Jesus se inhegtenisname soos in die sinoptiese Evangelies nie, aangesien Johannes dit na die begin van sy bediening geskuif het. Hy skryf die inhegtenisname toe aan die feit dat Jesus Lasarus weer lewendig gemaak het (Blomberg 2007:198).

5.3.2.1 Samestelling

Die Evangelie van Johannes is oor 'n periode van tyd in drie verskillende fases ontwikkel en soos volg deur Raymond E. Brown, soos aangehaal in Mellows (1998), opgesom:

- 'n Oorspronklike weergawe gebaseer op persoonlike ervarings van Jesus.
- 'n Gestruktureerde literêre skepping deur die evangelis wat op addisionele bronne staatgemaak het.
- Die finale samestelling, wat tans in die Nuwe Testament bestaan, en wat om en by 85 tot 90 AD voltooi is (Mellowes 1998:n.p.).

5.3.2.2 Temas wat verskil ten opsigte van die sinoptiese evangelies

Wonderwerke

Net soos daar weglatings is, is daar ook baie belangrike toevoegings. Van die sewe wonderwerke wat Johannes noem, is die volgende vyf heeltemal nut (Pawson 2007:888):

- Die water in wyn by die troue in Kanaän.
- Die man by die bad in Bethesda
- Die genesing van die edelman se seun
- Die genesing van die blinde man
- Die opwekking van Lasarus

Slegs twee, die loop op die water en die kosgee aan die skare van 5 000, is herhalings (Pawson 2007:888).

Verder gebruik Johannes 'n ander woord as "wonderwerk". Hy verwys daarna as "tekens". 'n Teken wys altyd na iets buite homself. Daarom dokumenteer hy nie minder wonderwerke omdat hy glo dit is minder belangrik nie, maar om die manier waarin die wonderwerk of teken na Jesus wys, te beklemtoon (Pawson 2007:888).

Individue

Johannes bevat meer stories oor individue en 'n aantal daarvan is uniek aan hierdie Evangelie. Petrus se weiering om sy voete te laat was, die gesprek met

die Samaritaanse vrou by die put en die gesprek met Nikodemus is almal ingesluit (Pawson 2007:888).

Aan hierdie een-tot-een-dialoë word meer belangrikheid verleen as die ontmoetings met die skare, wat lyk of dit die ander drie Evangelies domineer. Die woorde van Johannes die Doper is almal in hierdie Evangelie privaatgesprekke en nie publieke uitlatings nie (Pawson 2007:888).

Verklarings oor Jesus

Daar is sewe groot verklarings oor Jesus wat slegs in Johannes voorkom. Hulle staan bekend as die volgende “Ek is”-uitsprake (Pawson 2007:889):

- Ek is die lewende brood
- Ek is die lig van die wêreld
- Ek is die deur
- Ek is die goeie herder
- Ek is die opstanding en die lewe
- Ek is die weg, die waarheid en die lewe
- Ek is die ware wingerd

Hierdie verklarings beklemtoon sy doel om ons insig te gee van hoe Jesus Homself gesien het (Pawson 2007:889).

Die sinoptiese Evangelies is gebaseer op die buitelyne van Markus en neig om sy raamwerk van 30 maande in die noorde van Galilea te gebruik, gevolg deur ses maande in die suide van Judea, wat spesifiek op Jerusalem fokus. Johannes is egter anders. Sy Evangelie speel in die Suide af en sluit inligting van Jesus se vroeë bedienings in. Hy kies om die geleenthede wat Jesus in Jerusalem was vir die feeste (miskien so gereeld as drie keer per jaar) te beklemtoon (Pawson 2007:889).

In Johannes is die karakter van Jesus 'n statiese karakter. Dit beteken die karakter verander nie. Hy kom wel later duideliker na vore as aan die begin van die verhaal. Die Evangelie stel Jesus voor as die inkarnasie van die *Logos* wat die werk van openbaring voltooi, genees en skep (Culpepper 1983:103 & 106).

Een van die interessante aspekte van die Evangelie van Johannes se karakterisering van Jesus is die reeks emosies en motiewe wat aan Hom toegeken word. Terwyl Jesus nie aan menslike emosies ontbreek nie, is sy emosionele reaksies anders en daarom skep dit die gevoel dat Hy op 'n afstand gehou word (Culpepper 1983:109).

Die Evangelie vermenslik Jesus nie deur Hom te omring met kinders nie. Al is aanraking en fisiese kontak met Jesus belangrik in die sinoptiese Evangelies, is daar niks daarvan in Johannes te vinde nie (Culpepper 1983:110).

Johannes is die enigste Evangelie wat Jesus as goddelik identifiseer (Joh. 1:1; 10:30; 20:28). Die sinoptiese evangelies stel 'n geleidelike bewuswording van Jesus rakende sy identiteit as Messias, asook die dissipels se blindheid rakende hierdie kwessie voor (Blomberg 2007:197).

Daar is teenstellings indie kronologiese voorkoms. Die sinoptiese Evangelies gee Jesus se teenwoordigheid in Jerusalem slegs by die Paasfees, wat dadelik deur sy dood gevolg word. Hulle gee ook geen duidelike bewyse dat Hy ooit as volwassene in Jerusalem was voor hierdie gebeurtenis nie. Johannes het egter drie Paasfeeste en ander onbelangrike feeste met die uitsonderlike bediening van Jesus in die Joodse hoofstad neergeskryf. Spesifieke gebeurtenisse lyk of dit nie op die regte plek plaasvind nie (Blomberg 2007:197).

Die styl van Johannes se skrywe verskil merkwaardig van die sinoptiese Evangelies. Jesus se taal is onherkenbaar. Beide verwys gereeld na temas soos lig, lewe, getuigenis, waarheid, verheerliking en kennis. Dit is ook temas wat nie in die sinoptiese Evangelies gevind word nie (Blomberg 2007:198).

Taal

Die taal van Johannes verskil van die ander Evangelies. Die sinoptiese Evangelies oorvleuel baie, met die gebruik van identiese bewoording op sekere plekke. Johannes se taal stel voor dat sy werk heeltemal onafhanklik is. Byvoorbeeld, wanneer die sinoptiese Evangelies die voeding van die 5000 mense beskryf, is daar 53 woorde in gemeen, maar net agt woorde in gemeen met Johannes; selfs die woord vir vis is anders (Pawson 2007:890).

Geskille

Die sinoptiese Evangelies beklemtoon die wonderwerke van Jesus. Langer gesprekke is raar. In Johannes lyk dit of Jesus betrokke is in eindelose argumente, met langer diskoerse wat eerder op die kwessies van geloof fokus, as op gedrag. Omdat hierdie gesprekke grootliks tydens sy suidelike reise plaasgevind het, lyk dit of Jesus suidwaarts gereis het. Sy styl van opvoeding het verander en Hy was meer betrokke by argumente met die Judeërs oor sy identiteit (Pawson 2007:890).

5.3.3 Die Evangelie van Johannes

Die Evangelie van Johannes is 'n opsomming van die publieke bediening van Jesus. Dit begin met die getuie en bevestiging van Johannes die Doper en sluit af met die dood, begrafnis en opstanding, en na die opstanding, die verskyning van Jesus. Hierdie opsomming is die vierde van die kanonieke Evangelies, na die sinoptiese Evangelies (White 1998:para. 2).

Die Evangelie van Johannes is 'n historiese biografie in 'n dramatiese vorm. Dit is gebaseer op die patroon van Wysheid se afkoms en terugkeer, en vertel die verhaal van Jesus as die Woord geïnkarnear wat die Vader se werk voltooi het om die Vader te openbaar, die sonde van die wêreld weg te neem en om die kinders van God te bekragtig. Die owerhede maak Jesus dood, maar ironies is dit in Jesus se sterwensuur dat Hy sy missie vervul (Culpepper 1997:198).

In hierdie Evangelie kry ons nie 'n Jesus wat uitroep oor sy godverlatenheid aan die kruis nie. Hier het ons eerder 'n Jesus wat in beheer is, van die begin tot die einde. Hy het dus sy lewenstaak vanaf die kruis voltooi deur 'n nuwe gemeenskap te stig wat hoofsaaklik bestaan uit sy volgelinge, waarvan Maria en die Geliefde Dissipel as die kenmerkende beeld voorgegee word. Manlik en vroulik word verenig deur middel van die gekruisigde Jesus in een nuwe gemeenskap van geloof (Witherington 1951:313).

Historiese omstandighede rakende die samestelling van Johannes se Evangelie is meer gekompliseerd as dié van die ander Evangelies. Baie navorsers vermoed dat die boek wat ons vandag besit 'n tweede, derde, vierde of selfs vyfde weergawe van die boek is wat deur verskillende fases van ontwikkeling gegaan het (Powell 2009:173).

5.3.4 Outeur van die Evangelie

Tradisioneel word daar geglo dat die boek Johannes deur die apostel Johannes geskryf is. Dit is egter later as verkeerd bewys (Edwards 2003:18). Daar word van Johannes gepraat asof dit 'n uitgemaakte saak is dat Johannes die skrywer van die vierde Evangelie is. Hieroor bestaan daar egter uiteenlopende menings waarmee rekening gehou moet word. Aangesien die naam van die skrywer nie in die Evangelie genoem word nie, moet ondersoek gedoen word na gegewens in die Evangelie wat as leidraad kan dien (Groenewald 1980:11).

Daar is die aanname dat die dokumente in die Nuwe Testament onder skuilname geskryf is. In antieke tye was die outeurskap nie so bewaar soos nou, met die klem op kopiereg en plagiaat nie. Daar sou byvoorbeeld voorgestel word dat 'n gegewe brief deur 'n onbekende skrywer eerder as die werk van Paulus voorgestel moes word, sodat daar meer outoriteit aan die boek gegee word (Barton 2010:36-37).

In Johannes 21:24 word daar verwys na die “dissipel wat Jesus liefgehad het”. “Dit is ook hy wat hierdie dinge neergeskryf en getuig het” (Joh. 21:20). Dit is redaksionele kommentaar wat van ‘n groter groep kom: “Ons weet dat sy getuie waar is”. Die Geliefde Dissipel speel ‘n sleutelrol in wie die outeur van die Evangelie is. Die dissipel wat Jesus liefgehad het, is verseker nie die outeur van die hele Evangelie nie. Hy sou homself nie met hierdie titel voorgestel het nie. Hy is dus so deur sy volgelinge en vriende genoem (Schnackenburg 1995:224-225; 226).

As ‘n apostel is Johannes die instruksie gegee om te getuig oor wat hy gesien en gehoor het. Om ‘n ooggetuie van Jesus se werke te wees, was ‘n belangrike vereiste om ‘n apostel te wees. Johannes was ook die dissipel wat die naaste aan Jesus was gedurende sy aardse werke (Arnold 2002:3).

Die Geliefde Dissipel kan nie oortuigend uitgewys word as die skrywer van die Evangelie nie. Die persoon was moontlik ‘n persoon wie se identiteit aan Johannes se lesers bekend was. Hy word doelbewus naamloos gelos. Johannes is nie die Evangelie se outeur nie, maar word gebruik om outoriteit aan die boek te verskaf (Edwards 2003:26).

Die vierde-eeuse kerkhistorikus, Eusebius, identifiseer Johannes die Oudste as ‘n ander persoon as Johannes die Evangelis. Die twee word baie verwar omdat hulle dieselfde naam gehad het en van dieselfde gemeenskap afkomstig is. Eusebius sê dat Johannes die Oudste ‘n student of dissipel van Johannes die Apostel (‘n dissipel van Jesus) was (Powell 2009:175-176).

Vir eeue lank is daar met groot eerbied na die vierde Evangelie geluister. Mense het alreeds in die vroeë stadiums van kerkgeskiedenis geglo dat die outeur in die binnekring van die eerste dissipel beweeg het. Daar is vermoed dat dit die man was wat verskeie tye in die Evangelie as die Geliefde Dissipel uitgewys is (Joh. 13:13; 20:2). Hy het ‘n spesiale posisie binne die groep volgelinge van Jesus

beklee. Hy kom voor as Jesus se getroue vriend en was die sleutelgetuie toe Jesus aan die kruis gesterf het (Joh. 19:25-27;35-37) (Den Heyer 1997:91).

Al eis die vroeë kerktradisies dat die vierde Evangelie die laaste Evangelie is wat geskryf is, net voor die begin van die tweede eeu, toe Johannes 'n baie ou man was, word daar gestry dat die gebeurtenisse en leringe van die twee tot drie jaar wat hy saam met Jesus was in sy geheue ingeprent is en dus verantwoordelik bewaar is. Vandag word daar om verskeie redes nie meer geglo dat Johannes die Apostel die outeur van die vierde Evangelie is nie. Die sterkste rede hiervoor word in die Evangelie self gevind. Daar word in die derde persoon na die Geliefde Dissipel verwys, nie as "ek" of "ons" wat die boek geskryf het nie. Die boek sluit af met 'n verwysing na "ons", wat "weet dat hierdie verklaring waar is" (Joh. 21:24). Die natuurlikste manier om te verduidelik hoekom die Evangelie die laaste verse (Joh. 21:20-23) bevat, is omdat die dissipel gesterf het en sekere Christene probleme gehad het om sy dood te verwerk terwyl Christus nog nie teruggekom het nie (Blomberg 2007:204-205).

Dit is dus moontlik dat die vierde Evangelie die produk van twee mense genaamd Johannes kon wees: Johannes die Apostel (die Geliefde Dissipel) het die eerste uitgawe geskryf, en sy student, Johannes die Oudste, het later 'n uitgebreide hersiene weergawe geproduseer (Powell 2009:176).

Die teks van die vierde Evangelie, soos ons dit ken, gee, net soos met die ander sinoptiese Evangelies, nie die naam van die outeur nie. Die outeur is iemand met 'n Joodse agtergrond wat geïnteresseerd was in Joodse besprekings oor die Messias, die Joodse feeste, die wette en die kenbare groepe gevind op die grense van vroeë Judaïsme, soos Johannes die Doper, sy volgelinge en die Samaritane (Witherington 1951:11-12).

Daar is egter groot belangrikheid aan sy woorde geheg. Geen van die ander evangeliste was so naby betrokke by die gebeurtenisse nie en Johannes het homself voorgestel as 'n nabye vriend van Jesus. Teks van die vierde Evangelie

speel 'n belangrike rol in die begin van Christologiese refleksie in die eerste eeu van kerkgeskiedenis. Sonder hierdie teks sou die klassieke belydenisskrifte en dogmas in ander woorde uitgedruk gewees het (Den Heyer 1997:91).

Omdat daar nie met sekerheid bewys kan word wie die outeur van die boek Johannes is nie, kan ons die finale outeur die vierde evangelis noem, omdat hy 'n groot bydrae tot die redigering van die boek gelewer het. Hy verdien om meer as 'n redakteur genoem te word. Aan die anderkant is die siening van Johannes se briewe, wat deur die Geliefde Dissipel self geskryf is: dit gebruik dieselfde taal en etos as die Evangelie. Die vierde evangelis was nie die skepper van die spesiale Johannese taal of gedagte-wêreld nie (Witherington 1951:18).

Kritici het aan Johannes, die seun van Sebedeus en 'n apostel van Jesus, die outeurskap van die vierde Evangelie toegeken. Die meeste navorsers betwyfel hierdie idee egter. Party spekuleer dat die werk eintlik vervaardig is deur 'n groep vroeë Christene wat effens geïsoleer was van ander Christelike gemeenskappe (Mellowes 1998:para. 5).

In Hoofstuk 21 van die Evangelie van Johannes word afgelei dat die boek die getuienis van die “dissipel wat Jesus liefgehad het” is. Saam met Petrus, is die ongenoemde dissipel naby aan Jesus. Die vroeë kerktradisie identifiseer hom as Johannes die Apostel, een van Jesus se twaalf Apostels. Die Evangelie is naby-ooreenkomstig in styl en inhoud aan die drie oorgelewerde briewe van Johannes, wat veroorsaak dat kritici die vier boeke saam hanteer, maar volgens moderne kritici was Johannes nie die outeur van enige van die boeke nie (White n.d.:para. 1).

Die Geliefde Dissipel, soos Johannes 21 voorstel, is die bron van die materiaal in hierdie Evangelie. Sy unieke trekke word daaraan toegeken. Dit is sy ooggetuieverklaring wat hoofsaaklik in die Evangelie is, maar die manier hoe hy dit hanteer het, deur dit voor te stel in 'n wysheidformaat, maak dit anders as die sinoptiese tradisies (Witherington 1951:10).

Die outeur identifiseer “die dissipel wat Jesus liefgehad het” as die een wie se getuienis waar en geloofwaardig is. Wanneer Jesus aan die kruis sterf, staan daar vier vrouens en een man om hom. Die man word geïdentifiseer as die een wat Jesus liefgehad het (Joh. 19:25-26). Later bevestig die outeur dat die getuienis van die man wat Jesus se dood gesien het, waar is (Joh. 19:35). Die getuienis verwys moontlik na die tradisies oor Jesus wat in die Evangelie van Johannes opgeteken is. Dit is moontlik “die dissipel wat Jesus liefgehad het” omdat hy die enigste man teenwoordig was by Jesus se kruisiging (Joh. 19:26) (Mellowes 1998:para. 6).

Ons moet verdere inligting vanuit Johannes 21 in ag neem. Die inligting kom tot die slotsom dat Johannes, die seun van Sebedeus, die Geliefde Dissipel was. In Johannes 21:2 word ‘n lys van dissipels genoem, insluitend die twee seuns van Sebedeus en twee anonieme dissipels. Al wat die Geliefde Dissipel-tradisies in Johannes 13-21 voorstel, is dat die dissipel, soos Petrus, baie na aan Jesus se hart was en dus ook baie na aan Petrus was (Witherington 1951:14).

Die oorspronklike persoon van die tradisies in die Evangelie, was ‘n Joodse Christen wat nie net oortuig was dat die bestaande instellings van hoofstroom-Judaïsme korrup was en vervang moes word nie, maar dat Jesus dit vervang het deur sy lewe, dood en opstanding. Die outeur van hierdie Evangelie het genoeg Grieks geken om goed in die taal te kon kommunikeer. Om hierdie rede kan daar gesê word dat, alhoewel die Evangelie in vele tale vertaal is, die Griekse denkwysse steeds sterk na vore kom in die teks (Witherington 1951:12 & 313).

Dit is nie duidelik dat die Johannese se gemeenskap as ‘n geheel ooit deel van ‘n sinagoge was nie. Daar is ‘n groter moontlikheid dat die Geliefde Dissipel deel van ‘n afgesonderde gemeenskap gevorm het toe hy in Asië aangekom het, maar die plaaslike sinagoges herhaaldelik gepoog het om te evangeliseer. Die bedieningskarakter van die Johannese se gemeenskap moet nie onderskat word nie, omdat dit die karaktereienskappe van vroeë Christenskap in die algemeen voorstel (Witherington 1951:13).

Dit blyk dat die outeur 'n Palentyense Jood was. Hierdie gevolgtrekking word gemaak as daar na die geografiese kennis oor Palestina, sosiale en religieuse voorwaardes, kennis van die tempel en Joodse feeste gekyk word (Smith n.d.:para. 17).

Die skrywer van hierdie tradisies het voor 70 v.C. waarskynlik 'n duidelike en akkurate kennis van die omstandighede in Judea en Jerusalem gehad. Die omvattende Judese tradisies in hierdie Evangelie, insluitend die materiaal oor Maria, Marta en Lasarus, die feeste en kennis van die hoë priester, stel voor dat ons hier te doen het met 'n dissipel van Jesus wat van Judea afkomstig is of ten minste vir 'n sekere tydperk naby Judea gewoon het, voor hy 'n volgeling van Jesus geword het (Witherington 1951:13).

Daar kan in alle waarskynlikheid gesê word dat dit moontlik is dat die Evangelie van Johannes begin het met 'n Judese volgeling van Jesus, wat 'n ooggetuie was van ten minste die laaste dele van Jesus se lewe en moontlik vir al sy besoeke aan Jerusalem. Omdat daar bewyse is dat die Geliefde Dissipel moontlik in sy denke beïnvloed is en 'n dissipel van Johannes die Doper was voor hy Jesus begin volg het, was hy moontlik ook saam met Jesus vanaf die tyd wat Jesus se paaie geskei het van Johannes die Doper (Witherington 1951:14).

Een moontlike konstruksie van die interne bewyse verklaar dat die Geliefde Dissipel 'n storie van die lewe van Jesus geskryf het. Die dissipel is egter onverwags oorlede, wat veroorsaak het dat 'n hersiene weergawe van die Evangelie geskryf is. Dit is moontlik dat Johannes die bron van Johannes se tradisie was, maar nie die finale skrywer van die tradisies was nie. Daarom het navorsers nie meer op die identiteit van 'n enkele skrywer gefokus nie, maar op 'n aantal outeurs wat die outeurskap in die Evangelie se ontwikkeling oor 'n periode van tyd en verskillende fases aangeraak het (Mellowes 1998:para. 4).

Johannes se briewe is deur die Geliefde Dissipel aan die einde van sy lewe geskryf. Baie, indien nie al die evangeliese tradisies nie, kon alreeds geskryf gewees het en was reeds bekend aan die gemeenskappe waaraan Johannes

geskryf het, maar dit was nog nie versamel en in die evangeliese vorm saamgevoeg nie – iets wat moontlik na die Geliefde Dissipel se dood vervul is (Witherington 1951:28).

Wat die interne bewyse van hierdie Evangelie voorstel, as dit krities gelees word, is dat die Geliefde Dissipel Johannes, die seun van Sebedeus was, omdat die Evangelie nie net fokus op die Galilese bediening van Jesus nie. Dit dra die belangrike gebeurtenisse wat in Galilea gebeur het, wat Johannes die seun van Sebedeus as getuie kon weergee, oor (Witherington 1951:14).

As mens na hierdie komplekse en veelvoudige geskiedenis kyk, is dit betekenisloos om te praat van 'n enkele outeur vir Johannes, maar die titel behoort die beste aan die evangelis wat aan die einde van die proses ingekom het. Die finale samestelling se laat datering en sy aandrang daarop dat Jesus 'n goddelike wese was wat die aarde in menslike vorm bewandel het, maak dit baie moeilik vir kritici wat Jesus se lewe probeer evalueer in terme van literêre historiese waarhede (Mellowes 1998:n.p.).

Die verteller van die boek Johannes was moontlik een van die twaalf dissipels, wat met die oorvertel van die Evangelie homself as “die een wat Jesus liefgehad het” beskryf het. Die redakteur het, met die gedagte aan die toekomstige lesers, wat nie sou weet wat die verhouding tussen die outeur en “die dissipel wat Jesus liefgehad het” was nie, Johannes 21:24 en Johannes 19:35 bygevoeg om te verseker dat die verhouding duidelik gemaak word in die teks. Dit lyk of die redakteur dit gedoen het om te verseker dat die lesers sou weet dat die outeur 'n getuie was vir die gebeurtenisse wat beskryf word (Smith n.d.:para. 10).

Dit is hoogs onwaarskynlik dat dieselfde outeur al vyf die Johannese dokumente³ geskryf het. Daar is genoeg ooreenkomste tussen Openbaring en die res van die

³ Die Evangelie van Johannes
1 Johannes
2 Johannes
3 Johannes
Openbaring

Johanneskorpus wat 'n sterk vermoede laat ontstaan dat die outeur op 'n stadium 'n lid en moontlik selfs een van die stigters van die Johannese gemeenskap was. Dit word voorgestel dat Openbaring geskryf is na die Geliefde Dissipel se dood, toe die Johannese gemeenskap leiding gekort en desperaat nodig gehad het. Die outeur is diep beïnvloed deur die Johannese skool se eiesoortige en eskatologiese interpretasie van die Jesustradisie (Witherington 1951:27).

Dit is duidelik uit Johannes 20:30, en die karakter van die bylae in Johannes 21, asook die Johannese tradisie van die vroue wat vasgevang is in owerspel, dat daar baie ander Johannese tradisies beskikbaar was wat die vierde Evangelie nie gebruik het nie. Die vierde evangelis, nie sy bron nie, het moontlik 'n verskeidenheid geskrewe tradisies gevat en in hierdie Evangelie gevorm. Daar word nie gesê dat hierdie bron sy verhale in 'n sekere orde of evangeliese vorm neergeskryf het nie, maar ons word net vertel dat die Geliefde Dissipel getuienis gelewer het en dat dit neergeskryf is (Witherington 1951:10).

Daar is 'n goeie rede om te glo dat die skrywer van die boek Openbaring iemand anders moes wees as die outeur van die Evangelie en die briewe: die outeur skryf in 'n heel ander styl as die outeur van die Evangelie en briewe. Die outeur van Openbaring gebruik woorde wat die teenoorgestelde betekenis het as wat dit in die Evangelie en briewe beteken (Witherington 1951:27).

Raymond E. Brown het baanbrekerswerk gedoen op soek na die ontwikkeling van die tradisie waaruit die Evangelie begin het. Die diskoerse lyk of dit betrokke was by die werklike kwessies van die kerk- en sinagoge-debatte teen die tyd dat die Evangelie geskryf is, in 90 n.C. Dit is opvallend in die Evangelie dat die gemeenskap steeds voorkom en dit met Judaïsme vergelyk word, eerder as 'n deel van die wyer Christelike kerk. Al het Christenskap begin as 'n beweging binne Judaïsme, het Christene en Jode teen mekaar gedraai (Mellows 1998:n.p.).

Van al die Evangelies word die Evangelie van Johannes die meeste betwis rakende die outeurskap. Die inligting om te assesser is groter in aantal as die inligting wat toepaslik is vir die outeurskap van die sinoptiese Evangelies (Smith n.d.:para. 1).

Die vierde evangelis skryf 'n historiese biografie met historiese belange, asook 'n sendingsdoel. Hy het geskryf dat sy gehoor kan glo in Jesus en hy stel 'n interpretasie van die karakter voor deur Jesus se woorde en dae te openbaar. Terwyl hy primêr probeer om die belangrike betekenis van die woorde en gebeurtenisse in Jesus se lewe uit te beeld, laat hy nie na om die feitlike fondament van die betekenis te gee nie (Witherington 1951:36).

Volgens die outeur het Jesus voorspel dat nuwe kennis sal kom aan sy volgelinge na sy dood. Hierdie verwysing wys dat die outeur nuwe informasie ingesluit het wat nie voorheen openbaar is nie. Hierdie informasie is afgelei van die spirituele inspirasie, eerder as van historiese rekords of herinneringe (Mellowes 1998:n.p.).

Die vraag kan gevra word: Wie was Johannes? Vervolgens word gekyk na verskillende moontlike verklarings oor wie Johannes kon gewees het:

5.3.4.1 Die visserman

Voordat hy geroep is om Jesus te volg, was Johannes 'n visserman wat betrokke was in die vang en verkoop van visse. Dit is bekend dat hy konneksies in Jerusalem gehad het en dat dit moontlik die kleinhandelsbesigheid vir die verkoop van die visse wat in Galilea gevang is, ingesluit het. Hy was 'n man van twee wêrelde, die landelike in die noorde en die stedelike stad van Jerusalem in die suide. Daarom het hy meer uitgestaan as die ander apostels, wat meestal van die noorde af gekom het; die enigste ander een van die suide af is Judas Iskariot (Pawson 2007:892).

5.3.4.2 'n Familielid van Jesus

Hy was 'n neef van Jesus en die broer van Jakobus, een van die ander dissipels. Ten minste vyf, moontlik sewe van die twaalf dissipels, was familie van Jesus. Hierdie nabyheid was sigbaar by die kruis, toe Jesus vir Johannes gevra het om na sy ma te kyk (Pawson 2007:892-893).

5.3.4.3 Jesus se naaste vriend

Die Geliefde Dissipel is 'n karakter wat uniek is aan die Johannese Evangelie. Net soos Jesus 'n spesiale plekkie vir Johannes het, so het Johannes ook 'n spesiale plek vir Jesus (Van Tilborg 1993:59).

Nie net was Johannes die naaste aan Jesus nie, maar hy was ook die laaste oorlewende apostel. Aan die einde dokumenteer hy die storie van hoe Petrus van Jesus geleer het dat hy gekruisig gaan word en hoe Petrus Jesus uitgevra het oor Johannes se dood. Jesus het geantwoord dat dit niks met hom te doen gehad het nie en dat as Jesus Johannes aan die lewe wou hou tot hy terugkom, dit sy keuse was. Vanaf daardie dag het 'n storie versprei dat Jesus gaan terugkom voor Johannes sterf, maar dit was nie wat Jesus gesê het nie, en Johannes verduidelik dit aan die einde van sy Evangelie. Hierdie was moontlik kennis wat die outeur ontvang het nadat die gebeure reeds plaasgevind het (Pawson 2007:893).

Johannes was nie net na aan Jesus oor hy familie was nie, maar hy was ook deel van die binnekring, saam met Jakobus en Petrus. Hy verwys na homself as die "dissipel wat Jesus liefgehad het". Hy probeer om die aandag van homself af te lei deur nie sy naam te gee nie, maar wat ons die insig gee dat van al twaalf, Johannes die naaste aan Jesus was. Tydens die laaste maaltyd was dit Johannes wat langs Jesus gesit het. Jesus wou sy goeie vriend naby hê toe hulle die belangrike oomblik gedeel het (Pawson 2007:893).

Die nabyheid van Jesus en Johannes word gewys op die manier waarop Johannes voel dat hy Jesus se woorde kan aanvul. Johannes verander sommige van sy diskoerse om die volle betekenis uit te bring, omdat hy glo dat hy Jesus se gedagtes goed genoeg ken dat hy kan verduidelik wat bedoel word. Hy brei uit op wat Jesus gesê het omdat hy regtig verstaan het wat Jesus bedoel het (Pawson 2007:893-894).

Die Geliefde Dissipel speel 'n baie kenmerkende rol in die Evangelie van Johannes. Dit lyk of hy naby aan Jesus is in die Evangelie en die evangeliste definieer sy verhouding tot Jesus, Petrus en die Johannese gemeenskap. Dit word algemeen aanvaar dat die Geliefde Dissipel 'n regte, historiese persoon was wat Johannes verteenwoordig het (Culpepper 1983:121).

5.3.4.4 Johannes die Doper

Die Evangelie van Johannes is interessant omdat dit 'n siening van Johannes die Doper weergee wat totaal van die Sinoptici verskil. Die polemieë speel 'n belangrike rol en vereis dat dit presies beskryf en gedefinieer word. Daar word gesien dat, in die paar sinne wat aan Johannes die Doper gewy word, hy 'n taal gebruik wat op 'n manier dieselfde is as die taal wat Jesus gebruik (Van Tilborg 1993:60).

5.3.5 Waar en hoekom is die Evangelie geskryf?

Vanuit die perspektief van aksie en beweging uit die storielyn van Johannes se Evangelie kan dit nie vergelyk word met die vinnig-bewegende storielyn van 'n James Bond-flik nie. Die beweging van die storielyn word konstant vertraag deur lang besprekings en monoloë, maar die boodskap agter die storie bly egter belangrik (Van der Watt 2007:9).

Omdat daar geen direkte informasie is oor waar die boek geskryf is nie, is ons afhanklik van die interne bewysstukke in die Evangelie. Ons is afhanklik van die plek van Jesus se aktiwiteite, die nabyheid van Johannes die Doper se

bewegings, die aandag wat gegee word aan Jesus se werk in Samaria en die klem wat geplaas word op Jesus se reise in Jerusalem (Schnackenburg 1995:222).

Dit is moeilik om vas te stel waar Johannes geskryf is. Anders as Openbaring, wat blykbaar in Patos (in die Griekse eilande) geskryf is (Openbaring 1:9), maak Johannes geen verwysing na die plek van skrywe nie (Edwards 2003:44).

In die vierde Evangelie is daar niks wat na die plek van skrywe verwys nie, maar wanneer daar verwys word na Johannes en sy Evangelie in die antieke wêreld word dit altyd met Efese geassosieer (Robinson 1985:45).

Kritici plaas ook die skryf van die Evangelie in of naby Efese, al is die laer gedeeltes van Sirië of Libanon meer korrek. Die waarskynlikste tyd vir die voltooiing van hierdie Evangelie is tussen 90 n.C. en 110 n.C. (Mellowes 1998:n.p.).

Motiewe van lig en donker is regdeur die Evangelie inmekaar geweef. Hierdie is nie eenvoudige literêre motiewe nie, maar toestelle wat leidrade gee oor die gemeenskap waarvoor Johannes geskryf is. Dit was 'n gemeenskap onder druk. Die Evangelie self stel voor dat sy lede in konflik was met die volgelinge van Johannes die Doper en het 'n pynlike skeiding van Judaïsme gehad. Die groep self het moontlik verlatenheid en interne konflik ervaar (Mellowes 1998:n.p.).

Daar is tot 50 moontlike voorbeelde wat die ligging, tyd of gebeurtenisse uitwys. Dit wys dat:

- die gehoor van die Evangelie verseker nie in Palestina is nie;
- die evangelis nie dink hulle ken die geografie of die ligging in die Heilige Land goed nie; en
- dat die gehoor, as hulle enigiets van die geografie van die Heilige Land weet, eerder die Romeinse bestemming en nie die Joodse name ken nie. Dit word afgelei van herhalende verwysings na die See van Tiberias, ook bekend as die See van Galilea (Witherington 1951:33).

Die Evangelie is nie slegs 'n verhaal oor Jesus nie. Dis meer 'n boodskap oor Hom, 'n boodskap wat vertel van sy belangrikheid sowel as oor die impak wat Hy op mense het. Johannes 20: 30-31 som hierdie doel van die Evangelie op: “³⁰Nog baie ander tekens het Jesus voor sy dissipels gedoen wat in hierdie boek nie beskrywe is nie, ³¹ maar hierdie is beskrywe, dat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God, en dat julle deur te glo die lewe kan hê in sy Naam.” Die doel is dus tweevoudig: om te glo dat Jesus die Messias en die Seun van God is en dat mense in sy Naam die ewige lewe sal hê deur te glo (Van der Watt 2007:10).

Baie navorsers glo dat Johannes oor 'n lang tyd geskryf is, wat beide ou mondelingse tradisies in Johannese vorm en nuwe materiaal wat uit persoonlike refleksie voorkom bevat. Daar word ook geglo dat dit meer as een keer geredigeer is (Edwards 2003:46-47).

In Johannes 20:30 word die lesers vertel dat die outeur sy materiaal versigtig gekies het om by die doel van sy skrywe in te pas. Sy doel was egter nie om 'n beskrywing oor die geskiedenis en lewe van Jesus weer te gee nie, maar eerder om sy materiaal so te kies en te weerspieël dat mense deur Jesus die Messias, die Seun van God, tot geloof gebring sal word. Die ewige lewe is die resultaat van geloof in Jesus te glo. Hierdie laaste opmerking is belangrik, omdat dit die teks as dramaties merk. Dit wil iets in die lewe van die leser doen of bereik (Van der Watt 2007:10).

Mense verskil soms oor die vraag of hierdie Evangelie geskryf is om mense tot die geloof te bring of om mense se geloof te onderhou. Hierdie debat lê in die Griekse vertaling van Johannes 20:31, wat moet lees “glo” of “het gekom om te glo”. Die leser word gekonfronteer met Jesus, Seun van God, maar hul geloof moet steeds onderhou word wanneer hulle begin glo. Dit is 'n boodskap van redding vir die wêreld, maar ook 'n boodskap van motivering vir gelowiges (Van der Watt 2007:11).

5.3.6 Doel van die Evangelie

Van al vier die evangelieskrywers is daar twee wat uitdruklik verklaar wat die doel van hulle skrywe was. Lukas wou 'n noukeurige en betroubare geskiedenis van Jesus opteken sodat daar omtrent hierdie dinge sekerheid kon wees (Luk. 1:1-4). Johannes dui sy doel soos volg aan: "Hierdie wondertekens is beskrywe sodat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God, en sodat julle deur te glo, in sy Naam die lewe kan hê" (Joh. 20:31). Dus, Johannes se doel is om iets meer te bereik as die blote oorvertel van alles wat Jesus gedoen en gesê het (Groenewald 1980:14).

Daar word voorgestel dat daar hoofsaaklik twee soorte tradisies van die vierde Evangelie afkomstig is: eerstens, die tradisies wat gebruik word om te preek en nie-gelowiges op te voed; en, tweedens, die tradisies wat hoofsaaklik gebruik word om mense wat alreeds Christene is en nodig het om te leer hoe om in Christus te bly en hoe om in die geloof en missie van die kerk aan te gaan, te bemoedig (Witherington 1951:10).

Die doelstelling van die vierde Evangelis was om 'n biografie van Jesus op die Johannese manier voor te stel, en hy het sy bronmateriaal tot aan die einde so gekies en gerangskik (Witherington 1951:10).

Anders as die Johannese briewe, verwys die Evangelie nie hoofsaaklik na die interne probleme of toestande van die gemeenskap nie. Die Evangelie is bedoel om biografiese ammunisie vir die Johannese Christene te voorsien om te gebruik as 'n getuie vir die wêreld. Selfs 'n groot deel van die materiaal in die groetredevoering is gebruik om die belangrikheid te beklemtoon van die dissipels wat getrou bly aan Jesus en sy werke, al is die redevoerings aanvanklik geskryf aan dié wat reeds glo (Witherington 1951:11).

Daar word voorgestel dat ons materiaal hanteer wat die Geliefde Dissipel oorspronklik gebruik het om die Johannese gemeenskap te bemoedig en te versorg. Dit is materiaal wat hulle wys hoe doeltreffende geloof lyk en hoe om

hulle geloof te deel. Dit lyk of die vierde evangelis hierdie materiaal herrangskik en verwerk het, sodat dit beter by die evangeliese doel van die dokument as geheel pas (Witherington 1951:32).

Die vierde Evangelie is vir gelowiges geskryf, maar dit is verander in 'n konteks wat die nie-Christelike wêreld betwis. Die Evangelie van Johannes probeer om 'n raamwerk van verwysing te skep wat die merkwaardigheid van Jesus se dood openbaar. Die kruisiging self is die kernsimbool van die verhaal. Die spook van die kruis se publieke bediening, van die oomblik wat Jesus voorgestel word as die offerlam van God (Joh. 1:29) tot sy finale aanmerking oor verheerliking deur die dood (Joh. 12:32) en die vertrek van die verraaier in Hoofstuk 13, stel die finale gebeure van die kruisiging in werking (Koester 1953:186-187).

Hy vertel ons dat hy die materiaal gekies het sodat die lesers kan glo dat Jesus die Christus, die Seun van die lewende God is, en dat deur te glo, hulle ook lewe in sy kan Naam hê (Pawson 2007:894).

Die vierde evangelis het dus moontlik die tradisies wat verkry word in Johannes 21, as 'n epiloog gebruik toe die evangelie die eerste keer saamgestel is, gedeeltelik omdat dit nie netjies inpas by die narratiewe raamwerk van die gebeurtenisse in Johannes 20 nie (Witherington 1951:10).

'n Nadere ondersoek van die bewoording van Johannes 20:31 werp meer lig op die skrywer se bedoeling. Hy spreek sy lesers as "julle" aan en bedoel daarmee mense wat reeds 'n gemeenskap van gelyke is, dit wil sê "gelowiges" is. Die vorm van die werkwoord lewer egter moeilikheid weens die verskil in tekslees. Wanneer dit as teenwoordige tyd gelees word, "aanhou glo", is die bedoeling van die skrywer om die gelowiges op te bou in die geloof en aan te spoor tot volharding daarin. Die aanvaarde grondteks stel egter die werkwoord in die *aoristus* wat die betekenis van 'n nuwe begin aandui. Dan wil die skrywer sê "dat julle hier en nou tot die geloof kan kom". Dit beteken dat hy missionêr oproep tot geloof in Christus. In hierdie lig gesien, was die doel van die skrywer tweeledig. Hy wou die gelowiges versterk, maar, meer nog, wil hy almal wat hy deur sy

Evangelie kan bereik tot 'n beslissing oproep. Hulle moet glo dat Jesus die Christus en die Seun van God is en, deur te glo, die ewige lewe in Hom verkry (Groenewald 1980:16).

Die doel van hierdie dokument is nie om 'n sendingpamflet te wees wat net uitgedeel gaan word nie, maar eerder 'n hulpmiddel vir die Johannese Christene vir ongelowiges om te gebruik, en moontlik 'n sekondêre doel om die gelowiges te bemoedig. Klein tekens, soos Johannes 11:2, laat ons weet dat die evangelis ver wag dat Christene 'n Christelike geheue het van die verhaal wat gebruik word. Die Evangelie is nie bedoel om eenvoudig aan 'n nie-gelowiges gegee te word sonder interpretasie of verduideliking deur 'n Christelike ooggetuie nie. Die dominante evangelistiese doel en fokus van die dokument moet nie misgekyk word nie en dit maak die vierde Evangelie anders as die sinoptiese Evangelies. Dit is die ongelowige wêreld, meer as enigiemand anders, wat bedoel is om hierdie biografie te hoor (Witherington 1951:11).

Die vierde evangelis moet nie gesien word as 'n pneumatiese profeet wat die woorde van Jesus genereer nie, maar eerder as 'n redakteur wat sy bronne bekwaam in 'n biografiese formaat geredigeer het (Witherington 1951:10).

In terme van Christenskap beklemtoon hierdie Evangelie die belangrikheid van die goddelike Seun van God wat mens geword het en aan die kruis gesterf het. Dit bevestig dat God die wêreld liefgehad het en dat mense, as skepsels, verlos kan word. Dit bied 'n meer gebalanseerde ontleding van die spanning tussen die wêreld en gemeenskap van geloof, tussen vlees en gees, tussen sterk gemeenskapsgrense en oopheid aan nuutgebore persone wat God benodig (Witherington 1951:41).

Die vierde Evangelie fokus nie op die sondige samelewing in die algemeen nie, maar op die lewe waaruit mense gered moet word. Die wêreld vir hierdie skrywer is 'n samelewing wat georganiseer teen Jesus is, en dat die samelewing nie die hele wêreld is nie, maar spesifieke soorte religieuse en spirituele weerstand. Die vierde Evangelie bied ons nie 'n polemieek teen die Romeinse Ryk nie, maar

fokus eerder op die Joodse leierskap wat die aksies wat na Jesus se kruisiging lei, voorsien (Witherington 1951:40).

Bovermelde focus kan verwag word van 'n persoon wat ernstig was oor die skryf van 'n biografie vir sendingsdoeleindes. Die biografie is bedoel om te oortuig, maar dit het een hoofdoel gehad, naamlik om sekere historiese informasie oor te dra, asook die teologiese interpretasie van Jesus (Witherington 1951:35).

Die primêre sendingsdoelwit van die Evangelie skei dit van die sinoptiese Evangelie. In hierdie Evangelie kry ons 'n aantal nie-Christene wat verteenwoordig word deur 'n aantal mense wat met Jesus kom praat of Hom ondervra het. Die evangelis gaan uit sy pad om te demonstreer dat Jesus die antwoord het vir al die verskillende mense. Die beklemtoning op Jesus se reg op verskeie titels, sy eenheid met die Vader, en sy krag om wonderwerke te doen stem ooreen met die basiese evangeliese en sendingsdoel van hierdie dokument. Dit help ook om die verskil van die sinoptiese Evangelie te verduidelik (Witherington 1951:36).

Die Evangelie is geskryf as 'n hulpmiddel vir Christene wat alreeds 'n goeie kennis het van die evangeliese tradisie in hul evangelisasie en sendingwerk. Hulle deel die getuienis van die Geliefde Dissipel met die wêreld (Witherington 1951:32).

Daar is ook 'n paar kommentare van die evangelis oor die Evangelie se sleutelpersone of gebeurtenisse wat voorstel dat hulle al van sekere gebeurtenisse of persone gehoor het. Dit kan as die evangelis se oordrag van herinneringe aan die Christene gesien word. Daar is ook kommentaar wat gesien word as die Geliefde Dissipel se herinneringe van iets wat toevallig gebeur het gedurende Jesus se sendingwerk of die plekke waar dit gebeur het, of selfs iets belangriks wat die gehoor nie van weet nie. Hierdie aanmerkings wys dat hierdie Evangelie bedoel is om deur Christene gebruik te word, maar dit wys nie hoe dit gebruik moet word nie (Witherington 1951:33).

Johannes is nie geskryf sodat sy lesers kan begin glo dat Jesus die Seun van God is nie, maar is eerder geskryf sodat hulle kan aanhou glo dat Hy die Seun van God is. Baie van die inhoud van Johannes is onvanpas vir mense wat nuut is in Christenskap en geen vorige kennis van Jesus het nie. Die boek is geskryf vir die volwasse Christene om hulle te help om aan hulle geloof vas te hou sodat hulle nie wegbeweeg van hulle verstaan van wie Jesus is nie, maar om aan te hou glo en daarom 'n ewige lewe te hê (Pawson 2007:895).

Dit was Johannes se hoofdoel vir die keuse van sy materiaal. Die Evangelie was nie bedoel om omvattend te wees nie, maar is daarop gemik om lesers te voorsien met wat hulle nodig gehad het sodat hulle kan aangaan om 'n lewe te hê deur konstante geloof. Om dit eenvoudig te stel, aan die einde was wat Johannes geskryf het die lewe – en dat die middel tot hierdie doel 'n voortgesette vertroue en gehoorsaamheid is (Pawson 2007:895).

Dat Johannes geloof as belangrik beskou, word bevestig deur die aantal kere wat hy die woord “geloof” gebruik – 98 keer. Dit is baie meer as die ander drie Evangelies saam. Maar Johannes bedoel nie elke keer dieselfde ding as hy van geloof praat nie. Vir Johannes is daar drie stadiums of fases van geloof (Pawson 2007:896-897):

- Geloofwaardigheid: Om geloofwaardigheid aan iets te gee, beteken om te glo dat dit die waarheid is. Dit is die glo in sekere historiese feite, en om die geloofwaardigheid van die Evangelie van Johannes te aanvaar, en te aanvaar dat dit waar is. Geloofwaardigheid is gebaseer op die woorde en werke wat Jesus se eise vestig (Pawson 2007:896-897).
- Vertroue: Vertroue is die tweede stadium van geloof. Deur die waarheid te aanvaar, plaas ons ons vertroue in Jesus deur Hom te vertrou en te gehoorsaam. Dit beteken om die waarheid te neem en op die basis van wat ons sê die waarheid is, te reageer. Ons kan sê dat ons in iemand glo,

maar as ons hulle nie vertrou nie, is ons geloof oppervlakkig (Pawson 2007:896-897).

- Voortsetting: Hierdie derde dimensie van geloof bevat die voortsettende aspek wat ons oorweeg wanneer ons na Johannes se hoofdoel kyk. Ons moet aanhou glo. As jy regtig in iemand glo, sal jy aanhou om in hulle te glo. As jy regtig vol geloof is, sal jy altyd gelowig wees. Daarom is geloof nie 'n enkele stap (oombliklik) nie, maar 'n (volgehoue/voortdurende) toestand (Pawson 2007:896-897).

Om op te som is daar gesien dat Johannes se doel is dat lesers sal aanhou in Jesus glo sodat hulle die ewige lewe sal hê. Hierdie geloof behels die drie stadiums om die waarheid te aanvaar, daarop te reageer en daaraan vas te hou. Jesus is die waarheid (Pawson 2007:896-897).

Die skrywer het die Evangelie van Johannes geskryf sodat die verhewe beeld van Johannes die Doper herstel kon word. Elke keer wat hy Johannes die Doper genoem het, het hy hom verneder. Hy sê Johannes was nie die lig van die wêreld nie; hy het slegs na die Lig verwys. Hy sê ook dat Johannes geen wonderwerke gedoen het nie. Johannes die Doper het twee belangrike goed oor Jesus gesê: dat Hy die Lam van God is wat die sonde van die wêreld weg kom vat het, en dat Hy die een is wat in die Heilige Gees doop. Die gelowiges word uit beide hierdie uitsprake geleer om 'n balans te kry in hulle begrip van Jesus. Johannes het dit duidelik gemaak dat slegs Jesus sonde kan wegvat en doop in die Heilige Gees (Pawson 2007:898-899).

Nog 'n doel van die Evangelie van Johannes is om die gebeurtenisse en diskoerse van die lewe van Jesus te dokumenteer, wat die leser of aanhoorder sal lei om te glo in Jesus as die Redder van die wêreld (Ryken, Ryken & Wilhoit 2005:459).

Soos die ander Evangelies, vertel die Evangelie van Johannes ook 'n verhaal. Die hoofverhaal vertel van die lewe van Jesus gedurende die jare van sy publieke bediening. So word ons Jesus se reisgenote gedurende 'n tydperk van sy lewe waar Hy 'n onderwyser en 'n wonderwerker was. Dit kom dan uiteindelik op 'n einde by sy aardse lewe as 'n martelaar. Binne hierdie hoofverhaal vind ons dan 'n verskeidenheid individuele verhale (Ryken, Ryken & Wilhoit 2005:462).

5.3.7 Die Johannese manier van skryf

Die styl van Johannes se Evangelie is opsetlik antagonisties teenoor die destydse Joodse tradisie en sensitiwiteit. Die idee van die Paasfees is natuurlik baie Joods, maar Johannes draai hierdie idee op 'n baie skerper manier teen die Joodse tradisies. Johannes 6:55-57 sê:

⁵⁵Want my vlees is waarlik spys, en my bloed is waarlik drank. ⁵⁶Wie my vlees eet en my bloed drink, bly in My en Ek in hom. ⁵⁷Soos die lewende Vader My gestuur het, en Ek deur die Vader lewe, so sal hy wat My eet, ook deur My lewe.

Maar die idee om bloed te drink is direk teen die Joodse dieet regulasies. So, Johannes se Evangelie wat so ryk is aan taal en simboliek, het ook 'n besliste politiese toon in terme van die groeiende verhouding tussen die Jode en Christene. Johannes se Evangelie is 'n getuie vir Christenskap wat verder en verder wegbeweeg van die Joodse tradisies. Dit sien die Joodse tradisies soms as vyandig teenoor die Christelike beweging (Mellowes 1998:n.p.).

Kritici het al lank gewonder oor die bron van die unieke styl en idioom van die vierde Evangelie. Die styl moet nie verwar word met die manier van skryf van die verhale nie, maar dit is eerder die kombinasie van grammatika, sintaksis en die gebruik van taal wat hierdie Evangelie so uniek maak. Hierdie Evangelie is geskryf vir die Christelike onderwysers of evangeliste om te gebruik in 'n skoolraamwerk waar verstandige denke en wysheidsliteratuur, soos wat gevind

word in Spreuke, Job en veral die Wysheid van Salomo en Sirag, as formele invloede gebruik is (Witherington 1951:18-19).

Wysheidsliteratuur was, vanuit alle beskikbare bewyse, besonder gewild in vroeë Judaïsme. Dit was gedeeltelik omdat dit advies gegee het oor die alledaagse lewe deur God se mense te leer hoe om goed en wys te lewe. Dit was ook gewild omdat dit antwoorde verskaf aan moeilike vrae oor hoe mens kan glo in die God van die Bybel, wanneer die wêreld 'n donker, gevaarlike plek is en God se mense dikwels ly. Die vierde evangelis wil die huidige Jesus as 'n universele Redder voorgee wat God se Wysheid in vlees is om God se karakter te openbaar en om die gemeenskap van die gelowige gemeenskap van beide Jode en Grieke te versamel (Witherington 1951:19).

Die bespreking van die wysheidinvloede op die vierde Evangelie word normaalweg begin en geëindig met die bespreking van die *Logos*-lofsange in Johannes 1. Hierdie is 'n fout, veral omdat die *Logos*-lofsange die manier is waarop Jesus se storie, wat daarna vertel word, versterk word. Die inleiding en die wysheid verduidelik van die Een wat afkom en moet teruggaan na die hemel en dit vorm dus die hele Evangelie (Witherington 1951:19).

Omdat die outeur van die Wysheid van Salomo wysheid gelykstel aan God se gees en die vierde Evangelie lyk of hy sy werk op hierdie wysheid gebaseer het of omdat dit algemene wysheidmateriaal deel, is dit nie verrassend dat die outeur soms die materiaal gebruik het om Jesus te karakteriseer nie (Witherington 1951:26).

Die tweevlak-bespreking van die wonders in beide Johannes en die Wysheid van Salomo is moontlik gemaak omdat beide outeurs 'n teologie van eksterne lewe en hulle negatiewe teenstanders gehaal het. Hierdie teologie en die manier waarop dit uitgebeeld word, reflekteer die gebruik van eiewysige taal om te voldoen aan die idee van 'n positiewe hiernamaals, wat moontlik nie bestaan het in die wysheidkorpus voor die Wysheid van Salomo nie (Witherington 1951:24).

Die vierde Evangelie praat van verlossing op 'n manier wat nie 'n karaktereienskap van die sinoptiese Evangelies is nie. Nie alleenlik in wat hy sê oor die dood en ewige lewe nie, maar ook in die rol wat hy aan die duiwel toeken, lyk die vierde evangelis of hy baie na aan die outeur van die Wysheid van Salomo was (Witherington 1951:25).

Die V-patroon van Jesus se loopbaan, wat eie is aan hierdie Evangelie en die effek daarvan op die verloop van die Evangelie self, is op 'n aantal maniere skuldig daaraan dat dit die koers van wysheid het, en haar loopbaan met God, wat afdaal na God se mense, en dan terugkeer na die hemel. Jesus se oorsprong en bestemming lei daarna om Hom te ken en ook God as die Vader te ken. Met ander woorde, om te erken dat Jesus voorgestel word as God se Wysheid, is in hierdie Evangelie die sleutel om die voorstelling van die sentrale karakter van die verhaal te ontsluit (Witherington 1951:20).

5.3.8 Struktuur van die Evangelie van Johannes

As 'n Evangelie, is Johannes se storie oor die lewe van Jesus. Dit kan in vier dele gedeel word, naamlik die inleiding, boek van tekens, kruisigingsverhaal en die slotrede.

5.3.8.1 Inleiding (Joh. 1:1-18)

Die inleiding en die slot is beide belangrik in die groter konteks van die Evangelie (Joh. 1:1-18; Joh. 21). Die inleiding stel die leser voor aan wat in die res van die Evangelie volg. Dit word in twee dele gedeel:

Verse 1-14 voorsien die leser met 'n kort oorsig, wat begin by die begin. Die Woord is reeds teenwoordig en vertel van die skepping, die teenwoordigheid van lig en donker in die skepping, die aktiwiteite van Johannes die Doper en uiteindelik van Jesus wat nie deur sy eie mense aanvaar is nie (Van der Watt 2007:19-20).

In verse 14-18 is dieselfde temas, maar in die teenoorgestelde volgorde – Jesus word mens, Johannes die Doper se getuienis oor Jesus en Moses wat die wette gegee het wat oor sonde handel (Van der Watt 2007:20).

Die inleiding is 'n lied wat Jesus identifiseer as die *Logos* en as God (Wikipedia n.d.:para. 27). Johannes begin die Evangelie met 'n lofsang wat die menswording van Jesus besing. Bykomend om die gedig te lees, moet daar aanvaar word dat die gedeelte bedoel was om as inleiding tot die hele boek te dien (Ryken, Ryken & Wilhoit 2005:466).

Die inleiding is geheimsinnig en word nie maklik verstaan as dit vinnig gelees word nie. Selfs na verskeie kere se lees, dra dit die beelde van lig, donkerte, lewe, geboorte, genade, waarheid en glorie oor. Dit mediteer oor Jesus as goddelike wese en die voorafbestaande Woord wat vlees geword het om God aan die mense te openbaar (Edwards 2003:2).

Die inleiding is heeltemal anders as die res van die Evangelies, al is daar ooreenkomstige Christologiese verhale met gesang-tipe karaktereenskappe wat Jesus se rol in die skepping en die verlossings loof. Johannes is baie anders. Dit is egter kenmerkend dat die Evangelis met opset probeer om Jesus se oorsprong te verduidelik met verwysing na sy Dawidiese bloedlyn en geboorte. Dit is vreemd, maar baie navorsers stel voor dat Johannes, soos ook Paulus en Markus, nie die geboorteverhaal geken het nie. Miskien was Johannes nie tevrede met die aardse stories van Jesus se nederige geboorte nie omdat dit nie heeltemal inpas by sy verduideliking van Jesus se hemelse bestaan nie (Smith 1995:22).

Die proloog, wat besonder kunstig saamgestel is, word ook as poësie beskou en kan vertolk word as 'n kort samevatting van die inhoud van die Evangelie. Dit dui ook die tema van die boek aan (Groenewald 1980:18).

Die inleiding vestig die identiteit van Jesus deur die kosmiese agtergrond van sy missie te beskryf. Die alomteenwoordige verteller vertel die oorsprong van Jesus

as die voorafbestaande Woord. Die inleiding vestig 'n dinamiese leeservaring omdat dit aan die leser bevoorregte en gesaghebbende informasie voorsien, wat die karakters om Jesus nie het nie. Deur dit te doen, eggo die inleiding skrif soos Genesis 1 en werk dit saam met die tradisies van Wysheid (Culpepper 1997:194).

Die oorsprong van Jesus is 'n paradoks. Jesus is, aan die eenkant, die seun van Josef (Joh. 1:45) van Nasaret, 'n stad wat niemand noemenswaardig opgelewer het nie, maar aan die ander kant is hy die *Logos* en Seun van God (Smith 1995:22).

5.3.8.2 Die boek van tekens (Joh. 1:19-12:50)

Hierdie deel volg die inleiding en dek die drie jaar (volgens die aantal Paasfeeste wat Jesus in Jerusalem was) van Jesus se publieke bediening. Dit word nie 'n kronologiese vertelling nie, maar eerder 'n tematiese vertelling. Dit is die boodskap, nie die gebeurtenisse nie, wat die verhaal domineer (Van der Watt 2007:12).

Die getuienis vat ons vanaf die ewigheid na die hede. Verskillende karakters word gewys wat getuig van Jesus deur Christologiese belydenisse. Hy word erken as Lam van God, Seun van God, Messias en Israel se Koning. Die doel van hierdie deel, soos die inleiding, is om die tema se boodskap wat vir Johannes belangrik is, oor te dra, nie net titels vir Jesus nie, maar ook die motiewe, soos water (Joh. 1:26), Gees (Joh. 1:32) en getuienis (Joh. 1:7; 1:34) (Edwards 2003:2).

Die boek van tekens hersien Jesus se publieke bedienings en sluit die tekens wat deur Jesus gedoen is en van sy leringe in (Wikipedia 2014g:para. 35). Hier word die verhaal van Jesus se optrede onder die mense, dade en woorde gevolg. Hierdie deel sluit aan by die einde van Hoofstuk 12 (Groenewald 1980:18).

In hierdie deel van die boek Johannes word vertel van Jesus se getuienis voor sy eie mense. Hy gebruik wondertekens, gevolg deur gesprekke. Sy eie mense, die Jode, verwerp sy getuienis en bly dus onder die oordeel (12:44) (Groenewald 1980:19).

Inleiding tot die publieke bediening van Jesus (1:19-4:54). In hierdie fase van die boek ontmoet Jesus vir Johannes die Doper, roep Hy sy dissipels, doen sy eerste wonderwerk, reinig Hy die tempel en roep Hy die mense om in Hom te glo. Daar is 'n groot afwesigheid van konflik in hierdie fase van die storie, Jesus is nog besig om homself te vestig (Ryken, Ryken & Wilhoit 2005:466).

Hierdie deel word gewoonlik “Kanaän tot Kanaän” genoem, omdat die eerste wonderwerk gebeur toe die water in wyn verander word en die tweede toe Jesus die amptenaar se seun genees. Dit kan gesien word as die Evangelie in 'n neutedop as daar gekyk word na die tweevoudige doel van die Evangelie, om Jesus as Messias en Seun van God voor te stel, wat ewige lewe deur geloof tot gevolg het (Van der Watt 2007:12).

Die eerste reissiklus begin in Johannes 1:43, wanneer Jesus na Galilea gaan. In Kanaän doen Jesus sy eerste wonderwerk (teken) deur die water in wyn te verander. Hierdie wonderwerk, soos die ander, wys aan die lesers wat hulle reeds in die inleiding vertel is: Jesus doen wat slegs die kreatiewe Woord kan doen (Culpepper 1997:194-195).

Die ewige lewe is beskikbaar vir almal. In Johannes 3 en 4 ontmoet Jesus verskeie mense, maar dit is die identiteit van hierdie mense wat jou oog vang. Daar is Nikodemus, die baie belangrike Joodse leier. Dan is daar die vrou met 'n probleem: sy is 'n naamlose Samaritaanse vrou wat al vyf keer getroud was en by 'n man bly met wie sy nie getroud is nie; sy is ook op die verkeerde tyd by die put, wat beteken sy het nie saam die ander vroue gekom nie. In Galilea ontmoet Jesus 'n amptenaar wat moontlik vir koning Herodes gewerk het. Hierdie mense

het almal iets in gemeen; al drie van hulle is opsoek na die ewige lewe wat Jesus hulle gee (Van der Watt 2007:13-14).

Die eerste reis na Jerusalem word in Johannes 2:13 genoem. Dit is ook die tyd dat die eerste Paasfees genoem word in die Evangelie. Jesus dryf die handelaars uit die tempel uit en die Jode bevraagteken Jesus se outoriteit. Al het baie geglo in die tekens wat Jesus gedoen het, weier Hy om hulle geloof te aanvaar (Culpepper 1997:195).

Teenkanting teen Jesus word in Johannes 5-12 genoem. Die hele verhaal word 'n konflikverhaal. Talle konflikte en geskille maak deel uit van die besonderhede. Wonderwerkfigure staan uit in die inligting wat Johannes gekies het vir die verskonende doel, so ook die toesprake van Jesus waar Hy Homself verduidelik (Ryken, Ryken & Wilhoit 2005:466).

Die tweede reis na Galilea dien as die geleentheid waar Jesus met die Samaritaanse vrou praat (Joh. 4:1-42) en die tweede wonderwerk, die genesing van die hoë amptenaar se seun (Joh. 4:46-54), vind plaas (Culpepper 1997:195).

Jesus se tweede reis na Jerusalem (Joh. 5) is die instelling vir die eerste werklike opposisie van Jesus. Wanneer Jesus die man by die badplek genees, rapporteer die man Jesus aan die owerhede, wie vir Jesus begin vervolg (Joh. 5:15-16). Die verteller verduidelik die motief vir die opposisie: "Daar was vir die Joodse leiers nou nog meer rede om Hom te probeer doodmaak. Want volgens hulle het Hy nie net die wet in verband met die Sabbat gebreek nie, maar Hy het Homself ook aan God gelykgestel deur te sê dat God sy eie Vader is" (Joh. 5:18). Hierdie wonderwerk versuim om 'n anagnosis of ontknoping te produseer en, in plaas daarvan, mobiliseer dit die opposisie teen Jesus (Culpepper 1997:195).

Die derde en finale reis na Galilea vind plaas gedurende die tweede Paasfees in die Evangelie. Aan die begin van Johannes 6 volg die skare Jesus as gevolg van die wonderwerke wat Hy gedoen het. Met Paasfees, toe baie na Jerusalem gegaan het om die uittog en Moses se voeding van die mense in die wildernis te

herdenk, het Jesus die skare in die wildernis in Galilea gevoed en toe die see oorgesteek deur op die water te loop (Culpepper 1997:195-196).

Jesus gee lewe in oorvloed, maar nie almal aanvaar dit nie. Na die Evangelie in 'n neutedop, verdiep die storie en inhoud. Waar en hoe Jesus lewe kan gee word in meer besonderhede verduidelik. Natuurlik het mense op verskillende maniere op hierdie boodskap gereageer en dit het Jesus die geleentheid gegee om aan hulle te verduidelik wat dit beteken om die ewige lewe te hê en om deel te word van God se familie. Hulle moet lewe volgens die wil van God, Hom aanvaar en in Hom glo (Van der Watt 2007:14).

Hier eindig die boodskap van Jesus aan die wêreld. Hy onttrek Hom met sy dissipels wat Hy liefgehad het en berei hulle vir die toekoms voor (Van der Watt 2007:16).

Johannes 2-12 word soms die “boek van tekens” genoem en reflekteer op Jesus se bekendmaking van Homself en sy bediening. Sy wonderwerke en leringe, en die twispunte wat daaruit ontstaan het, vorm die kern van hierdie deel. Slegs 'n paar wonderwerke is verwant, maar die wat gekies is, het 'n belangrike rol. Jesus openbaar ook sy identiteit deur sy aksies in die tempel (Joh. 2:13-22), in sy dialoog met Nikodemus (Joh. 3:1-15), en sy ontmoeting met die Samaritaanse vrou (Joh. 4:4-42) (Edwards 2003:3).

5.3.8.3 Die kruisigingsverhaal (Joh. 13-20)

Al is die kronologiese volgorde van die gebeurtenis dieselfde in die verskillende Evangelies, is Johannes se aanbieding omverskeie redes uniek:

Dit is nie 'n storie wat fokus op lyding nie. Jesus word nie voorgestel as die magtelose, lydende een nie, maar as die een wat werklik krag het. Dit beteken dat Hy die Een is wat alles onder beheer het. Hy sê aan Pilatus: “As God nie vir u die gesag gegee het nie, sou u geen mag oor my gehad het nie” (Joh. 19:11). (Van der Watt 2007:18-19).

Sy onskuld en koningskap word duidelik verklaar. As mens Pilatus se woorde versigtig lees, staan twee dinge duidelik uit. Hy vind Jesus nie skuldig aan enige misdaad nie en hy praat konstant van Jesus se koningskap (Joh. 18:33-39;19:3-6;14-15). Tot die ontsteltenis van die Jode skryf hy selfs op die kruis: “Jesus van Nasaret, die Koning van die Jode” (Joh. 19:19) (Van der Watt 2007:19).

Die verhaal se gebeurtenisse word met die teologie van Johannes geïntegreer. Hierdie gebeure is inderdaad geskiedenis met ‘n boodskap (Van der Watt 2007:19).

Terwyl die eerste groot deel van die Evangelie (Joh. 1-12) drie jaar van Jesus se publieke bediening dek, bespreek die tweede groot deel (Joh. 13-17) gebeurtenisse wat plaasgevind het gedurende ‘n enkele aand toe Jesus sy dissipels bymekaargeroep het vir ete. Dit was die paar ure voor Hy gevange geneem is. Jesus het geweet wat gaan gebeur (Van der Watt 2007:17).

In Hoofstuk 13 begin ‘n nuwe deel waarin Jesus se gesprekke by die laaste maaltyd opgeteken is. In Johannes 18:1 begin die beskrywing van die weg na die kruis, die sterfte, opstanding en verskynings van die Jesus (Groenewald 1980:18). Die kruisigingsverhaal hersien die laaste maaltyd met die fokus op Jesus se afskeidings gesprek, Jesus se arrestasie en kruisiging, sy begrafnis en opstanding (Ryken, Ryken & Wilhoit 2005:467).

- Johannes 13-17 handel oor parentese in die eksterne aksies van Jesus met sy dissipels. Voor die gebeure van die Passieweek, onttrek Jesus Hom van die publiek en spandeer uitgebreide tyd deur sy verhouding met sy dissipels te vestig en om vir hulle instruksies te gee (Ryken, Ryken & Wilhoit 2005:467).

Nadat Jesus vir die laaste keer saam met sy dissipels geëet het, het Jesus sy kled eenkant neergesit en hulle voete gewas as ‘n teken van sy dood en as ‘n les dat hulle vir mekaar moet lief wees soos Hy hulle liefgehad het.

Petrus het nie verstaan hoekom Jesus dit doen nie en Judas verraai Hom (Culpepper 1997:197).

- Die oënskynlike nederlaag van Jesus se kruisiging word in Johannes 18-19 bespreek. Hierdie onderrigelement van Johannes se Evangelie kom voor vanuit die siening en reguit dokumentering van historiese besonderhede. Die Evangelies dokumenteer slegs hierdie gebeure en verduidelik nie die teologiese belangrikheid van die gebeure nie (Ryken, Ryken & Wilhoit 2005:467-468).

Die tempo van die kruisigingsverhaal versnel met Jesus se verhoor en dood (Edwards 2003:5). Die openbaringsmotief word in Johannes se weergawe van die arrestasie, verhoor en dood van Jesus vervolg. Die verhoor en inskripsie verteenwoordig nog 'n mislukte anagnorisis wat weereens die ware identiteit van Jesus aan die lesers openbaar (Culpepper 1997:197).

In Hoofstuk 17 bid Jesus tot God. Hierdie kan gesien word as 'n "verslag" oor dit wat Jesus gedoen het. Die tematiese vordering kan gesien word. Jesus voltooi sy missie (verse 1-5) met goeie resultate (verse 6-8). Dan vertel Hy sy plan van aksie vir die gelowiges, huidig (verse 9-19) sowel as vir die toekoms (verse 20-23). Op die ou einde sal almal wees waar Jesus is (verse 24-25) (Van der Watt 2007:18).

Hierdie deel word soms die "boek van Verheerliking" genoem omdat Johannes Jesus se lyding en dood as opbouend en verheerlikend, eerder as vernederend sien. Jesus se dood, opstanding en terugkeer na sy Vader word as 'n enkele beweging voorgestel. Daarom is sy uur van dood ook sy uur van verheerliking (Edwards 2003:4).

Jesus word verheerlik. Die verhaal van sy kruisiging, opstanding en verskyning aan die dissipels (Joh. 18-20) word oorgedra. Die verhaal van die kruisiging volg grootliks die kronologiese volgorde van die ander Evangelies (Markus en Lukas). Jesus word gevange geneem en ondervra

deur beide die hoëpriester en die plaaslike politieke leier, Pontius Pilatus. Jesus word dan tot die dood aan die kruis veroordeel. Hy is toe begrawe, maar het na drie dae opgestaan, waarna Hy aan die dissipels verskyn het (Van der Watt 2007:18).

5.3.8.4 Die slotrede (Joh. 20-21)

Die slot word deur baie as 'n byvoeging tot die Evangelie gesien. Daar word gesê dat Johannes 20:30-31 eerder die einde van die Evangelie is en dat hierdie hoofstuk met die dood van twee sleutelfigure handel (Petrus en die Geliefde Dissipel), en dat sy woordeskat baie anders is as die res van die Evangelie (Van der Watt 2007:20).

Die slotrede teken die opstandingsverskyning van Jesus aan die dissipels in Galilea aan (Wikipedia 2014g:para. 35). Aan die einde van Hoofstuk 20 is daar 'n duidelike afsluiting. Dan volg Hoofstuk 21, wat deur sommige as 'n byvoegsel beskou word, maar wat ons as deel van die Evangelie handhaaf (Groenewald 1980:18). Sien is glo (Joh. 20-21): na Jesus se opstanding verskyn Hy aan Maria Magdalena, die tien dissipels, Thomas en die dissipels by die rivier. Die algemene draad van hierdie verskynings is dat hulle as bewys dien van die opstanding van Jesus (Ryken, Ryken & Wilhoit 2005:468).

Die gebeure wat die dood van Jesus omring hou aan om te ontvou en sy identiteit te beklemtoon as die Woord geïnkarnear. Die storie bereik 'n anagnorisis-klimaks met Thomas se belydenis: "My Heer my God" (Joh. 20:28). Die storieverteller lewer die kommentaar dat die Evangelie geskryf is sodat die lesers "kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God" en deur te glo kan hulle lewe in sy Naam hê (Joh. 20:30-31) (Culpepper 1997:197-198).

5.3.9 Datering van die Evangelie van Johannes

Daar word voorgestel dat die briewe moontlik geskryf is in die laat 80's of vroeë 90's en die Evangelie geskryf is in die vroeë tot middel 90's (Witherington 1951:28).

Die Evangelie identifiseer sy outeur as “die dissipel wat Jesus liefgehad het”. Die teks gee nie die naam van die dissipel nie, maar aan die begin van die tweede eeu het 'n tradisie begin vorm wat hom as Johannes die Apostel, een van die twaalf, geïdentifiseer het. Vandag glo die meerderheid kritici dat Johannes of enige ander ooggetuie dit geskryf het, en trek dit terug na 'n “Johannese gemeenskap” wat weer die tradisies terugtrek na Johannes. Die Evangelie self wys geen tekens dat dit in die drie fases geskryf is nie en bereik sy finale vorm in omtrent 90 n.C. tot 100 n.C. Volgens die kerkvaders het die Biskop van Klein-Asië Johannes versoek om op sy gevorderde ouderdom 'n Evangelie te skryf in 'n reaksie op Cerinthus, die Ebioniete en ander Hebreeuse groepe wat hulle as hereties beskou het. Hierdie begrip was steeds in plek tot aan die einde van die 18de eeu (Mellowes 1998:para. 6).

Met die onstaansdatum van Johannes bestaan daar tans eenstemmigheid dat dit op sy laaste tussen 100 n.C. en 110 n.C. geskryf is. Daar is 'n sterk moontlikheid dat dit nie later as die jaar 100 n.C. was nie. Die bewysstuk vir hierdie bevinding is die Rylandspapirus uit Egipte. Op die voorkant daarvan verskyn Johannes 8:31-33 en op die agterkant verse 37 en 38. Hierdie brokkie papiruskodes word op 135 n.C. tot 150 n.C. gedateer en sommige navorsers plaas dit met beslistheid aan die begin van die tweede eeu. Dit beteken dat afskrifte van die vierde Evangelie teen 135 n.C., moontlik selfs vroeër, reeds in Egiptiese hande was. Omdat verspreiding in daardie tyd langsaam geskied het, moes die Evangelie sekerlik nie later as in 110 n.C. geskryf gewees het nie (Groenewald 1980:17).

Teen die tyd dat Johannes die boek geskryf het, rondom 90 n.C., was daar spekulاسies aangaande Jesus, selfs oor sy vroeë leeftyd. Jesus het nie 'n enkele

wonderwerk gedoen voor Hy 30 jaar oud was nie omdat Hy dit nie kon doen sonder die krag van die Heilige Gees nie. Jesus het nie die wonderwerke gedoen as die Seun van God nie, maar as die Seun van die mens, gevul met die Gees (Pawson 2007:897-898).

Met hierdie bevinding, wat ook deur ander papirivondste uit Egipte bevestig is, is 'n einde gemaak aan die opvattinge dat die vierde Evangelie eers teen die middel van die tweede eeu ontstaan het en gevolglik ook nie deur die apostel geskryf kon gewees het nie (Groenewald 1980:17).

5.3.10 Die gehoor van die vierde Evangelie

Dit is duidelik dat die Christelike kerk aangespreek word wanneer ons lees: "... so dat jy kan glo dat Jesus die Messias, die Seun van God is" (Joh. 20:31). Die verwysing is nie vir buitestaanders wat deur die Evangelie oortuig moet word nie. Die Johannese taal is 'n "binnekringtaal"; dit is 'n styl wat ontwikkel is vir die kerk om te verstaan en om geloof te vestig en te versterk (Schnackenburg 1995:223).

Johannes se uitkyk is baie anders as dié van die sinoptiese Evangelies. Johannes was bewus van die behoefte om die boodskap aan die Griekse wêreld, sowel as die Hebreeuse wêreld, oor te dra. Hy het sy Evangelie geskryf in Efese in Asië, waar daar 'n ontmoeting tussen Grieke en Hebreërs was (Pawson 2007:891).

Daar is 'n groot hoeveelheid inligting oor die dissipel wat nie verstaan is gedurende Jesus se werke nie, maar dit is later onthou en verstaan. Dit dra by tot 'n verskoning vir die dissipel se gebrek aan begrip voor Paasfees, en dit is deel van die groter agenda van hierdie Evangelie. Dit wys hoe selfs die dissipels in die proses was om volledige geloof gedurende die sendingwerk te ontdek. Hierdie soort verskoning kan handig wees om dinge aan gelowiges of nie-gelowiges te verduidelik, met vrae wat die oorvertel van die basiese Evangeliese verhale gaan opper (Witherington 1951:33-34).

Daar is selfs plekke waar dit lyk of die parentetiese opmerkings bygevoeg is om aspekte te verduidelik wat nie korrek was nie, valse indrukke van sekere karakters in die teks toelig. Dit is duidelik gedoen waar die evangelis aanvaar dat die opmerking, as dit onverduidelik gelos word, die gehoor, wat nie bekend was met die basiese Evangelieverhaal nie, kan mislei (Witherington 1951:34).

Al die soorte kommentaar wys dat die vierde Evangelis meer indringend is met sy teks as enige van die sinoptiese evangelieskrywers, wat voorstel dat hy glo dat hy met 'n gehoor werk wat baie verduideliking van die teks benodig. Dit lyk of die Evangelie reeds saamgestel was, dat die Geliefde Dissipel reeds gepreek en onderrig het aan 'n hoofsaaklik heidense gehoor, ooglopend een wat ook 'n voorstaander was vir sekere Jode of heidense sinagoges vir wie 'n skriftelike verskoning effektief kon wees (Witherington 1951:34).

Net soos Jesus sy dissipels aangespreek het, spreek die outeur van Johannes sy gemeenskap toe. Hy bied hulle ook versekering: “Nou dat Jesus baie ander tekens in die teenwoordigheid van sy dissipels gedoen het, wat nie in die boek geskryf is nie. Maar hierdie is geskryf sodat julle kan glo dat Jesus die Messias, die Seun van God is en dat deur geloof jy 'n lewe in sy naam mag hê” (Joh. 20:30-31) (Mellowes 1998:n.p.).

Wanneer ons in Johannes lees dat die Jode Jesus gehaat het, dat Jesus altyd met die Jode geargumenteer het en dat die Jode Hom gekruisig het, maak ons 'n groot fout om die naam Jood aan die nasie toe te ken. Wanneer Johannes na die “Jode” verwys, bedoel hy diegene wat in die suide gewoon het, die Judeërs, teenoor die Galileërs in die noorde, wie se houding heeltemal anders en meer positief teenoor Jesus was (Pawson 2007:890-891).

Johannes skryf vir al die soekers in alle plekke en alle tye. Sy Evangelie word soms die “Kosmiese Evangelie” genoem omdat dit Jesus voorstel as die antwoord tot universele menslike verlanse. Daar word so baie verwys na Joodse feeste en rituele dat ons kan aanneem dat die boek 'n gehoor veronderstel wat

kan verband hou met baie van die gebeure en gesprekke van Jesus aan die Ou Testamentiese agtergrond (Ryken, Ryken & Wilhoit 2005:459).

Die verskil tussen Hebreeus en Grieks is die volgende: die Hebreeuse mense gebruik 'n horisontale tydlyn in hulle denke, wat vashou aan die algemene idees van verlede, hede en toekoms. Hulle ken God as die Een wat was, wat is en wat sal wees. Al hulle denke was op so 'n tydlyn waar tyd beide 'n doel en vordering het. Die Griekse denke is weer op 'n vertikale tydlyn in ruimte en dit is gemik op die lewe bo en onder, die hemel en die aarde (Pawson 2007:891).

As ons in Hebreeuse terme dink, kry ons die konsep van tyd wat in een rigting beweeg, met God wat besluit waarheen dinge beweeg. Die eerste drie Evangelies neem hierdie tydlyn aan en Johannes verwerp dit nie heeltemal nie, want hy is Joods. Hy gebruik ook die Griekse benadering, met 'n vertikale lyn tussen hemel en aarde en daarom sien hy Jesus as die Een wat van die hemel af kom (Pawson 2007:891).

5.3.11 Die sosiale toonsetting van die vierde Evangelie

Die vierde Evangelie is nie geskryf om die sosiale krisis tussen die sinagoge en die Johannese gemeenskap van daardie tyd aan te spreek nie. Daar word voorgestel dat, terwyl die Johannese gemeenskap in een stadium 'n basiese vriendelike verhouding met die Joodse gemeenskap gehad het, wat later versuur het, dit moontlik is dat die Johannese gemeenskap nooit 'n deel of ander afdeling van die sinagoge was nie (Witherington 1951:39).

Teen die tyd dat die Evangelie geskryf is, kry ons 'n stadium waar twisskote afgevuur is tussen twee baie verskillende groepe. Die beklemtoning op getuies, asook die aanvaarding deur sekere en verwerping deur ander Jode in die vierde Evangelie, moet in die lig van hierdie sosiale konteks geëvalueer word (Witherington 1951:39).

Dit is moontlik dat die geskiedenis van twispunte tussen hoofstroom Judaïsme en die Joodse volgelingen van Jesus teruggetrek moet word na die geskille wat Jesus self en sy eerste dissipels met die sinagoges, en veral die Fariseërs, gehad het. Daar is ook baie sinoptiese tradisies, wat moontlik terug dateer na Jesus, wat die dissipels gewaarsku het dat as hulle stad toe sou gaan om getuie te lewer dat hulle verwerp sou kon word (Witherington 1951:38).

Die outeur van Johannes skep doelbewus 'n verhaal wat op twee vlakke geïnterpreteer kan word. Dit is die storie wat Johannes vertel van Jesus se ontmoeting met die Jode wat doelbewus parallel is met die spanning tussen Johannes se gemeenskap en sy kontemporêre Joodse teenstanders. Sy gemeenskap is uit die sinagoges verban omdat hulle geglo het dat Jesus die Messias is. Die Jode in Johannes se Evangelie kan eenvoudig nie sy ware identiteit begryp nie (Mellowes 1998:n.p.).

Jesus word voorgestel as een wat vrylik tussen die tweevoudige ryk van hemel en aarde beweeg. Slegs Hy ken die Vader en om in Hom te glo is die enigste manier om na die Vader te gaan, die enigste weg na verlossing. Die volgelingen van Johannes se gemeenskap verstaan hierdie spirituele en verlossingsheelal, maar hulle teenstanders verstaan dit nie (Mellowes 1998:n.p.).

5.3.12 Die dood en begraving van Jesus

In Johannes is die karakter Jesus 'n statiese karakter. Dit beteken die karakter verander nie; Hy kom wel duideliker na vore as wat Hy aan die begin was (Culpepper 1983:103).

Die kruisiging van Jesus word vertel volgens die beskikbare tradisies (sy kruisiging tussen twee kriminele, die opdeel van die kleed en die drink van asyn), maar weereens met 'n onderliggende simboliese aard. Die titel op die kruis openbaar 'n wêreld-omvattende koninklikheid van Jesus, omdat dit in die drie tale van die tyd (Hebreeus, Latyns en Grieks) geskryf is (Joh. 19:20) en Pilatus weier om die titel te verander vir die Jode (Schnackenburg 1995:235).

Kruisiging is nie gesien as 'n edel manier om te sterf nie en is gewoonlik 'n vorm van straf deur die Romeine vir ekstreme elemente van die samelewing, soos rebelle, bandiete en slawe wat weggeloop het. Dit is nie gesien as 'n goeie roete om te volg nie, selfs deur 'n persoon wat deur marteling wil gaan. Dit is duidelik te sien in 'n Romeinse tekening wat die kruisiging van 'n man weergee. Die man buig voor 'n donkie en die tekening het die subtitel "[persoonlike naam] aanbid sy God". Dit is verseker 'n poging om vroeë Christene se geloof te bespot (Witherington 1951:304).

In 'n Joodse konteks het die Jode nie die kruisiging in 'n positiewe lig gesien nie. Dit is beskou as 'n teken dat iemand deur God vervloek is. In vroeë Judaïsme is om gekruisig (vervloek deur God) te word en om die Messias (God se gesalfde) te wees verseker as gesamentlik-eksklusiewe idees beskou. Dit het verseker beteken dat die kruisiging deur Jesus se vyande gesien kon word as 'n goeie manier om dit duidelik te maak dat Jesus nie die Messias was nie. Nie Jesus of sy dissipels het daaraan gedink dat Jesus gekruisig sou word nie (Witherington 1951:304).

As gevolg van opgrawings by Giv'at ha-Mivtar naby Jerusalem in 1968-1970 is daar nou duidelike informasie beskikbaar oor kruisiging gedurende die eerste eeu n.C. Eerstens was dit net in sekere gevalle gebruik. Spykers is deur die polse (nie hande nie) en deur die enkels geslaan. In die gekruisigde oorskotte by Giv'at ha-Mivtar gevind, is beide enkels met een spyker aan die kruis vasgenael. Dit was moontlik ook die geval met Jesus. Die normale Romeinse prosedure was dat, sodra daar op die dood deur kruisiging besluit is, die slagoffer geslaan is, gewoonlik met 'n flagellum (*cat-o'-nine-tails*) voor hy sy kruisbalk na die plek van kruisiging moes dra (Witherington 1951:304).

Een feit waaroor alle kritici saamstem is dat Jesus in Jerusalem gedurende die heerskappy van Pontius Pilatus (26-36 n.C.) gekruisig is. Daar is geglo dat slegs Romeine die kruisiging toegepas het, en gevolglik is aangeneem dat Jesus deur

Romeine tereggestel is. Daar is ook bewyse dat die Jode kruisiging toegepas het (Witherington 1951:303).

In Jesus se geval het die geseling vroeër gebeur, gedurende die Romeinse verhoor toe Pilatus gehoop het om hom te straf en dan vry te laat. Dus is die straf nie kort voor die kruisiging herhaal nie. Die flagellum kon en het dikwels die slagoffer doodgemaak. Dit het die vlees reg tot op die been afgeruk, met hakke en stukkie gebreekte klip wat vasgebind was aan rieme. In die Romeinse wette, anders as die Joodse wette, was daar nie 'n maksimum aantal houe nie. Dit het net afgehang van die graad van misdaad wat gepleeg is. As Jesus erg geysel is, soos voorgestel is deur beide die feit dat Hy nie sy dwarsbalk tot by Golgota kon dra nie, en dat Hy gou dood is na hulle hom gekruisig het, was Hy in groot pyn voor Hy aan die kruis vasgenaël is (Witherington 1951:305).

Johannes alleen stel voor dat die plek van kruisiging (Golgota, volgens Markus en Johannes) buite die stad geleë was deur die gebruik van die woorde "uitgegaan na". Teregstellings, sowel as die begrafnisse van die veroordeeldes, het hier plaasgevind. Johannes vertel ons spesifiek dat "die plek waar Jesus gekruisig is nie ver van die stad af is nie" (Joh. 19:20) (Robinson 1985:276).

Dit is nie duidelik of Jesus gesterf het aan 'n kruis met die vorm van 'n hoofletter "T" of 'n kleinletter "t" nie. Dit was nie die gebruik om die hele kruis na die kruisigingspunt te dra nie, maar slegs die dwarsbalk. Gewoonlik was daar ook 'n *sedecula*, 'n klein blokkie hout waarop die gekruisigde se boude kon rus, om te verhoed dat die person inmeekaarsak en sodoende is die lyding uitgerek. As die laksman haastig was, het hulle die slagoffers se bene gebreek om die dood aan te help. Jesus is egter dood voordat sulke metodes gevolg kon word (Witherington 1951:305).

Die sogenaamde titel, die plakkaat wat aan die kruis geheg is, was om die slagoffer se misdaad te vertoon. Die oudste ekstra-Bybelse bron noem dat dit eintlik 'n *tabula* was wat die slagoffer na die kruisigingspunt gedra het. Die Romeine het publieke kruisiging as 'n waarskuwing toegepas. Al het die wette dit

nie vereis nie, het hulle slegs in uitsonderlike gevalle die rede vir die kruisiging ten toon gestel (Witherington 1951:306).

Gewoonlik is 'n persoon naak gekruisig om verder verneder te word en dit kon ook die geval by Jesus gewees het. Dit is ook moontlik, volgens Joodse tradisies, dat die slagoffer toegelaat is om onderklere te dra. Volgens die Romeinse tradisie is die laksman toegelaat om die slagoffer se klere te hou (Witherington 1951:305).

Die aanbieding van mirrewyn (Markus 15:23) as 'n narkotiese drankie om die pyn te verminder, is geken uit Joodse bronne, waar daar gesê word dat gerespekteerde Joodse Jerusalemvroue dit aan die slagoffer gegee het voor sy dood. Ook die aanbieding van oxos (wynasyn) aan Jesus op die kruis was nie 'n daad van boosheid nie, maar dit was destyds 'n normale dorslessende drank wat die dagloners gedrink het (Markus 26:36). E. Stauffer het ook bewyse gelewer dat 'n sterwende man testamentêre versoeke vanaf die kruis kon maak, soos ons sien in Johannes 19 in die geval van Maria en die Geliefde Dissipel (Witherington 1951:305).

5.3.12.1 Inleiding van die kruisiging

Ondersteunende simbole wat help om die betekenis van die kruisiging oor te dra sluit baie beelde en aksies wat reeds oorweeg is in. Dit behels die motief van lig en water, die saad wat val op die grond en doodgaan, tekens soos die eerste wonderwerk in Kanaän en die voeding van die vyfduisend, en simboliese aksies soos die reiniging van die tempel en die voetwassery (Koester 1953:187).

Die Johannese kruisigingsverhaal is kompleks en bevat verskeie dimensies van betekenis. Die primêre vlak van betekenis is Christologie, en dit sal betekenisvol wees vir die bespreking van die aspekte wat meer gereeld in vroeër dele van die Evangelies gevind is:

- Die betekenis van sy dood op 'n eenvoudige menslike vlak

- Die verhouding tot die Joodse geskrifte
- Die kruisiging van Jesus
- Die kruis as verheerliking van Jesus en God (Koester 1953:187).

Al die dimensies is interafhanklik en nie een dimensie kan sonder die ander bestaan nie. Die tweede vlak van betekenis hanteer dissipelskap vanuit 'n Johannese perspektief. Dit is dissipelskap wat in die persoon en werke van Jesus gewortel is (Koester 1953:187).

Die berig van Johannes stem met die vertelling van die kruisiging, sterfte en begrafnis van die ander Evangelies ooreen. Tog is daar ook enkele afwykings deurdat hy besonderhede noem wat nie elders opgeteken is nie, byvoorbeeld dat die opskrif aan die kruis in drie tale was, dat die Jode teen die bewoording beswaar gemaak het, dat Jesus sy moeder in die sorg van Johannes toevertrou het, die spiessteek in Jesus se sy en die aandeel van Nikodemus aan die begrafnis. Hierdie besonderhede is die getuienis van 'n ooggetuie van die gebeurtenisse (Groenewald 1980:385).

Johannes se Evangelie verwys na Jesus se dood as die uur waarin Hy verheerlik is. Dit kan wees omdat dit 'n inleiding is tot sy opstanding en terugkeer na die Vader wat Hom gestuur het. Daar word drie keer in die Evangelie verwys na sy kruisiging as die gebeurtenis waar Hy van die aarde af verhoog word (Joh. 3:14; 8:28; 12:32-34). Navorsers kan nie help om te sien dat dit parallel is met die ander Evangelies waar Jesus ook drie keer sy dood voorspel (vergeelyk Mark. 8:31-32; 9:31; 10:33-34) en sonder die gebruik van die woorde verhoog word (Powell 2009:183).

Jesus se kruisiging het prosedures gevolg wat algemeen was vir publieke teregstellings. Geseling van gevangenes, die dra van hul kruis na die plek van teregstelling, die breek van hul bene en die deurboring van die liggaam van die dooie met 'n spies was alles deel van wat 'n baie groot vernedering was. Die evangelis het nie te veel uitgebrei op die gruwelikheid wat die meeste mense in

die Romeinse Ryk met die kruisiging van mense geassosieer het nie, maar hy het ook nie enige van die stappe in die gruwelike prosedure verander of uitgelaat nie. Kruisiging is regdeur die Romeinse Ryk in die publiek beoefen, met ander woorde, die prosedures was alombekend (Koester 1953:188).

Jesus het gesê dat niemand sy lewe van Hom kan wegneem nie, maar dat Hy dit uit sy eie wil neerlê (Joh. 10:18), en dat sy dood as 'n vrywillige daad beskryf word. Hy het sy kop neergebuig en sy siel oorgegee (Joh. 10:30). Die volgorde van Jesus se aksies is belangrik. Johannes sê nie dat Jesus dood is en dat sy kop toe vooroor geval het nie, maar eerder dat Hy sy kop laat sak het, 'n gebaar van onderdanigheid, en toe sy siel oorgegee het (Hengeveld 1993:n.p.).

In Johannes word die kruisiging as 'n daad van verheerliking gesien omdat dit die diepte van God se liefde vir mense en Jesus se liefde vir sy volgelinge openbaar. Hierdie konsep van die kruisiging affekteer die manier waarop Johannes die storie vertel. Jesus bly in beheer van alles; niemand neem sy lewe van Hom nie, maar Hy lê dit neer op sy eie (Johannes 10:17-18). Toe Jesus sterf, skree Hy nie uit in pyn nie, Hy roep nie uit "my God, my God waarom het u my verlaat" nie, maar sê kalm "dit is voltooi", wat beteken: "Wat Ek kom doen het is voltooi" (Powell 2009:183).

5.3.12.2 Die historiese agtergrond van die kruisiging

Die verhaal van Jesus se dood is gevorm op die basis van die Johannese Christenskap en die spesiale tradisie van die uitvloei van bloed en water uit die liggaam moet moontlik ook simbolies verstaan word. In geheel is die Johannese kruisigingsverhaal 'n paradigma van die Evangelies se siening, wat sekere historiese tradisies aanneem, insluitend Christologiese simboliese vertolkings, en daarin word sy beeld van Christus ontwikkel (Schnackenburg 1995:236).

Die storie van Jesus se dood en begrafnis is vol verskille vanuit die sinoptiese oogpunte in verband met wie die kruisbalk gedra het, wat Jesus sê, wie by die

kruis staan, die spies in die sy en die storie van die begrafnis. Simon van Sirene word nie eers genoem in die Johannese vertolking nie, moontlik omdat die vierde evangelis dit wou versterk dat Jesus in beheer van sy eie lot was. Dit was Romeinse tradisie dat die slagoffer self sy kruis moes dra (Witherington 1951:307-308).

Kruisiging is as 'n afbrekende vorm van teregstelling gesien, maar volgens die Joodse wette was dit veral gruwelik omdat 'n gekruisigde persoon onder 'n goddelike vloek geval het (Deut. 21:22-23). Die aksies van die Joodse owerhede reflekteer later in die kruisigingsverhaal hierdie begrip van die kruisiging. Hulle het later in die dag na Pilatus gegaan en gevra dat die bene van die gekruisigdes gebreek moes word en dat die liggame weggevat moes word. Hulle het dit gedoen om te keer dat die liggame aan die kruis bly hang op die Sabbat, wat teen sonder sou begin (Joh. 19:31) (Koester 1953:193).

Sekere vorms van teregstelling het toegelaat dat die slagoffer 'n sekere mate van menswaardigheid behou, maar nie die kruisiging nie. Om iemand te kruisig was om hom aan 'n boom van skande te hang (Koester 1953:190).

Daar was twee aanklagtes teen Jesus. Eerstens het die Joodse owerhede Hom as 'n rebel teen God gesien (Joh. 19:7). Die wette waarna hulle verwys was Levitikus 24:6, wat die doodstraf voorgeskryf het vir dié wat teen die Naam van God laster. Vanuit hulle perspektief is Jesus se verwysing na God as sy Vader en die gebruik van die goddelike vir Homself godslastering (Koester 1953:191).

Tweedens het hulle Jesus aan Pilatus voorgestel as 'n rebel teen Rome. Volgens Johannes 19:12 het hulle het vir hom gesê dat die verhoorverhaal Jesus verhoog en openbaar dat sy beskuldigers skuldig was aan presies die aantygings wat hulle teen Hom gemaak het. Die Evangelie wys dat Jesus nie 'n rebel teen Rome was nie, aangesien Hy tydens sy arrestasie vrywillig saam die Romeinse soldate gegaan het. Die aantygings teen Jesus in die verhoorverhaal voorsien die basis om te bevestig dat Hy gesterf het as 'n onskuldige man (Koester 1953:191-192).

Die Joodse owerhede het gesê: “Ons het ‘n wet, en volgens die wet moet hy dood omdat Hy Hom as die Seun van God voorgedoen het” (Johannes 19:7). Hierdie aantyging het oor Jesus se bediening gehang vandat Hy die man by die swembad in Bethesda gesond gemaak het. Die genesing het die Joodse wette van Sabbat oortree. Die vyandigheid teen Jesus het egter ook vererger toe Hy God sy eie Vader genoem het, wat hulle as ‘n godslasterlike poging om Hom gelyk te stel aan God gesien het (Joh. 5:16-18) (Koester 1953:193).

Die temas van lig en donker, sowel as bekende en onbekende, kom saam in die kruisiging van Jesus voor. Johannes maak ‘n doelbewuste woordspeling op die Griekse woord “om gekruisig te word”, wat ook “om opgehef te word” beteken. Soos in die ander Evangelies is die einde nie die einde nie (Mellowes 1998:n.p.).

Johannes se beskrywing van die kruisiging is baie kort aangesien mense in die antieke wêreld nie ‘n beskrywing nodig gehad het nie, omdat kruisigings nie ‘n skaars verskynsel was nie. Al het kruisigings verskillende vorms aangeneem, was dit algemeen dat ‘n slagoffer die dwarsbalk van sy kruis na die plek van die kruisiging gedra het. Soms is die slagoffer met leertoutjies aan die dwarsbalk vasgemaak, maar meestal is spykers gebruik, soos in die geval van Jesus. Die spykers was vyf tot sewe duim lank en is deur die voete en gewrigte geslaan. Die kruis is in die vorm van ‘n “X” of “T”, maar omdat die titel bo Jesus se kop vasgemaak is, weet ons die styl vir Jesus se kruis was in die vorm “t”, wat ook ‘n algemene vorm was. Die persoon is op die grond neergelê en is dan aan die dwarsbalk vasgespyker, wat dan opgehys is. Dikwels was die persoon net ‘n kort entjie bo die grond, maar die feit dat ‘n stok nodig was vir Jesus om te drink, stel voor dat sy kop hoër was as ‘n armlengte bo die mense op die grond. Die spykerwonde sou baie bloeding veroorsaak het, maar die slagoffer het gewoonlik gesterf as gevolg van versmoring. ‘n Klein stoeltjie was aan die kruis geheg, om die persoon toe te laat om in die posisie te bly waarin dit moontlik was om asem te haal, waardeur die lyding verleng is (Hengeveld 1993:n.p.).

Op die nag van sy arrestasie het die Joodse owerhede Jesus in die huis van die “hoë”-priester ondervra en hom toe na die goewerneur se paleis geneem. Die Romeinse goewerneur het Jesus ook ondervra, maar nadat hy uitgevind het dat Jesus se koningskap nie van die wêreld was nie, het hy verklaar dat Jesus onskuldig is en aangebied om hom vry te laat. Die Joodse owerhede het daarop aangedring dat ‘n gevangene genaamd Barnabas eerder vrygelaat moet word. Toe het Pilatus Jesus laat gesel (Joh. 19:1). Die term “geseling” verwys na ‘n ernstige vorm van tugtiging wat gedoen is met ‘n kort sweep wat verskeie enkel gevlegte leerriempies bevat wat aan ‘n houthandvatsel vas was. Metaalballetjies of beenfragmente was aan die bandjies vasgemaak. Met elke hou het die balletjies en been deur die slagoffer se vel en spiere geskeur, wat sy rug, boude en bene oopgeskeur het. Die tugtiging kon aanhou tot dele van die ruggraat of inwendige organe sigbaar was (Koester 1953:188).

Die Romeine het gedoen wat hulle kon om die kruisigings publiek en grusaam te maak. Dit het as afskrikingsmetode gedien. Johannes stel voor dat die titel aan die kruis ‘n vorm van getuigenis aan Israel en die wêreld was. Pilatus het onwetend hierdie aankondiging gemaak deurdat hy die titel self gekies het. Hierdie kenmerke pas in by Johannes se tema dat alles volgens God se plan uitwerk (Hengeveld 1993:n.p.).

Na die tugtiging het die soldate ‘n kroon van doringtakke gevleg en dit op sy kop geplaas en vir hom ‘n pers kleed aangetrek. Hulle het na hom toe geloop en gesê: “Heil, die Koning van die Jode!” en hom met hul hande geslaan (Joh. 19:2-3) (Koester 1953:189).

Nadat Jesus aan die laksman oorhandig is “het hy uitgegaan, met sy eie kruis wat hy gedra het, na die Plek van Koppene, wat in Hebreeus Golgota genoem is” (Joh. 19:17). Die normale prosedure was om die slagoffer te dwing om die horisontale balk van die kruis na die plek van teregstelling te dra, waar die vertikale deel van die kruis reeds in die grond was (Koester 1953:189).

Dit was die gebruik dat die veroordeelde sy eie kruis of die dwarsbalk self moes dra. Ook hierdie smaad en lyding word Jesus aangedoen. Volgens die ander Evangelies kon Hy met sy stukkende liggaam dit nie self die hele pad alleen dra nie en is Simon van Sirene gedwing om Hom te help (Groenewald 1980:386).

Die droewige optog het na 'n plek buite die stad gegaan en Johannes noem die naam daarvan in Grieks en Aramees. In albei tale beteken dit "Kopbeenplek". Die rede vir die benaming is onbekend. Sommige meen dat dit 'n heuwel was wat die vorm van 'n skedel gehad het, hoewel ons nêrens lees dat Jesus op 'n heuwel gekruisig is nie. Ander meen dat daar skedels van vorige tereggesteldes gelê het, maar dit sou strydig wees met die godsdienstige opvattinge van die Jode om mensbene te laat rondlê. Hoogstens sou ons kon aflei dat dit die gewone plek van teregstellings was (Groenewald 1980:386-387).

Dit is nie bekend hoekom die plek die Kopbeenplek genoem is nie, maar die feit dat Josef 'n graf naby gehad het, stel voor dat hierdie nie 'n plek van publieke vervolging was nie. Dit word voorgestel dat die landoppervlak die voorkoms van 'n skedel gehad het (Hengeveld 1993:n.p.).

Soos die skrywers van die ander Evangelies, gee Johannes nie besonderhede omtrent die ontsettende marteling wat die gekruisigde moes ondergaan nie. Hulle noem net die feite van die gebeurtenis (Groenewald 1980:387).

Toe hulle by die plek van teregstelling gekom het, "het hulle hom gekruisig" (Joh. 19:18). Die slagoffer is op die grond neergelê en vierkantige ysterspykers, omtrent sewe duim lank, is deur sy polse geslaan, wat hom aan die dwarsbalk vasgemaak het. Die balk is dan teen die regoppaal opgehys. 'n Houtblok, wat as 'n ru stoel moes dien, is ook vasgemaak. Die laer gedeelte van die man se lyf is na eenkant gedraai, met sy knieë gebuig en saam. 'n Derde spyker is dan deur die kant van sy voet ingedryf. Die gewig van die liggaam, opgehang deur die spykers, het vir pyn in die hande en voete van die slagoffer gesorg. Die pyn het vererger elke keer as die slagoffer beweeg het of na asem gesnak het in hierdie verdraaide posisie (Koester 1953:189-190).

Dit is bekend uit bronne dat die gekruisigde soms op die grond met spykers deur sy hande aan die dwarsbalk vasgespyker is en dan teen die reeds-staande regoppaal opgehys is. Soms is die kruis plat op die grond neergesit en die gekruisigde daaraan vasgespyker. Daarna is die kruis ingeplant. Spykers is ook deur die voete geslaan (Joh. 20:20). Geskrifte en preke brei soms breedvoerig uit oor die ontsettend wrede marteling van die kruisiging. Dit is 'n lyding wat nie maklik met woorde beskryf kan word nie. Deur geen besonderhede te verstrek nie, wil die evangelieskrywers liever die sluier oor die afskuwelike marteling trek. Die hoofsaak is dat sondige mense hierdie gruwel aan die sondelose Seun van die mens gedoen het en dat Hy dit vrywillig aanvaar het om versoening te doen vir die sonde. Hy word saam met "twee ander" gekruisig. Hulle word hier nie misdadigers genoem nie, maar die straf wat hulle opgelê is, dui daarop dat hulle geen geringe wetsoortreding begaan het nie. Deurdat Jesus in die middel tussen die twee hang, word Hy aan hulle gelykgestel asof hy 'n soortgelyke misdadiger is (Groenewald 1980:387).

Nou word uitdruklik gesê dat die soldate uitvoering gegee het aan die kruisiging en dit blyk dat daar vier van hulle was. Volkome ongevoelig teenoor die ontsettende lyding wat hulle die veroordeeldes aangedoen het, hou hulle hulle besig met die verdeling van die klere. Volgens gebruik het die soldate daarop beslag gelê. Die gekruisigdes hang naak aan die kruis. Ook hierdie vernedering word Jesus aangedoen. Soos die sondaar naak is voor God, moet Hy naak in die plek van die sondaar sterf. Die soldate wil nie die onderkleed skeur nie. Dit is aaneengewef en getuig dus van die besondere liefde van 'n vrou, moontlik sy moeder. Volgens die geskiedskrywer, Josefus, was die onderkleed van die hoëpriester aaneengewef. Indien dit die geval is, kan die verwysing na hierdie onderkleed 'n toespeling op die priesterlike amp van Jesus wees. Die soldate vermaak hulleself 'n bietjie deurdat hulle lootjies trek om te bepaal wie die onderkleed moes kry (Groenewald 1980:388).

Daar is die besigheid van die soldate wat Jesus se klere onderverdeel het, insluitend die soomlose rok wat hy gedra het. Dit was Romeinse tradisie vir die

laksman om die slagoffer se eiendom in beslag te neem. Oppervlakkig lyk dit of die soomlose rok genoem word om te verduidelik hoe dit gekom het dat die lootjies getrek is. Baie kritici het 'n dieper simboliese belangrikheid hier gesien en vinnig het die soomlose kledingstuk van Jesus 'n simboliese manier geword om te praat oor die eenheid van die wêreld, menslikheid, Jesus met sy mense en die liggaam van Jesus. Dit is die kerk, wat nie eers die heidenwêreld kon vernietig nie (Witherington 1951:308).

'n Soomlose rok was nie ongewoon onder die Jode nie, omdat 'n Jood nie toegelaat is om 'n kledingstuk te dra wat van twee verskillende soorte materiaal of van twee soorte garing gemaak is nie. Dus kon die noem van hierdie besonderhede, wat nie in die sinoptiese Evangelies gevind word nie, 'n manier wees om te beklemtoon dat Jesus 'n goeie Jood was (Witherington 1951:308-309).

Jesus se kleed, wat soomloos in een stuk geweef is, het moontlik die simbool van 'n onvernietigbare eenheid van die kerk geword, wat op die sterfte en opstanding van Jesus gebaseer is (Schnackenburg 1995:236).

Die verdeling van die gevangene se klere tussen die soldate word slegs deur die Sinoptici genoem. Dit word in meer besonderhede verduidelik in Johannes. Hy tref 'n onderskeid tussen die soomlose kleed waaroor hulle lootjies getrek het en die res van die klere wat hulle gelyk in vier verdeel het, wat toevallig openbaar dat die werk voltooi is (Robinson 1985:277-278).

Niks word gemaak van die feit dat Jesus saam met twee misdadigers gekruisig is nie. Dit word slegs vlugtig genoem in vers 18: "waar hulle Hom gekruisig het en saam met Hom twee ander, een aan elke kant en Jesus in die middel" (1933/1953 vertaling). Daar is egter 'n groot ophef gemaak van die plakkaat of titel wat op die kruis gesit is en aandui dat Jesus van Nasaret die koning van die Jode was. Die verwysing na Jesus se tuisdorp was belangrik omdat dit gesien kon word as 'n belediging vir die Judese Jode wat nie geglo het dat die Messias van Galilea af kon kom nie (Witherington 1951:308).

Johannes vertel ook dat Jesus nie alleen gekruisig is nie. Die uitdrukking wat hy gebruik is dat daar een aan elke kant van Hom gekruisig is (Joh. 19:18). Dit verskil van wat die sinoptiese Evangelies sê (Robinson 1985:277).

Johannes noem die twee ander slagoffers wat saam met Jesus gekruisig is, maar hy beskryf hulle nie volledig soos die sinoptiese evangeliste nie. Johannes noem ook nie vir Simon van Sirene, wat Jesus gehelp het om die kruis te dra nie. Hierdie vergelyking met die ander Evangelies help ons om Johannes se fokus op die weergawe te waardeer. Hy konsentreer nie op Jesus se lyding nie, behalwe sy dors net voor Hy sterf. Johannes beskryf die aktiwiteit wat om Jesus draai, waar hy wys hoe dit met die verheerliking verband hou. Terwyl Johannes ons aandag op die mense om die kruis vestig, moet ons ook nie van Hom aan die kruis vergeet nie. Dit wat nie beskryf word nie, domineer die toneel. Pilatus en die Joodse leiers baklei oor die titel. Dit was algemene praktyk dat dié wat aan die kruis gesterf het, 'n teken gedra het wat die rede vir die straf verduidelik het. Die titel wat Pilatus geskryf het, is: "Jesus van Nasaret, die Koning van die Jode". Dit het die Joodse leiers kwaad gemaak, soos hulle reaksies gedemonstreer het. Hulle het daarop aangedring dat Pilatus dit moet verander, maar Pilatus het vir die eerste keer teen hulle opgestaan (Hengeveld 1993:n.p.).

Al die Evangelies stem ooreen oor die bewoording "die Koning van die Jode" (Mark. 15:26), Lukas het "hierdie man" bygevoeg (Luk. 23:38), Matteus "Jesus" (Mat. 27:37) en Johannes "Jesus van Nasaret" (Joh. 19:19), soos die identifikasie van die gevangene tydens sy arrestasie (Joh. 18:7) (Robinson 1985:277).

'n Bordjie wat Hom as die koning van die Jode identifiseer, is bo Jesus se kop geplaas. Soos die gevangenes wat saam met Jesus gekruisig is in die son gekrul het, het die Jode Pilatus gevra dat hulle bene gebreek en hulle weggeneem moes word. Die soldate het gekom en die bene van die twee wat saam met Jesus gekruisig is, gebreek, maar toe hulle by Jesus kom, was Hy alreeds dood en het hulle nie sy bene gebreek nie (Joh. 19:31-33). Bloedverlies as gevolg van

die geseling, skok en ander faktore het die gekruisigdes na die drumpel van die dood gebring. Dood self kom wanneer die slagoffer finaal ophou asemhaal teen die drukking van die hangende liggaam wat op die borsholte neerdruk. Die proses kon verkort word deur die bene onder die knieë met 'n hamer te breek, sodat die drukking van die liggaam deur die arm- en skouerspiere alleen geabsorbeer word, wat die slagoffer se asemhaling meer beïnvloed en dan lei tot versmoring (Koester 1953:190-191).

Dit was die gebruik om die rede vir die straf van 'n gekruisigde op 'n plakkaat te skryf en dit bo-aan die kruis vas te heg. Aan hierdie besonderheid gee Pilatus persoonlik aandag en op dié wyse lewer hy ook 'n bydrae tot die vernedering van Jesus. Hy laat skrywe: "Jesus van Nasaret, die Koning van die Jode". Dus handhaaf hy die eerste beskuldiging (Joh. 18:35, 19:14) deur te volhard met die benaming "die koning van die Jode". In die mond van Pilatus is dit 'n valse beskuldiging omdat hy aan 'n aardse koning dink, maar dit pas Pilatus om die skyn te handhaaf dat hy aan die keiser getrou is deur 'n aanspraakmaker op die koningskap te laat teregstel en tegelykertyd bewys hy sy smaad vir die Jode deur Jesus aan te dui as hulle koning. Maar die weë van God is anders. Jesus sterf juis as die "Koning van die Jode", die Messias wat deur sy eie mense verwerp word (Groenewald 1980:387).

Johannes meld dat die opskrif in drie tale geskryf is. Dit is in Hebreeus, die taal van die gemeenskap, in Latyns, die taal van die Romeinse staat, sowel as in Grieks, die algemene omgangstaal van die destydse wêreld geskryf. Dus kon almal, die hele wêreld, verstaan wat geskrywe was en kon hulle kennis neem van die rede vir Jesus se sterfte. Dit is moontlik dat ons in hierdie besonderhede reeds 'n aanduiding kan vind dat die boodskap van versoening oor die taalgrense heen gedra moet word sodat die hele mensdom daarvan kan verneem (Groenewald 1980:387).

Die kruisigingstoneel begin met 'n teenstelling. Vier vroue en vier onbekende soldate word saam genoem. Die soldate het hul beloning wat hulle toegekom het

as iemand tereggestel word, reeds ontvang. Hulle het lootjies getrek vir die kledingstuk (Van Tilborg 1993:8).

Johannes vertel van die vroue wat naby die kruis gestaan het. Van die dissipels word nie melding gemaak nie omdat hulle gevlug het. Net “die dissipel vir wie Jesus lief was” is daar en, soos reeds aangedui, aanvaar ons dat Johannes bedoel word. Die vier vroue is die moeder van Jesus en haar suster, Maria die vrou van Klopas en Maria Magdalena. Die laasgenoemde word nou vir die eerste keer genoem waar sy duidelik innig aan Jesus verbonde was, soos dit ook uit die Here se verskyning aan haar blyk (Joh. 20:11) (Groenewald 1980:389).

Dit is belangrik om te noem dat een van die vroue teenwoordig by die kruisiging sy moeder is. In Johannes 19:26 staan geskrywe: “En toe Jesus sy moeder sien en dat die dissipel wat Hy liefgehad het, by haar staan, sê Hy vir sy moeder: Vrou, daar is u seun!” Hieruit is dit duidelik dat daar ook ’n man, die Geliefde Dissipel, teenwoordig was. Die leser se aandag word weer later op hom gevestig (Van Tilborg 1993:8).

Die Sinoptici beskryf die vroue by die kruis vanaf ’n afstand, maar Johannes beskryf dit van naby. Dit strook met die feit dat die Sinoptici die kruisiging vanuit die oogpunt van ’n buitestaander beskryf, terwyl Johannes dit van die oogpunt van Jesus se binnekring en van die naaste binnekring van almal, naamlik “die dissipel wat Jesus liefgehad het”, beskryf (Robinson 1985:279).

Daar is al bewys dat dit vir gekruisigdes moontlik was om ’n laaste testament van die kruis af te maak. Histories dan, kan hierdie toneel oor Jesus wat voorsiening maak vir die sekuriteit van sy moeder handel. Getrou aan sy waardes volgens Markus 3:31-35 en moontlik omdat sy broers nie in Hom geglo het nie (Joh. 7:5), het Jesus verkies om sy moeder in iemand se sorg te los wat deel is van die familie in geloof, eerder as deur sy eie fisiese familie. Selfs die frases “aanskou jou seun” en “aanskou jou moeder” pas by die taal van die Joodse familiewette, waar een persoon wetlik aan ’n ander persoon toevertrou word. Watookal die volle historiese feite oor hierdie gebeurtenis is, het die vierde evangelis die toneel

in 'n kragtige verklaring oor manlike en vroulike dissipels wat aan die voet van die kruis staan, verander (Witherington 1951:309).

Hy wys Johannes aan as die dissipel wat voortaan vir Maria 'n seun sal wees en Johannes word opdrag gegee om haar te versorg soos 'n seun sy moeder. Johannes verklaar dat daardie dissipel aan die wens van die sterwende Jesus uitvoering gegee het. Waar sy huis was, word nie gesê nie. Ons weet dat hy in Kapernaum by sy ouers gewoon het en later as apostel in Jerusalem 'n aantal jare leiding aan die gemeente gegee het. Waar hy ook al gewoon het, het hy Maria, die moeder van Jesus, getrou en liefdevol versorg (Groenewald 1980:390).

Die storie oor Jesus se moeder en die Geliefde Dissipel moet moontlik gesien word as die klimaks van die kruisigingsverhaal in hierdie Evangelie. Kritici het al baie opgemerk dat die feit dat nie een van die persone hier genoem word nie, moontlik is omdat hulle voorgestel word as paradigmas sodat die ongelowiges in die gehoor hulle voorbeeld kan volg. Daar kan ook 'n boodskap wees van die resoluë van die spanning tussen Jesus se familie en die familie van geloof. Die spanning kan in hoofstukke 2 en 7 gesien word. Die twee families word finaal in die konteks van Jesus se dood herenig (Witherington 1951:310).

Dit is van historiese belang dat die vroue wat hier genoem word in al vier die Evangelies die hoofgelowige getuies van Jesus se dood is, afgesien van die Geliefde Dissipel wat slegs in Johannes genoem word (Witherington 1951:310).

Wat duideliker is, is dat Jesus selfs op die kruis in beheer was en die werk wat sy Vader Hom gegee het, voltooi het. Hy maak voorsiening vir sy manlike en vroulike dissipels, Hy gee sy gees oor voor die soldate dit van Hom kan afvat, en dan verklaar Hy voor die Vader dat sy werk voltooi is en gebruik woorde wat gepas is in die situasie (Witherington 1951:309).

In vers 28 word ons vertel dat Jesus sê: "Ek is dors", om die skrif (Psalm 69:21) te vervul. Suur wynasyn was inderdaad 'n algemene dorslessende drank, veral

onder arbeiders. Die ongelowige leser of hoorder sou dit moontlik gesien het as 'n daad van goeheartigheid van die soldate, nie as wreedheid nie (Witherington 1951:310-311).

Die “suur wyn” was volgens sommige maar net asyn wat met water gemeng is. Dit was die gebruiklike werkersdrink. Blykbaar is 'n kan saamgeneem na die kruisiging om die dors van die gekruisigdes te les. Vir hierdie doel is 'n spons en geskikte stok of stingel ook saamgeneem sodat die vloeistof daarmee na die lippe van die slagoffer gebring kon word. Daar is heelwat gegis oor die “hisoptakkie” waarvan Johannes in hierdie verband praat, aangesien die hisop vir besprinkeling geskik is, maar beswaarlik om 'n spons vol vloeistof daarmee op te lig. Daar word egter daarop gewys dat daar meer as een soort hisopplant was waarvan sommige wel 'n bruikbare stingel gelewer het. Die ander Evangelies praat in hierdie verband van 'n stok. Moontlik wil Johannes ook hier 'n verband lê met die paaslam waarvan die bloed met 'n hisoptakkie aan die deurkosyn gesprinkel moes word ten einde die dood van die eersteling van die huis af te weer (volgens Eks. 12:22) (Groenewald 1980:390-391).

Die drink van asyn word nie net as 'n vervulling van die Skrif verstaan nie, maar ook as die finale daad waardeur Jesus sy werk voltooi het en na sy Vader gaan (Schnackenburg 1995:236).

In vers 30 word ons vertel dat Jesus sy kop neergebuig het en sy gees oorgegee het. Dit is verseker 'n verwysing na sy menslike gees, wat aandui dat Hy waarlik mens was en gesterf het (Witherington 1951:311).

Na die uitroep het Jesus sy kop “vooroor laat sak”. By geleentheid het Hy verklaar dat die Seun van die mens nie 'n plek het as “rusplek vir sy kop” nie (Mat. 8:20; Luk. 9:58). Die uitdrukking verwys na die neerlê om te gaan slaap. Johannes gebruik dieselfde uitdrukking om Jesus se sterfte te beskryf. Hy lê sy kop aan die kruis neer en dit is sy rusplek. Daar blaas Hy sy laaste asem uit. Met hierdie daad neem Hy afskeid van die lewe op aarde (Groenewald 1980: 391).

In vers 31 word ons vertel dat dit die Dag van Voorbereiding was en dat die komende Sabbat 'n feesdag was. Die Jode het gevra dat die bene van die drie aan die kruise gebreek moet word, sodat hulle nie aan die kruis gelos word gedurende die Sabbat en die groot feesdag nie. Om die bene te breek sou onmiddellike versmoring beteken. Hierdie Joodse plan is in Jesus se geval ontduik omdat Hy reeds dood was en dit nie nodig was om sy bene te breek nie (Witherington 1951:311).

Johannes meld weereens dat die kruisiging plaasgevind het op die “voorbereiding”, maar hier sê hy dat dit die dag voor die Sabbatdag was, dus die Vrydag. Hy voeg egter by dat daardie Sabbatdag “'n groot dag” was. Volgens die voorstelling in hierdie Evangelie was dit ook die voorbereiding vir die Paasfees. Die Sabbat was dus “groot” omdat dit ook die Paasfees sou wees, of, volgens die mening van ander op grond van die datering in die ander Evangelies, omdat dit die Sabbat in die Paasweek was. In elk geval was dit 'n Vrydag. Die Jode wat die reg verdraai het om Jesus te laat kruisig, is nou daarop gesteld dat die bepaling van die wet (Deut. 21:22-23) gehandhaaf moet word. As iemand aan 'n paal opgehang is, moet die lyk nog dieselfde dag begrawe word. Daarteenoor het die Romeine so 'n gekruisigde dae lank aan die kruis laat hang om as waarskuwing vir die bevolking te dien. Om hierdie rede vra die leiers van die Jode vir Pilatus dat die gekruisigdes se dood versnel moet word deurdat hulle bene gebreek word. In so 'n geval is die bene met 'n swaar hamer vergruis en die lyding ontsettend verskerp, met die gevolg dat die slagoffer gouer gesterf het. Pilatus gee toestemming dat hierdie marteling die ongelukkiges aangedoen mag word en dat hulle na die dood van die kruise afgehaal moet word (Groenewald 1980:392).

Op die Joodse kalender is 'n dag van sonder tot sonder en daarom is die laaste maaltyd op die Donderdagaand en Jesus se kruisiging op die Vrydagmiddag. Altwee val op dieselfde dag. In Johannes was hierdie dag die 14de Nisan in die Joodse kalender. Dit is die middag waarop die Paasfeesoferandes in die tempel geoffer is en dit is ook geken as die dag van

Vorbereiding. Die Paasmaal self sou op die Vrydagaand (in terme van die Joodse kalender die volgende dag), wat ook die Sabbat was, geëet word. In die sinoptiese weergawe, is die laaste maaltyd 'n Paasmaal en daarom moes Jesus se verhoor en kruisiging gedurende die nag en die volgende middag van die fees, die 15de Nisan, plaasvind. Ten gunste van sinoptiese kronologie is dat die vroegste Christelike tradisies wat verband hou met die laaste maaltyd in die eerste brief van Paulus aan die Korintiërs genoem word. Daar is 'n duidelike verbintenis tussen die kruisiging van Jesus, die laaste maaltyd en die Paaslam. Ten gunste van Johannes se kronologie is die universele moderne navorsers dit eens dat die sinoptiese weergawe van 'n formele verhoor voor die Sanhedrin op 'n feesdag histories onmoontlik is. In kontras hiermee is 'n informele ondersoek deur die hoëpriester en sy trawante, soos vertel deur Johannes, histories moontlik in 'n noodgeval op die dag voor die fees, en stem ooreen met die eksterne bewyse van Rabbinic-bronne dat Jesus op die Dag van Voorbereiding vir die Paasfees gesterf het (Wikipedia 2014g:para. 66).

Moontlik as 'n finale daad om seker te maak dat Jesus dood is, word daar 'n spies in sy sy gesteek. Dit is 'n feit dat dit anatomies moontlik is vir bloed en helder vloeistof om uit die liggaam van 'n persoon wat onlangs gesterf het te spuit. Hierdie daad was belangrik vir die evangelis, omdat hy hard probeer het om daarop aan te dring dat hierdie daad gesien is. Hierdie daad was belangrik omdat dit bewys het dat Jesus nie 'n verskyning was nie, maar ten volle menslik was. Daar kan gesien word dat die noem van bloed en water ook 'n simboliese betekenis gehad het. Die bloed simboliseer sy lewe wat uitstroom in dood en die water simboliseer die lewe wat Jesus aan sy volgelinge gee. Omdat dit die Evangelie met die ewige lewe as die hooftema is, en Jesus as sy onmisbare bron beskou word, is dit nie verbasend dat die outeur beklemtoon dat hierdie daad waargeneem is en ook 'n vervulling is van Skrif volgens God se Plan is nie (Witherington 1951:311).

Toe hulle sien dat Jesus dood is, "het een van die soldate sy sy gesteek met 'n spies en met eens het daar bloed en water uitgevloei" (Joh. 19:34). Die soldaat

het waarskynlik die metaalpunt van die spies in Jesus se lyk gedruk om te verseker dat Hy regtig dood was. Die bloed wat uit die wond van die slap figuur aan die kruis vloei, demonstreer die menslike realiteit van die dood. Vanaf die geseling tot die dood, vertel die kruisigingsverhaal van die teregstelling van die man Jesus volgens 'n proses wat bekend was vir sy brutaliteit, maar deur dit so te doen, stel dit die raamwerk van verwysing wat help om hulle betekenis te daar openbaar (Koester 1953:191).

Die soldate het egter gevind dat Jesus reeds dood was. Daarom het hulle nie sy bene gebreek nie. Deur hulle optrede bevestig hulle dat Hy werklik gesterf het, maar om heeltemal seker te maak, steek een van hulle sy spies in Jesus se sy. Onmiddellik het daar bloed en water uitgekom. Daar is in die verlede baie verklarings aangebied van hoe die uitvloei van bloed en water moontlik was en wat die simboliese betekenis daarvan kan wees. Dit was 'n bewys aan die soldate en vir die ooggetuie (Johannes) dat Jesus werklik gesterf het en nie maar net 'n skyndood ingegaan het nie (Groenewald 1980:392-393).

Soos R. Michaels, aangehaal deur Witherington (1951) uitwys, is daar vier vignettes in vers 23-37:

1. Die episode met die vier Romeinse soldate (Joh. 19:23-24): ²³*En toe die soldate Jesus gekruisig het, neem hulle sy klere en maak vier dele, vir elke soldaat 'n deel, en die onderkleed; maar die onderkleed was sonder naat, van bo af in een stuk gewewe.* ²⁴*En hulle het vir mekaar gesê: Hulle het my klere onder mekaar verdeel en oor my gewaad het hulle die lot gewerp. Dit het die soldate dan gedoen* (Witherington 1951:308).
2. Jesus en die mense by die kruis (Joh. 19:25-27): ²⁵*En by die kruis van Jesus het gestaan sy moeder en sy moeder se suster, Maria, die vrou van Klopas, en Maria Magdalena.* ²⁶*En toe Jesus sy moeder sien en die dissipel wat Hy liefgehad het, wat by haar staan, sê Hy vir sy moeder: Vrou, daar is u seun!* ²⁷*Daarop sê Hy vir die dissipel: Daar is jou moeder! En van daardie uur af het die dissipel haar in sy huis geneem* (Witherington 1951:308).

3. Jesus alleen (Joh. 19:28-30): ²⁸ *Hierna, omdat Hy geweet het dat alles al volbring was - sodat die Skrif vervul sou word - het Jesus gesê: Ek het dors!* ²⁹ *En daar het 'n kan vol asyn gestaan; en hulle het 'n spons met asyn gevul en op 'n hisopstingel gesit en aan sy mond gebring.* ³⁰ *En toe Jesus die asyn geneem het, sê Hy: Dit is volbring! En Hy het sy hoof gebuig en die gees gegee* (Witherington 1951:308).
4. Die uiteinde van die getuies (Joh. 19:31-37): ³¹ *En sodat die liggame nie op die Sabbat aan die kruis sou bly nie, aangesien dit die voorbereiding was - want die dag van daardie Sabbat was groot - het die Jode Pilatus gevra dat hulle bene gebreek en hulle weggeneem moes word.* ³² *Die soldate het toe gekom en die bene van die eerste een gebreek en van die ander een wat saam met Hom gekruisig was;* ³³ *maar toe hulle by Jesus kom en sien dat Hy al dood was, het hulle sy bene nie gebreek nie.* ³⁴ *Maar een van die soldate het met 'n spies in sy sy gesteek, en dadelik het daar bloed en water uitgekome.* ³⁵ *En hy wat dit gesien het, het dit getuig, en sy getuienis is waaragtig; en hy weet dat hy die waarheid spreek, sodat julle kan glo.* ³⁶ *Want hierdie dinge het gebeur, dat die Skrif vervul sou word: Geen been van Hom sal gebreek word nie.* ³⁷ *En weer sê 'n ander Skrif: Hulle sal sien in wie hulle gesteek het* (Witherington 1951:308).

Drie van die vier episodes word beklemtoon met die bewerings dat hulle skrif vervul. Die mees aanvaarde rede hiervoor is, dat in die sendingsdokumente aan die Jode, sowel as aan die heidinne is 'n beskerming aan die einde van Jesus se lewe as noodsaaklik gesien. Dit moes wys dat wat met Jesus gebeur het in lyn was met die goddelike plan, soos openbaar is deur die heilige geskrifte. Dus het die moeilikste en skandaligste aspekte van die storie die meeste skriftelike gronde gekry. Slegs die episode oor Maria en die Geliefde Dissipel onder die kruis kry nie dieselfde aandag nie (Witherington 1951:308).

Die apostel se getuienis word deur die uitsprake van profete gerugsteun. Die Skrif moes vervul word. Dit gebeur deurdat Jesus se bene nie gebreek word nie

en deurdat die spies in sy sy gesteeek word. Die eerste Skrifwoord kan na die Paaslam verwys waarvan gesê word dat sy bene nie gebreek moet word nie (Eks. 12:46; Num. 9:12). In daardie geval vind Johannes ook in hierdie gebeurtenis, wat net hy opgeteken het, 'n bewys dat Jesus die ware Lam van God is (Groenewald 1980:393).

5.3.12.3 Simboliek in die Evangelie van Johannes

Jesus as offerlam

Slegs die vierde Evangelie maak die uitspraak: “aanskou die Lam van God, wat die sonde van die wêreld wegneem” (Joh. 1:29; 36). Vir dogma en liturgie is Jesus die Lam van God wat toelaat dat Hy gewillig na slagting gelei word. Daarom word sy dood aan die kruis as 'n opofferende dood gekarakteriseer (Den Heyer 1997:102-103).

Hierdie naam van Jesus word slegs aan Hom gegee deur Johannes die Doper (Joh. 1:29; 1:34). Navorsers stel voor dat Jesus, wat soos 'n lam ter slagting gelei word, die persoon is van wie daar gesê word dat Hy die sonde van baie gaan dra (Jes. 53:7;12) (Edwards 2003:69).

Een manier om hierdie Evangelie se kenmerkendheid te eer, is deur te konsentreer op die unieke Johannese elemente in die storie, byvoorbeeld die beklemtoning van Jesus wat sterf as die Paaslam, soos gesinspeel deur die noem dat sy bene nie gebreek is nie (Eks. 12:46, Num. 9:12), sowel as die feit dat Hy dood is op die dag wat die Paaslam geslag word. Ons sien 'n gereelde tema deur die Evangelie wat demonstreer dat Jesus die instansies van Judaïsme met Homself vervang het (Witherington 1951:313).

Die dag voor die Paasfees is wanneer al die lammers geslag word en almal na die tempel gaan om hulle 'n lam vir die Paasmaal te kry. Paasfees sou die volgende dag om 18:00 met 'n aandete begin. In Jerusalem het dit beteken dat daar duisende lamme op een slag geslag is. In Johannes is dit die dag waarop

Jesus gekruisig is. So verloop die dramatiese gebeure in Johannes waar Jesus op die kruis hang terwyl die lammers vir Paasfees geslag word. Johannes se Evangelie forseer ons om aan Jesus as die Paaslam te dink. Jesus eet nie die Paasmaal nie, maar Hy is die Paasmaal, ten minste in die Christelike denke in die manier waarop Johannes die storie vertel. Alreeds teen die jaar 200, word Johannes se Evangelie die spirituele Evangelie genoem omdat dit die storie van Jesus op 'n ander simboliese manier as die sinoptiese Evangelies beskryf (Mellowes 1998:n.p.).

Die tema van die Lam van God, die Paasfees-simbool, kom egter in die hele Evangelie van Johannes voor. Die toneel waar dit vir die eerste keer in die storie voorkom, is waar Hy na Johannes die Doper gaan om gedoop te word. Wanneer Jesus verskyn, sien Johannes Hom en sê: “Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!” (Joh. 1:29). Dus draai die hele storie om die tema dat Jesus die Lam van God is. En dis natuurlik hierdie soort simboliek wat dominant word in die Christelike teologiese tradisies (Mellowes 1998:n.p.).

Die vloeï van bloed en water

Vroeër in die Evangelie nooi Jesus diegene wat dors is – die vrou by die put, die skare in Galilea en die aanbidders in Jerusalem (Joh. 4:13; 6:35; 7:37) – om na Hom toe te kom om te kom drink. Aan die kruis sê Hy: “Ek is dors” en met hierdie woorde plaas Hy Homself in die plek van dié wat Hy gehelp het. Dit was Jesus wat dors was en wat die fontein van Lewende Water was. Sy geskenk is nie sonder koste gegee nie, Hy het lewe gegee aan ander presies teen die koste van sy eie lewe. Die spies wat Jesus se sy deurboor het, demonstreer dat Hy dood was, maar die water openbaar dat selfs in die dood was Hy die bron van lewe (Koester 1953:183).

In Christologie, kan verskeie dele van betekenis in die oproeping van kommentaar oor die vloeï van water geïdentifiseer word:

- Die water help om die reinigende effek van Jesus se dood oor te dra. Die verband tussen water, reiniging en Jesus se dood is vroeër in die

Evangelie vasgestel. Johannes se praktyk om mense met water te doop wys die mense na die Lam van God wat die wêreld se sonde kom wegvat en die mense kom reinig deur die doop met die Heilige Gees (Joh. 1:29-34) (Koester 1953:182).

- Die water bevestig dat Jesus die Profeet en Messias is. Vroeër in die verhaal ontmoet Jesus 'n vrou by Jakob se put gedurende die sesde uur (Joh. 4:6; Joh. 19:14). Jesus het aan die vrou water gebied, wat ewige lewe tot volg het. As 'n profeet het Jesus die koms van aanbidding in die Gees en waarheid voorspel. Die vrou het later begryp dat Hy haar al hierdie dinge vertel, iets wat sy van die Messias verwag het (Joh. 4:26-29). Jesus het geprofeteer dat lewende water vanuit sy liggaam sal vloei, wat die menigte gesien het as die merk van die profeet en Messias. Die geskifte sê dat die mense die ware profeet sal herken wanneer die woorde wat hy gespreek het, waar word (Deut. 18:22) en die water wat uit Jesus se sy gevloei het, het sy woorde vervul. Dit bewys dat Hy die profeet was wat deur God gestuur is. Die gebruik van water as 'n simbool vir die Gees, saam met die verwysing van die Messiasskap in gesprekke oor lewende water, help lesers verstaan dat die water uit Jesus se sy 'n addisionele bevestiging is dat Hy Christus is (Koester 1953:182).
- Water help om Jesus se goddelikheid vas te stel. Johannes het aangekondig dat Jesus met die Heilige Gees gedoop sou word, 'n daad wat die geskifte en Joodse tradisies verwag het God self sal doen. Die herhaling van die uitnodiging om die lewende water te ontvang, eggo Bybelse skrifte wat mense nooi om by God te kom drink. Dit identifiseer God self, of die stad en tempel waar God as die bron van lewende water voorgestel is (Jes. 55:1; Jer. 2:13; Sag. 14:8; Eseg. 47:1; Joh. 7:37-39). Die gekruisigde en opgestane liggaam van Jesus was die tempel van God (Joh. 2:21) en Hy sal die Gees op sy dissipels blaas soos God eens sy Gees oor die eerste mens geblaas het (Joh. 20:22; Gen 2:7). Die water wat uit Jesus se sy vloei, is 'n teken van die opstandingsgeskenk van die

Gees in die hart van die kruisiging, openbaar die krag en teenwoordigheid van God in die dood of sy Seun (Koester 1953:182-183).

Die Johannese weergawe van die kruisiging sê dat Jesus veroordeel was om kort na twaalfuur te sterf. Hangende aan die kruis, sê die Een wat ander nooi om te kom drink: “Ek is dors” (Joh. 19:28). Regdeur die Evangelie het Jesus se volgelinge aanhoudend geredeneer dat Jesus ‘n mens was (Joh. 5:18; 10:33; 19:7) en die bloed wat uit die wond in sy sy uitloop, het bevestig dat Hy inderdaad mens was. Die verskyning van water is meer merkwaardig. Die fisiese realiteit van dood was duidelik, maar die Evangelis se taak was om wat die dood beteken, te verduidelik (Koester 1953:181).

In die kruisigingstoneel, soos vroeër in die Evangelie, word water met die openbaring van die Gees geassosieer. Die openbaring se belangrikheid van die water word gereflekteer in die Evangelis se empatieke verklaring dat hy die waarheid gepraat het toe hy gesê het dat Jesus se wond water sowel as bloed voortgebring het en dat hy getuig sodat die lesers kan glo (Joh. 19:35). Die teks laat mens ook verstaan dat water gekonnekteer, maar nie gelykgestel moet word aan die Gees nie. Vroeër in die Evangelie belowe Jesus dat die “lewende water” wat die Gees voorstel, sal “vloei uit sy hart” of “maag” (Joh. 7:37-39), en die water uit sy wond bevestig hierdie belofte. Dit identifiseer die gekruisigde Jesus as die bron van die Gees (Koester 1953:181).

Die doel van die kruisiging

Die glorie van God word ten volle in die lyding en dood van Jesus openbaar. Die merke van sy geseling, die slae van die hamer op die spykers wat deur sy gewrigte gedryf is en die bloed wat uit sy sy drup, is ‘n tasbare manier waarop die kruisiging die uitstekende glorie van God in die ryk van die menslike ervaring openbaar (Koester 1953:185).

Die Evangelieskrywer staar die ontsagwekkende uitdaging in die gesig deur te wys dat dit presies was deur te sterf dat Jesus God se krag openbaar en vir ewig

regeer as Christus. Die moeilikheid om die krag van God te begryp word gemanifesteer in die dood van Jesus wat regdeur die Evangelie duidelik is (Koester 1953:186).

Aanskou die man

Die kruisiging van Jesus is op 'n fundamentele manier die verhaal van een man se dood. Die menslike realiteit word openbaar in Jesus se ontmoeting met Pilatus, die Romeinse goewerneur. Gedurende die ondervraging het Pilatus Jesus ge gesel en gekroon en hom toe vertoon aan die skare met die woorde: “aanskou die Man!” (Joh. 19:5). Dit wat Pilatus gesê het, het bewys dat Jesus die man was. Die figuur wat die kroon op sy kop gedra het en ook gebloei het onder Pilatus se geseling, word ook later die Koning van die Jode en Seun van God genoem in die vertelling— titels wat belangrike fasette van sy identiteit openbaar (Koester 1953:187).

Pilatus se uitlating “Aanskou die man!” word geraam deur die verklarings dat Jesus onskuldig was. Voor en nadat Hy Hom as “die Man” aan die skare voorgestel het, het hy sy uitspraak gelewer: “Ek vind Hom onskuldig” (Joh. 19:4-6). Op 'n eenvoudige menslike vlak maak die kruisigingsverhaal dit duidelik dat wat Pilatus gesê het, waar is: Jesus het as 'n onskuldige man gesterf (Koester 1953:191).

Vervulling van skrif

Die Johannese weerspieëling van die kruisiging poog om die oordeel om te keer deur te wys dat Jesus gesterf het om die wil van God te gehoorsaam, nie om dit teen te staan nie. Voor sy dood het Jesus Homself as die goeie skaapwagter wat sy lewe vir sy skape sal neerlê, geïdentifiseer (Joh. 10:18) (Koester 1953:193-194).

Vroeër in die Evangelie word Skrif as getuienis vir die waarheid van Jesus se aantygings aangehaal. Die kruisigingsverhaal in die Evangelie van Johannes stem ooreen met die gebeurtenisse van Jesus se kruisiging in skrifte uit die Ou

Testament om te bewys dat Jesus se dood en sy gehoorsaamheid die wil van God openbaar (Koester 1953:194).

5.3.13 Tema van die Evangelie van Johannes

Sleuteldoktrines in die Evangelie van Johannes:

- Menswording: Jesus is beide menslik en goddelik, God in menslike vorm.
- Verlossing en geloof: Mense kan gered word en die ewige lewe kry as hulle glo in Jesus as Redder en Heer.
- Verdoemenis: Mense wat Jesus se aanbod van verlossing weier, sal veroordeel word.
- Opstanding: Jesus het krag oor die dood. Hy het Lasarus uit die dood lewend gemaak en het self uit die dood opgestaan.
- Christologie: God se plan vir die eeue kry sy bestaan in die persoon en werke van Jesus. Hy is 'n antwoord op die mense se behoeftes en verlange.
- Die Heilige Gees: Jesus se diskoerse in die bokamer sluit in een van die belangrikste Nuwe Testamentiese gedeeltes oor die persoon en werk van die Heilige Gees (Ryken, Ryken & Wilhoit 2005:464-465).

'n Belangrike tema van hierdie Evangelie is dat Jesus die universele redder is. Hierdie tema word herhaal in die Evangelie deur die beklemtoning van Jesus as die Koning van die Jode in al die hoof tale in die deel van die rykdom – die wetlike taal van die heersers (Latyns), die *lingua franca* van die ryk (Grieks), en die heilige taal van die Jode (Hebreeus). Hierdie tema kan ook gesien word in die feit dat die twee hoof figure nie name het nie, maar eenvoudig net 'n vrou en 'n geliefde manlike dissipel genome word, en moontlik die nuwe menslikheid wat deur Jesus vanaf die kruis geskep is, verteenwoordig (Witherington 1951:313).

Johannes beskryf die lewe wat Jesus offer as 'n huidige, deurlopende lewe. Ewige lewe sluit in hoeveel hede – dit is vir ewig, maar ook kwaliteit – dit is in oorfloed. Dit is nie net 'n versekering teen die dood nie, maar 'n lewe wat ons hier en nou moet geniet. Die temas van lewe en geloof is derhalwe die draaipunt

van Johannes se algehele doel. Lewe is die einde waaroor hy skryf – dat sy lesers ‘n lewe kan hê – waar geloof die manier is om hierdie lewe te hê. As ons aangaan om te glo, gaan ons aan om lewe te hê (Pawson 2007:895-896).

Die storie het ook ‘n verenigende verloop van tyd. Die sentrale konflik is tussen die gelowiges en ongelowiges as mense wat op Jesus se roep na geloof in hom reageer. In hierdie drama van die siel se keuse, sien ons individue wat met geloof of verwerping reageer. Nog ‘n verenigende patroon is die koppel van gebeure en diskoerse met mekaar deur die boek, daarom is dit moontlik om ‘n konneksie tussen die diskoerse van Jesus en die gebeure te kan raaksien (Ryken, Ryken & Wilhoit 2005:464).

Johannes se Evangelie beklemtoon die vraag: In wat glo ons? Of meer spesifiek: In wie glo ons? Orals waar ons kyk, kry ons mense wat óf glo in Jesus as Redder, óf nie in Hom glo nie. Johannes self vertel ons aan die einde van die Evangelie dat hy sy inligting so gekies het dat ons kan aanhou glo in Jesus, (“Maar hierdie wondertekens is beskrywe sodat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God, en sodat julle deur te glo, in sy Naam die lewe kan hê” Joh. 20:31). Ons moet die Evangelie van Johannes lees in die gees wat hy dit vir ons aanbied (Ryken, Ryken & Wilhoit 2005:462).

Die rolverdeling van die karakters help om die storie wat Johannes vertel te verenig. In die middel is Jesus en daar is drie ooreenstemmende tipes informasie: Jesus se daade, Jesus se instruksies en mense se reaksie op Jesus. Agter Jesus is die dissipels, dan die religieuse leiers en, aan die buiterand, die skare mense (Ryken, Ryken & Wilhoit 2005:462).

Die plekke waar die belangrikste gebeurtenisse plaasvind is Jerusalem, die platteland van Palestina, Samaria, Bethanië en Galilea. Terwyl Johannes se Evangelie vir ons ‘n verskeidenheid karakters gee, staan net ‘n paar van hulle uit. Die karakters wat die duidelikste uitstaan is Jesus, Johannes die Doper, die Geliefde Dissipel, die dissipels as ‘n groep, Petrus en Thomas as individuele

dissipels, Nikodemus, die Samaritaanse vrou, Maria, Marta, Lasarus, Pilatus en Maria Magdalena (Ryken, Ryken & Wilhoit 2005:464).

5.4 Gevolgtrekking

Deur na die bogenoemde te kyk, kan daar gesien word dat die simboliek wat Matthias Grünewald gebruik het in die skilder van die Isenheim-altaarstuk sterk na vore kom in die Evangelie van Johannes.

Baie van die simboliek wat as belangrik beskou word in die Christelike geloof kom uit die Evangelie van Johannes.

Daar is ook groot verskille tussen die sinoptiese Evangelies (Matteus, Markus en Lukas) en die Evangelie van Johannes. Daar is al bewys dat Matteus en Lukas die boek Markus as 'n bron vir hulle Evangelies gebruik het,terwyl Johannes anders was, selfs met bewoording soos wonderwerke waarna hy verwys as tekens. Hieruit kan dit ook gesien word dat wat vir een persoon belangrik is, nie noodwendig belangrik is vir 'n ander nie.

Dit is baie moeilik om vas te stel wie presies Johannes geskryf het, aangesien dit nie duidelik in die Evangelie vir die lesers gesê word nie. Wat wel moontlik is, is die feit dat die dissipel Johannes nie die een was wat al die gebeurtenisse neergeskryf het nie, maar wel 'n getuie was van alles wat gebeur het en die stories aan ander mense oorvertel het. Die skrywer van die boek was dus moontlik 'n volgeling van die dissipel Johannes.

Dit kon ook moontlik gewees het dat iemand anders onder die naam van Johannes die boek geskryf het om dit meer outoriteit te gee.

Uit die skrifverwysing kan daar ook gesien word dat Matthias Grünewald die boek van Johannes as die bron vir sy skildery van die kruisigingstoneel vir die Isenheim-altaarstuk gebruik het. Hy is die enigste evangelis wat praat oor die

twee vrouens wat by die kruis gestaan het en ook melding maak van Johannes (die Geliefde Dissipel) by die kruis. Hy is ook die enigste een wat sê dat Jesus sy kop laat sak het en toe gesterf het. Van die simboliek wat Matthias Grünewald gebruik het, is ook net in die Evangelie van Johannes te sien.

Soos reeds in die hoofstuk gewys is, probeer die skrywer van die Evangelie van Johannes om Johannes die Doper se beeld te verander, van 'n verheerlikte na die beeld van 'n gewone mens. Dit pas in by Grünewald se woorde op die Isenheim-altaarstuk: Hy moet vermeerder en ek moet verminder.

Hoofstuk 6: Slot

6.1 Inleiding

Hierdie studie is begin om vas te stel watter moontlike bron die skilder Matthias Grünewald vir die skilder van die kruisigingstoneel van die Isenheim-altaarstukgebruik het. Daar is ook gekyk na die lewe en werke van Grünewald. Die navorsing lig die oorsprong van hierdie kunswerk uit, wat meebring dat 'n groter insig oor die werk gegee word. Daar word gepoog om die volgende doelwitte te beantwoord:

- Om 'n oorsig van die lewe en werke van Grünewald te gee;
- om die kruisigingstoneel te ontleed;
- om die siekte ergotisme te verduidelik; en
- om te probeer vasstel watter Bybelteks Grünewald vir die skilder van die kruisigingstoneel gebruik het.

6.2 Gevolgtrekking

Die gevolgtrekking kan aan die einde van elke hoofstuk gesien word. Ter opsomming kan daar gesê word dat die omgewingsfaktore van 'n skilder se lewensomstandighede 'n baie belangrike rol in die interpretasie van die Bybel as bron vir die skilder van godsdienstige kunste gespeel het.

In Hoofstuk 2 is daar gepoog om 'n oorsig te gee oor die lewe en werke van Matthias Grünewald. Hier is dit duidelik gemaak dat Grünewald 'n persoon was wat ongesiens deur die lewe gegaan het. Dit is duidelik dat die Isenheim-altaarstuk as een van Grünewald se bekendste werke bekend is. Daar is ook genoem dat daar twee moontlike invloede in sy lewe, naamlik Martin Luther en die heilige Bridget van Swede was, alhoewel dit lyk of Luther se invloed meer was as dié van die heilige Bridget.

Hoofstuk 3 se doel was om die Isenheim-altaarstuk en, meer spesifiek, die kruisigingstoneel te ontleed. Die altaarstuk is geskilder om pasiënte in die Antonitiese klooster te bemoedig, aangesien hulle verskeie velsiektes gehad het. Baie was ongeletterd en kon dus nie lees nie. Die Jesusfiguur is geskilder met sere op sy lyf uit simpatie met die pasiënte.

Die doel van Hoofstuk 4 was om die siekte ergotisme te bestudeer. Ergotisme, ook bekend as “die heilige Antonius se vuur”, was ’n ernstige siekte wat baie mense laat sterf het as gevolg van onkunde oor die siekte. Hierdie siekte het ’n groot invloed op die skilder van die Jesusfiguur gehad.

Hoofstuk 5 is die belangrikste hoofstuk, aangesien dit die navorsingsvraagstuk beantwoord (watter moontlike bron Grünewald vir die skilder van die altaarstuk gebruik het). Na aanleiding van die navorsing wat gedoen is, is daar voorgestel dat die moontlike bron die Evangelie van Johannes kon gewees het, as gevolg van klein bewysstukke soos Jesus wat sy kop neerbuig en dat Hy as die Lam van God voorgestel word.

6.3 Voorstelle vir verdere navorsing

Hierdie navorsing is baie uniek, aangesien daar nie baie bronne beskikbaar is oor die moontlike bron wat Grünewald vir die skilder van die kruisigingstoneel van die Isenheim-altaarstuk gebruik het nie. Die navorsing wat hier gedoen is, maak deure oop vir verdere navorsing wat op hierdie gebied gedoen kan word.

Verdere navorsing kan op die volgende gebiede gedoen word:

- Die invloed van Martin Luther se werk op Grünewald se lewe;
- die siekte ergotisme;
- Johannes en eksterne invloede op die skryf van die boek; en
- ’n vergelyking tussen Grünewald en Albrecht Dürer se werke (verduideliking hoekom hulle werke verwar is)

6.4 Die studie se beperkings

Hierdie studie het as gevolg van die navorsingsmetodiek beperkings wat in ag geneem moet word.

Taal was 'n groot beperking van die studie. Baie van die bronne was slegs in Duits beskikbaar. Die bronne in Afrikaans en Engels was weer baie vaag in terme van hulle inligting oor Grünewald en die Isenheim-altaarstuk. Dit wys dat die navorsing wat hier gedoen is 'n belangrike bydrae tot hierdie studieveld lewer.

Omdat Grünewald se werke aan die verkeerde persoon (Albrecht Dürer) toegeken is, is daar min inligting oor sy lewe beskikbaar.

6.5 Gevolgtrekking

Hierdie studie was baie insiggewend, aangesien Jesus se kruisiging 'n baie belangrike rol in die Christelike geloof speel. Na die navorsing gedoen is, kan die navorser met waarskynlikheid sê dat die navorsing die navorsingsvraagstuk beantwoord het. Die gebruik van die Bybel as bron om skilderye te skilder is vir eeue lank 'n gebruik gewees.

Bibliografie

- ANTROPOSOPHY 2007. *Grünewald, Matthias*, afgetrek
19/07/2008, <http://www.antroposophy.org.nz/Sections/Medical/Grünewald.htm>
- ARNASON HH 1988. *A history of modern art*, London: Thames & Hudson Ltd
- ARNOLD CE 2002. *Zondervan Illustrated Bible Backgrounds Commentary*,
Michigan: Zondervan
- BARTON J 2010. *The Bible: The basics*, Routledge Taylor & Francis Group:
London and New York
- BECKETT W 1994. *The story of painting*, London: Dorling Kindersley Limited
- BLOMBERG CL 2007. *The historical reliability of the Gospels*, 2nd edition.
Illinois: Intervarsity Press Downers Grove
- BROWN JAC 1971. *Pears medical encyclopedia*, London: Pelham Books Limited
- BURKHARD A 1976. *Matthias Grünewald*, New York: Hocker Art Books
- CARR-GOMM S 2009. *The secret language of art: the illustrated decoder of
symbols and figures in Western paintings*, London: Duncan Baird
- CASU S, FRANCI E & FRANCI A 2004. *The Great Masters of European Art*,
Italy: SCALA
- CHILVERS I; OSBORNE H; FARR D 1994. *The Oxford dictionary of art*, Great
Britain: Oxford University Press
- CULPEPPER RA 1983. *Anatomy of the fourth Gospel*. Philadelphia: Fortress
Press

CULPEPPER RA 1997. *The plot of John's Story of Jesus, Gospel interpretation narrative-critical and scientific approaches*. Edited by JD Kingsbury, Harrisburg: Trinity Press International

DE COSTA C 2002. *St Anthony's fire and living ligatures: a short history of ergotism*, *The Lancet*, vol 359, 18 May 2002, pp 1768 – 1770, afgetrek: 24/03/2013, http://www.absentis.org/ergotism/de_costa_2002.pdf

DEN HEYER CJ 1997. *Jesus and the doctrine of the atonement*, Pennsylvania: Trinity Press International

DILLENBERGER J 1986. *A Theology of artistic sensibilities: the visual arts and the church*, New York: Crossroads

DRURY J 2002. *Painting the Word*, New Haven and London: Yale University Press

DUNDER n.d. *Matthias Grünewald*, afgetrek 18/04/2014, <http://www.museumsyndicate.com/artist.php?artist=464>

EDWARDS R 2003, *Discovering John*, Cornwall: MPG Books Ltd

ENCYCLOPEDIA BRITANNICA 2013. *Renaissance art*, afgetrek 07/05/2014, www.global.britannica.com/EBchecked/topic/497788/Renaissance-art

EUROWEB n.d. *Grünewald, Matthias*, afgetrek 19/07/2008, <http://www.gallery.euroweb.hu/bio/g/grunewal/biograph.html>

EUROWEB n.d. *The Crucifixion by Grünewald, Matthias*, afgetrek 19/07/2008, <http://www.gallery.euroweb.hu/html/g/grunewal/2isenhei/1view/1view1c.html>

EXUM JC 1998. *Beyond the Biblical horizon: The Bible and the arts*, Leiden-Boston-Koln: Brill

FAMILIE-STUDIEBYBEL 1986, *Die Familie-studiebybel: Drie vertalings*, Kaap: Olyfberg uitgewers

GLAZER G; MYERS KA; DAVIES ER 1966. Ergot poisoning, *Postgraduate Medical Journal*, vol 42 (562), p 1-8, afgetrek 31/03/2013,
www.pmj.bmj.com/content/42/491/562

GOMBRICH EH Dr 1958. *Kuns deur die eeue*, Kaapstad: AA Balkema

GREGORY C 1985. *The great artists, their lives, words and inspiration*, no 37,
London: Marshall Cavendish Ltd

GROENEWALD EP 1980. *Die Evangelie van Johannes*, Kaapstad: N.G. Kerk
uitgewers

HENGEVELD N n.d., *John 19 – IVP New Testament commentaries*, afgetrek
18/04/2014 [http://www.biblegateway.com/resources/commentaries/IVP-
NT/John/Jesus-Is-Crucified](http://www.biblegateway.com/resources/commentaries/IVP-NT/John/Jesus-Is-Crucified)

HODGE N & ANSON L 1996. *The A-Z of art*, Dubai: Carlton

HOLM E 1697. *Duitser kuns*, S.l: s.n

KOESTER CR 1953. *Symbolism in the fourth Gospel: meaning, mystery,
community*. Minneapolis: Fortress Press

KRÉN E, MARX D 1996c, *Grünewald Matthias*, afgetrek 29/10/2014,
www.wga.hu/frames-e.html?/bio/g/grunewal/biograph.html

KRÉN E; MARX D 1996, *Grünewald Matthias*, afgetrek 18/04/2014,
<http://www.wga.hu/html/g/grunewal/2isenhei/index.html>

KRÉN E; MARX D 1996a, *Grünewald Matthias*, afgetrek 18/04/2014,
<http://www.wga.hu/bio/g/grunewal/biograph.html>

KRÉN E; MARX D 1996b, *Grünewald Matthias*, afgetrek 18/04/2014,
<http://www.wga.hu/html/g/grunewal/2isenhei/1view/1view1c.html>

LEE MR, 2009. The history of ergot of rye (*Claviceps purpurea*) 1: From antiquity to 1900, *JR Coll Physicians Edinb*, May 2009, p 179-184, afgetrek 31/03/2013, www.rcpe.ac.uk/journal/issue/journal_39_2/lee.pdf

MALYON J n.d., *Artist by movement: Gothic Art*, afgetrek 18/07/2014, <http://www.artcyclopedia.com/history/gothic.html>

MCMAHON M 2014. *What is an Altar?*, afgetrek 07/05/2014, www.wisegeek.com/what-is-an-altar.htm

MEDICINENET 2002. *St. Anthony's Fire – ergotism*, afgetrek 18/04/2014, <http://www.medicinenet.com/script/main/art.asp?articlekey=14891>

MEDICINENET.COM 2012. *Definition of ergotism*, afgetrek 07/05/2014, www.medterms.com/script/main/art.asp?articlekey=14928

MELLOWES M 1998. *The Gospel of John*, afgetrek 18/04/2014, <http://www.pbs.org/wgbh/pages/frontline/shows/religion/story/mmjohn.html>

MONICK E 1993. *Evil, sexuality, and disease in Grünewald's Body of Christ*, Dallas: Spring Publications

MORGAN D 1998. *Visual Piety, a history and theory of popular religious images*, USA: University of California Press

MURRAY L; MURRAY P 2004. *Oxford dictionary of Christian Art*. New York: Oxford University Press

MYERS BS ed 1956. *Encyclopedia of painting*, London: Hutchinson

MYERS BS; Copplestone T ed 1990. *The History of Art*, London: Hamlyn Publishing Group

PAWSON D, 2007. *Unlocking the Bible, a unique overview of the whole Bible*, London: HarperCollinsPublishers

PIOCH N 2002. *Mathias Grünewald*, afgetrek 18/04/2014,
<http://www.ibiblio.org/wm/paint/auth/Grünewald>

POWELL MA 2009. *Introducing the New Testament: A historical, literary and theological survey*. Michigan: BakerAcademic

QUESTIA 1998, *Grünewald, Mathias*, afgetrek 18/04/2014,
http://www.questia.com/library/encyclopedia/grunewal_mathias.jsp

REUMANN J 1991. *Variety and unity in New Testament thought*. Oxford: Oxford University Press

ROBINSON J 2011. *Characteristics of classical, medieval and renaissance art*, afgetrek 07/05/2014,
www.teachers.saschina.org/jamesrobinson/2011/05/05/characteristics-of-classical-medieval-and-renaissance-art/

ROBINSON JAT 1985. *The priority of John*, London: SCM Press Ltd

RUSKIN A 1965. *The Patheon story of art*, London: Heinemann

RYKEN L; RYKEN P; WILHOIT J 2005. *Ryken's Bible handbook*, Illinois: Tyndale House Publishers

SAEROBLINCA 2008, *What is meant by diachronic and synchronic approaches. Give examples?* afgetrek 06/05/2014,
<https://answers.yahoo.com/question/index?qid=20080625033158AAAD0DY>

SCHIFF PL 2006. Teachers' topics. Ergot and Its Alkoloids, *American Journal of Pharmaceutical Education*, vol 70(5) Article 98, p 1-10, afgetrek 30/03/2013,
<http://www.archive.ajpe.org/aj7005/aj700598/aj700598.pdf>

SCHNACKENBURG R 1995. *Jesus in the Gospels: A Biblical Christology*, Kentucky: Westminster John Knox Press

SCHOLZ UMU 1972. *Grünewald Heilige Heelkuns*, Pretoria

SMITH BD n.d., *The Gospel of John*, afgetrek 18/04/2014,
<http://www.abu.nb.ca/courses/NTIntro/John.htm>

SMITH DM 1995. *New Testament Theology: The Theology of the Gospel of John*, Cambridge: Cambridge University Press

THOMSON WAR 1971. *Black's medical dictionary*, London: Adam & Charles Black

UNIVERSITY OF WASHINGTON n.d. *Definition of synchronic*, afgetrek 06/05/2014, <http://faculty.washington.edu/cbebler/glossary/diachron.html>

VAN DER WATT JG 2007. *An introduction to the Johanine Gospel and letters*, London; New York: T&T Clark

VAN TILBORG S 1993. *Imaginative Love in John*, Netherlands: E.J. Brill, Leiden

VILADESAU R 2006. *The beauty of the Cross*, New York: Oxford University Press

WHITE LM 1998. *The Gospel of John*, afgetrek 18/04/2014,
<http://www.pbs.org/wgbh/pages/frontline/shows/religion/story/john.html>

WIKI 2014. *What is an altarpiece* afgetrek 29/10/2014,
www.answers.com/Q/What_is_an_altarpiece

WIKIPEDIA 2014. *Isenheim*, afgetrek 18/04/2014,
<http://www.en.wikipedia.org/wiki/Isenheim>

WIKIPEDIA 2014a, *Altar*, afgetrek 07/05/2014, www.en.wikipedia.org/wiki/Altar

WIKIPEDIA 2014b. *Isenheim Altarpiece*, afgetrek 18/04/2014,
http://www.en.wikipedia.org/wiki/Isenheim_Altarpiece

WIKIPEDIA 2014c. *Religious art*, afgetrek 07/05/2014,
www.en.wikipedia.org/wiki/Religious_art

WIKIPEDIA 2014d. *Ergotism*, afgetrek 07/05/2014,
www.en.wikipedia.org/wiki/Ergotism

WIKIPEDIA 2014e. *Synoptic Gospels*, afgetrek 06/07/2014,
http://www.en.wikipedia.org/wiki/Synoptic_Gospel

WIKIPEDIA 2014f. *Altarpiece*, afgetrek 18/04/2014,
<http://www.en.wikipedia.org/wiki/Altarpiece>

WIKIPEDIA 2014g. *Gospel of John*, afgetrek 18/04/2014,
http://www.en.wikipedia.org/wiki/Gospel_of_John

WIKIPEDIA n.d. *What is an altarpiece*, afgetrek 18/04/2014,
http://www.wiki.answers.com/Q/What_is_an_altarpiece

WILLIAMSON B 2004. *Christian Art, a very short introduction*, Great Britain:
Oxford University Press

WITHERINGTON B 1951. *John's Wisdom a commentary on the fourth Gospel*,
Louisville: Westminster